

Kodewisseling in Afrikaans-Nederlandse kinders se spraak

M Rabé

 [**https://orcid.org/0000-0002-1506-8791**](https://orcid.org/0000-0002-1506-8791)

Verhandeling aanvaar ter nakoming van die vereistes vir die graad
[Magister Artium in Linguistiek en Literêre Teorie](#) aan die
Noordwes-Universiteit

Studieleier: Me. R.C. Brink

Medestudieleier: Prof. G.B. van Huyssteen

Gradeplegtigheid: Desember 2021

Studentenommer: 25901834

“One language sets you in a corridor for life. Two languages open every door along the way.”

– Frank Smith

Dankbetuigings

~ Ere zij God ~

My dankbetuigings begin by my Almagtige Vader. Dankie vir die wilskrag, uithouvermoë en talente wat U aan my toegerus het. U liefde en genade vergesel my nog my hele lewe, en hierdie studie is geen uitsondering nie.

Benewens die lof aan my Almagtige Vader, sou die afhandeling van hierdie verhandeling nie moontlik gewees het sonder die liefde en ondersteuning van talle wonderlike mense in my lewe nie. Ek wil graag die volgende persone en instansies wat my gehelp het om talle hindernisse te oorkom en uiteindelik die suksesvolle voltooiing van hierdie studie te bereik, hartlik bedank:

- * Baie dankie aan my hoofstudieleier – Nina Brink. Dankie dat jy in my en hierdie studie geglo het toe dit nog net 'n vaag omskrewe idee was. Dankie ook vir jou volgehoue moedversterking, aansporing en motivering gedurende die afgelope twee en 'n half jaar. Ek is innig dankbaar vir jou geduld en entoesiasme gedurende hierdie tyd, ten spyte van vele uitdagings. Ek is bly dat ek en jy jou eerste studieleidingservaring saam kon aanpak. Dankie dat jy 'n mentor en bowenal 'n vriendin vir my is. Jy is en sal altyd 'n persoon wees na wie ek opkyk.
- * My medestudieleier – prof. Gerhard van Huyssteen. Dankie dat jy al van die twyfelagtige begindae af ingestem het om deel van hierdie studie te wees. Jou passie vir taalkunde is aansteeklik, en by jou het ek geleer dat enige iets moontlik is, indien jy bereid is om hard genoeg daarvoor te werk. Jy het my ook geleer dat mens nooit moet skik vir enige iets behalwe die beste nie. Dankie vir ons konstruktiewe debatte. Dankie ook dat jy ingewikkelde konsepte op 'n verteerbare wyse aan my verduidelik het en dat daar altyd tyd is vir 'n grappie.
- * Baie dankie aan my ouers vir die onwrikbare geloof in my.

Dankbetuigings

- * Danielle, dankie vir al die morele ondersteuning en hulp met Excel. Dankie dat ek my liefde vir hierdie studie met jou kon deel, selfs al het jy nie altyd heeltemal verstaan waaroor dit gaan nie. Ek is innig dankbaar vir jou aandeel in my lewe.
- * Baie dankie aan die Vakgroep Afrikaans en Nederlands op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU), in besonder al die dosente wat my sedert 2015 onderrig en ondersteun.
- * Baie dankie aan al my kollegas by die NWU. Ek wil spesiaal dankie sê vir my kollegas van die Skryfsentrum en Vakgroepe Akademiese Geletterdheid en Taalpraktyk op die Potchefstroomkampus, by uitstek DJ, Kristien, Laurinda, Mariska en Zander. Julle onbaatsugtige liefde, opbeuring en bemoediging in moeilike tye het bygedra tot die suksesvolle afhandeling van hierdie studie. Dankie ook dat julle bereid was om vir my in te staan in tye waar dit net nie vir my moontlik was om daar te wees nie. Julle is kosbaar.
- * Dankie aan my nuwe Solidariteit Helpende Hand- en Maroela Media-families vir julle onuitroeibare ondersteuning die afgelope ruk.
- * Dankie aan prof. Bertus van Rooy wat as kritiese leser vir gedeeltes van hierdie studie opgetree het. Dankie vir die waardevolle insette, opbouende kritiek en voorstelle.
- * Herculene, dankie dat jy altyd 'n klankbord is. Dankie dat jy, ten spyte van jou besige skedule, gedurig bereid was om te luister as ek my navorsing en frustrasies met iemand wou deel. Jy is dierbaar.
- * Benito, baie dankie dat jy gehelp het om die data vir die studie te kontroleer, asook vir jou sinvolle insette en geduldige oor.
- * Baie dankie aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) vir hulle finansiële ondersteuning wat hierdie studie moontlik gemaak het. Menings of gevolgtrekkings in hierdie verhandeling is egter my eie en kan nie aan die SAAWK toegeskryf word nie.

Dankbetuigings

- * Baie dankie aan die Departement Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) vir hulle finansiële ondersteuning wat hierdie studie moontlik gemaak het. Menings of gevolgtrekkings in hierdie verhandeling is egter my eie en kan nie aan die DKK toegeskryf word nie.

- * Baie dankie aan die NWU, in besonder die Fakulteit Geesteswetenskappe en die navorsingsfokusarea Understanding and Processing Language in Complex Settings (UPSET), vir hulle finansiële ondersteuning wat die afronding en voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het. Menings of gevolgtrekkings in hierdie verhandeling is egter my eie en kan nie aan die NWU toegeskryf word nie.

Monique Rabé

Potchefstroom, 2021

Opsomming en sleutelsterme

Kodewisseling in Afrikaans-Nederlandse kinders se spraak

Daar bestaan oor die algemeen nog min navorsing oor die wyse waarop tweetalige kinders hul eerste tale verwerf. Hierdie proses – waartydens kinders twee tale gelyktydig van geboorte af verwerf – staan bekend as tweetalige eerstetaalverwerwing (TETV). Insgelyks bestaan daar min navorsing oor die verskillende taalverskynsels, soos kodewisseling, wat opgemerk kan word wanneer kinders twee nouverwante tale terselfdertyd verwerf. Kodewisseling is nog nie ondersoek in 'n studie wat Afrikaans-Nederlandse kinders as respondente betrek nie, en hierdie studie wil dus daardie gaping vul.

Ten einde die kodewisseling van hierdie groep te beskryf, is die taaldata van agt voorskoolse kinders tussen die ouderdomme 2;3 en 6;4 wat in Suid-Afrika Afrikaans-Nederlands grootgemaak word, ingesamel en geanaliseer. Die data-insameling is gedoen deur gebruik te maak van die ouerverslagmetode, en die data-insamelingsperiode het in totaal ongeveer twee maande geduur. 123 uitings is in totaal vir die studie geanaliseer.

Die navorsing is binne Steffen Höder (2014a) se diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG) aangepak, aangesien dit 'n raamwerk verskaf waarbinne meertalige konstruksies geanaliseer kan word. DiaKxG is op die algemene beginsels van tradisionele konstruksiegrammatikabenaderings (KxG-benaderings) gebaseer, maar is spesifiek geskik om konstruksies wat uit 'n verskeidenheid taalkontaksituasies voortspruit, te analiseer. Soos deur Höder (2014a:138) uitgewys, en deur Boas en Höder (2018:37) en Coleman (2018:146) beaam is, het taalkontakfenomene in onlangse jare nog net die aandag van 'n klein aantal konstruksiegrammatici getrek. In werklikheid het dit eintlik ook perifere status in prominente grammatikale benaderings. Omdat taalkontak(fenomene) egter 'n alomteenwoordige deel van die samelewing is (Boas & Höder, 2018:5), kan dit nie by grammatikale benaderings uitgesluit word nie. Vanuit hierdie perspektief is DiaKxG gekonseptualiseer.

Opsomming en sleutel terme

Die hoofidee wat deur DiaKxG voorgestel word, is dat 'n meertalige spreker se grammatika, oftewel konstruktikon, uit twee tipes konstruksies bestaan, te wete idiokonstruksies en diakonstruksies (Höder, 2012, 2014a, 2018). Hierdie konstruksies verwys onderskeidelik na die konstruksies wat eie aan 'n spesifieke taal is (idiokonstruksies), en die konstruksies wat die gemeenskaplikhede of oorvleueling tussen die verskillende tale vasvang (diakonstruksies). 'n Diakonstruksie is dus 'n vorm-betekenis-passing waarin invloede van twee (of meer) tale sigbaar is. 'n Eerste stap in die vorming van 'n diakonstruksie behels 'n kognitiewe proses van intertaalidentifikasie waardeur twee (of meer) korresponderende idiokonstruksies met mekaar geassosieer word. Daarna word die vormlike en/of betekenissooreenkomste van die onderskeie idiokonstruksies geabstraheer tot 'n skematiese konstruksie deur 'n proses van veralgemening. Laastens word die diakonstruksie in die meertalige spreker se konstruktikon gevestig.

In die huidige studie is bevind dat die kodewisseling van die voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse korrespondente meestal voorbeelde van (morfo)leksikale intrasinkodewisseling is (d.i. die wisseling van woorde van een taal na 'n ander binne dieselfde frase of sin). Hierdie leksikale vervanging het naamwoorde meer as enige ander woordsoort geaffekteer, gevolg deur werkwoorde. Voorts is daar ook aangetoon dat die meerderheid van die konstruksies wat kodewisseling bevat, in Afrikaans gestruktureer is – dit beteken dat Afrikaanse leksikale items meestal met Nederlandse leksikale items vervang is. As gevolg van die groot woordeskatooorvleueling tussen Afrikaans en Nederlands, is nie-identiese kognate (d.i. woordvorme wat etimologies verwant is, maar waarvan die vorm op 'n sistematiese wyse verskil) meer as die ander tipes kognate, te wete nonkognate en valse vriende, vervang.

Trefwoorde

Afrikaans, diasistematiese konstruksiegrammatika, Nederlands, nouerwante tale, kodewisseling, konstruksiegrammatika, taalkontak, taalverwerwing, tweetalige eerstetaalverwerwing,

Abstract and keywords

Code-switching among Afrikaans-Dutch bilingual children

Little research has been done on the way in which bilingual children acquire their first languages. This process – during which children acquire two languages simultaneously from birth – is known as bilingual first language acquisition (BFLA). Similarly, there is little research on the different language phenomena, such as code-switching, that can be observed when children acquire two closely related languages at once. Code-switching has not yet been investigated in a study involving Afrikaans-Dutch participants. Consequently, this study aimed to address this gap.

To describe the code-switching in the speech of the group mentioned above, novel language data of eight preschool children between the ages of 2;3 and 6;4 who are raised bilingually in Afrikaans and Dutch in South Africa were collected and analysed. The parent-report method was employed to collect the data, and the data collection period lasted approximately two months. In aggregate, 123 utterances containing code-switching were analysed for the study.

The study was undertaken within Steffen Höder's (2014a) Diasystematic Construction Grammar (DCxG) because it provides a framework within which multilingual constructions can be analysed. DCxG is based on the general principles of traditional construction grammar (CxG) approaches but is specifically suited for analysing constructions that emerge from various language contact situations. As pointed out by Höder (2014a:138) and corroborated by Boas and Höder (2018:37) and Coleman (2018:146), language contact phenomena have only attracted the attention of a small number of construction grammarians in recent years. In fact, it also has a largely marginal status in prominent grammatical approaches. However, because of the ubiquitous nature of language contact phenomena (Boas & Höder, 2018:5), it cannot be excluded from grammatical approaches. From this perspective, DCxG was conceptualised.

The main idea purported by DCxG is that a multilingual speaker's grammar consists of two different types of constructions, namely idioconstructions and diaconstructions (Höder, 2012,

Abstract and keywords

2014a, 2018). These constructions respectively refer to the constructions that are unique to a specific language (idioconstructions) and the constructions that capture the overlap or similarities of the different languages (diaconstructions). Thus, a diaconstruction is a form-meaning mapping representing the mutual influence of the two (or more) languages on each other. Firstly, diaconstructions are formed by a cognitive process in which a multilingual speaker makes an interlingual identification between two (or more) corresponding idioconstructions. After that, the similarities in form and/or meaning of the respective idioconstructions are abstracted to a schematic construction through a process of generalisation. Finally, the diaconstruction is entrenched in the multilingual speaker's grammar.

The current study determined that the code-switching of the preschool, Afrikaans-Dutch participants mainly consists of intra-sentential code-switches (i.e., shifts that happen from one language or language variety to another in the middle of a word, phrase, or sentence) that take place on the (morfo-)lexical level. It was established that code-switching on the lexical level affects nouns more than any other part of speech, while verbs were affected the second most of all word classes. Furthermore, it was indicated that most of the constructions containing code-switching are structured in Afrikaans, with Afrikaans lexical items frequently being replaced with those from Dutch. Because of the overlap between Afrikaans and Dutch, these lexical items were mostly non-identical cognates (i.e., words that are etymologically related in Afrikaans and Dutch, but that differ graphemically) followed by the other two types of cognates that were identified, viz. non-cognates and false friends.

Keywords

Afrikaans, bilingual first language acquisition, closely related languages, code-switching, construction grammar, Diasystematic Construction Grammar, Dutch, language acquisition, language contact

Tshobokanyo le mafoko a konokono

Go Bua Seaforikanse le Se-Dutch mo Seeleng se le Sengwe ga Bana ba ba kgonang Dipuo

Tseno ka Bobedi

Go dirilwe patlisisonyana ka ga tsela e bana ba ba kgonang dipuo tse pedi ba ithutang dipuogae tsa bone ka yone . Thulaganyo eno – eo ka nako ya yone bana ba ithutang dipuo tse pedi ka nako e le nngwe go tloga ka nako ya fa ba sena go belegwa – e bidiwa go ithuta dipuogae tse pedi (bilingual first language acquisition [BFLA]). Ka tsela e e tshwanang, go dirilwe patlisisonyana e nngwe gape ka boemo jo bongwe bo sele jwa puo, jaaka go bua dipuo tse di fetang e le nngwe mo seeleng se le sengwe, jo bo kgonang go elwa tlhoko fa bana ba ba kgonang go bua dipuo tse pedi (segolobogolo ba ba kgonang dipuo tse di atamalaneng thata tsa Sejeremane) ba kgona go ithuta dipuo tse pedi ka nako e le nngwe. Boemo jono (go bua dipuo tse di fetang e le nngwe mo seeleng se le sengwe) ga bo ise bo sekasekwe mo patlisisong e e amanang le bananyana ba ba tsenang keretšhe, ba ba buang Seafaorikans le Se-Dutch. Kwa bofelong, patlisiso eno ke go tswala pharologanyo eno.

Go tlhalosa kgang ya go bua dipuo tse pedi mo seeleng se le sengwe mo puong ya setlhopha se se umakilweng fa godimo, tshedimosetso ya puo e ntšha ya bana ba le robedi ba ba iseng ba tsene sekolo ba ba fa gare ga dingwaga di le 2;3 le 6;4 ba ba godisiwang mo Aforika Borwa ba buisiwa dipuo di le pedi e leng Seaforikanse le Se-Dutch e ne ya kokoanngwa ya sekasekwa. Go ne ga dirisiwa mokgwa wa go ntsha pego wa batsadi go kokoanya tshedimosetso ka one, mme lobaka lwa go kokoanya tshedimosetso lo tsere lobala lwa dikgwedi di le pedi. Palogotlhe ya dikarolwana tsa 123 tsa go bua dipuo tse pedi mo seeleng se le sengwe di sekasekwa mo patlisisong.

Mo kgopolong e e amanang le seno sotlhe, Tiriso e e tlwaelegileng ya Thutapuo ya ga Steffen Höder's (2014a) (DCxG) e ne ya dirisiwa ka gonne e tlamela ka thulaganyo e ka yone go ka sekasekwang dipopego tsa bopuontsi. DCxG e theilwe mo melaometheong-kakaretso ya mekgwa e e tlwaelegileng ya go aga thutapuo (CxG) mme e diretswe ka mo go kgethegileng

Tshobokanyo le mafoko a konokono

go sekaseka dipopego-puo tse di nnang teng fa go buisanwa ka dipuo tse di farologaneng. Jaaka fa Höder (2014a:138) a ile a tlhalosa mme ntlha ya gagwe ya netefadiwa ke Boas le Höder (2018:37), le ke Coleman (2018:146), tiragalo ya go buisana ka puo e ngokile mogoplo wa palo e nnye ya baagi ba thutapuo mo dingwageng tsa bosheng jaana. Tota e bile, e nnye thata fa e bapisiwa le mekgwa e e tumileng ya go aga dipopego-puo. Le fa go ntse jalo, ka ntlha ya gore (tiragalo) ya go buisana ka puo e fitlhelwa gongwe le gongwe (Boas & Höder, 2018:5), ga e ka ke ya kgaphelwa kwa thoko fa re tla mo kgannyeng ya tiriso ya dipopego-puo. Ka ntlha ya lebaka leno, DCxG e ne ya tlhamiwa.

Kgopolo-kgolo e e bulelwang ke DCxG ke gore popego-puo ya motho yo o buang dipuo tse dintsi, o bua dipuo tse di nang le dipopego tse di farologaneng, e leng dipopego-puo tse di nang le diane le dipopego-puo tsa thutapuo fela e e tlwaelegileng (Höder, 2012, 2014a, 2018). Nngwe le nngwe ya dipopego-puo tseno e lebesitse go dipopego-puo tse di sa tshwaneng le tsa dipuo tse dingwe (popego ya diane) ke dipopego-puo tse di nang le ditshwani mme dipuo e le tse di farologaneng (popego e e tlwaelegileng ya thutapuo). Ka jalo, popego e e tlwaelegileng ya thutapuo e emela tsela e dipuo tse pedi (kgotsa go feta), e nngwe e amang e nngwe ka gone. Sa ntlha, dipopego tse di tlwaelegileng tsa thutapuo di bopiwa ke mekgwa wa go dirisa tlhaloganyo – mekgwa o mo go one motho yo o buwang dipuontsi a kgonang go tlaola dipopego tse di tlwaelegileng tsa dipopegopuo mo gare ga dipuo tse di farologaneng tse pedi (kgotsa go feta) tse di nang le popego ya diane. Morago ga moo, Ditshwani tsa popego-puo le/kgotsa bokao jwa seane sengwe le sengwe bo simolola go utlwala sentle ka kakaretso. Kwa bofelong, popego e e tlwaelegileng ya thutapuo e tlhaga mo teng ga dipopego-puo tsa fa motho a bua dipuontsi.

Patlisiso ya ga jaana e ile ya bontsha gore go bua dipuo tse di fetang e le nngwe mo seeleng se le sengwe ga bana ba ba tsenang keretšhe, ba ba buang Seaforikanse le Se-Dutch gantsi ke mekgwa wa go bua dipuontsi (ke gore, go tlogela puo e nngwe o bo o bua e nngwe e sele mo gare ga lefoko, polelwana, kgotsa seele) ka tiriso ya mafoko (le ya dipopi). Go ne ga netefadiwa gore go tlogela lefoko o bo o dirisa la puo e nngwe le sele mo teng ga seele go ama maina a ditlhopha tse dingwe tsa puo fela thata. Setlhopha sa maina se se neng sa amega thata go feta ditlhopha tse dingwe tsa maina ke sa madiri. Mo godimo ga moo, go ne ga supiswa gore bontsi jwa dipopego-puo tse mo go tsone motho a tlogelang lefoko a boa dirisa la puo e nngwe e sele

Tshobokanyo le mafoko a konokono

mo gare ga seele ke tsa Seaforikanse, mme mareo a Seaforikanse gantsi a emisediwa ka a Se-Dutch. Ka ntlha ya go tsamaisana ga mareo a Seaforikanse le a Se-Dutch, mareo ano gantsi e ne e le a a tshwanang mme a sena motswedi o o tshwanang (ke gore, mafoko a motswedi wa one o tshwanang mo puong ya Seaforikanse le Se-Dutch, mme a farologana thata fa re tla mo kgannyeng ya thulaganyo e a dirisiwang ka yone le mokwalo wa one wa seatla) Gape mefuta e mebedi ya mareo e tshwailweng ke mafoko a e seng a motswedi wa one o tshwanang le mafoko a a bidiwang ditsala tsa maaka.

Mafoko a konokono

Seaforikanse, go ithuta puogae ka go bua dipuo tse pedi ka nako e le nngwe, dipuo tse di atamalaneng thata, go tlogela puo e nngwe o bo o bua e nngwe e sele mo gare ga lefoko, popego ya thutapuo, popego e e tlwaelegileng ya thutapuo, Se-Dutch, go ithuta puo, go buisana ka puo

Inhoudsopgawe

DANKBETUIGINGS	I
OPSOMMING EN SLEUTEL TERME	IV
ABSTRACT AND KEYWORDS	VI
TSHOBOKANYO LE MAFOKO A KONOKONO	VIII
INHOUDSOPGAWE	XI
LYS TABELLE	XVI
LYS FIGURE	XVII
LYS AFKORTINGS, SIMBOLE EN TIPOGRAFIESE KONVENSIES	XVIII
HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN KONTEKSTUALISERING	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Literatuuroorsig	1
1.2.1 Tweetaligheid en tweetalige eerstetaalverwerwing	2
1.2.2 Kodewisseling en kodewisselingsnavorsing	4
1.2.3 Konstruksiegrammatika en diasistematiese konstruksiegrammatika	7

1.3	Probleemstelling	9
1.4	Navorsingsvrae	10
1.5	Navorsingsdoelstellings	10
1.6	Metode van ondersoek.....	11
1.6.1	Navorsingsontwerp: kwalitatiewe studie.....	11
1.6.2	Korrespondente en ondersoekgroep.....	12
1.6.3	Ouerverslagmetode en data-insameling.....	13
1.6.4	Data-analise	14
1.6.5	Etiese aspekte en oorwegings.....	15
1.7	Hoofstukuiteensetting	16
HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG EN TEORETIESE RAAMWERK		18
2.1	Inleiding	18
2.2	Literatuuroorsig: tweetaligheid en kodewisseling	18
2.2.1	Tersaaklike sleutel terme	19
2.2.1.1	Taalverwerwingsterminologie.....	19
2.2.1.2	Kodewisselingsterminologie	24
2.2.2	Navorsing oor tweetalige eerstetaalverwerwing met kodewisseling as fokus ..	27
2.2.2.1	Eentaalsisteemhipotese teenoor multitaalsisteemhipotese	28
2.2.2.2	Taalkombinasies.....	31

2.2.3	Myers-Scotton se tradisionele kodewisselingsmodelle	32
2.2.3.1	Gemarkeerdheids-, MLF- en 4-M-modelle	33
2.2.3.2	Probleme met die gebruik van Myers-Scotton se kodewisselingsmodelle	35
2.3	Teoretiese raamwerk: 'n kognitiewe benadering tot die ondersoek van tweektalige eerstetaalverwerwing	38
2.3.1	Kognitiewe linguistiek en konstruksiegrammatika	38
2.3.2	Diasistematiese konstruksiegrammatika.....	46
2.3.2.1	Teoretiese vertrekpunte van die diasistematiese konstruksiegrammatika	47
2.3.2.1.1.	Idiokonstruksies en diakonstruksies	47
2.3.2.1.2.	Diasistematiese konstruksionalisering	51
2.3.2.2	Diasistematiese konstruksiegrammatika as beskrywingsraamwerk	54
2.4	Hoofstuksamevatting	57
HOOFSTUK 3: DATA-INSAMELING EN -VERWERKING		59
3.1	Inleiding	59
3.2	Navorsingspopulasie	59
3.3	Data-insameling	65
3.4	Dataverwerking	69
3.4.1	Datavaslegging en -organisering.....	69
3.4.2	Skoonmaak van data	71
3.4.3	Datanormalisering	74

3.4.4	Data-annotering	76
3.5	Hoofstuksamevatting	82
HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE EN -BESPREKING		83
4.1	Inleiding	83
4.2	Ontleding van die gebruiksebaseerde data	83
4.2.1	Leksikale vervanging	84
4.2.1.1	Vervanging met nie-identiese kognate	89
4.2.1.2	Vervanging met nonkognate.....	94
4.2.1.3	Vervanging met valse vriende.....	99
4.2.1.4	Idiomatiese taalgebruik / segswyse.....	102
4.2.2	Sintaktiese vervanging.....	102
4.3	Hoofstuksamevatting en diakonstruksienetwerk.....	105
HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN TOEKOMSTIGE NAVORSING.....		107
5.1	Inleiding	107
5.2	Wat behels die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders?	108
5.3	Watter insig(te) bied DiaKxG vir die analise en beskrywing van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders se kodewisseling?	111
5.4	Toekomstige navorsingsmoontlikhede.....	113

BRONNELYS.....	116
TWEETALIGE WOORDELYS	139
BYLAE A: DAGBOEKINSKRYWINGSFORMAAT	145
BYLAE B: VRAELYS	147
BYLAE C: INLIGTINGSBLAD EN INGELIGTETOESTEMMINGSBRIEF	152

Lys tabelle

Tabel 1: Afrikaanse voorbeelde van konstruksies op verskillende vlakke van abstraktheid....	45
Tabel 2: Korrespondente vir die studie	64
Tabel 3: Respondente vir die studie	64
Tabel 4: Getal gebruiksepisodes tydens korpusversameling	72
Tabel 5: Samevatting van grammatikale kategorieë.....	84
Tabel 6: Getal gebruiksepisodes per korrespondent per matrikstaal.....	86
Tabel 7: Leksikale vervanging per woordsoortkategorie	88

Lys figure

Figuur 1: Vorm-betekenis-struktuur van 'n konstruksie (aangepas uit Croft, 2001)	43
Figuur 2: Idiokonstruksies en diakonstruksies (aangepas uit Höder, 2014c:219).....	48
Figuur 3: Voorbeeld van 'n diakonstruksie en idiokonstruksies in 'n diakonstruktikon (aangepas uit Höder, 2018:44).....	50
Figuur 4: Diasistematiese konstruksionalisering	54
Figuur 5: Voorbeeld van Excel-spreiblad tydens die datavasleggings- en -organiseringsfase.	70
Figuur 6: Visuele voorstelling van getal gebruiksepisodes per respondent	74
Figuur 7: Samevatting van leksikale vervanging.....	85
Figuur 8: Konstruksienetwerk van [schaak spelen].....	93
Figuur 9: Konstruksienetwerk van [bobbejanen].....	97
Figuur 10: Konstruksienetwerk van [dogtertje].....	100
Figuur 11: Diakonstruksienetwerk van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders	106

Lys afkortings, simbole en tipografiese konvensies

Afkortings en simbole

Afkorting/simbool	Term
ADJ	adjektief / byvoeglike naamwoord (<i>adjective</i>)
Afr.	Afrikaans
CMPD	kompositum (<i>compound</i>)
DiaKxG	diasistematiese konstruksiegrammatika (<i>diasystematic construction grammar</i>)
DIM	diminutief/verkleining (<i>diminutive</i>)
EOET	een-ouer-een-taal(-reël) (<i>one-parent-one-language (rule)</i>)
IK	identiese kognaat (<i>identical cognate</i>)
INF	infinitief (<i>infinitive</i>)
IT	ingebedde taal (<i>embedded language</i>)
KG	kognitiewe grammatika (<i>cognitive grammar</i>)
KKxG	kognitiewe konstruksiegrammatika (<i>cognitive construction grammar</i>)

Lys afkortings, simbole en tipografiese konvensies

KL	kognitiewe linguistiek (<i>cognitive linguistics</i>)
KxG	konstruksiegrammatika (<i>construction grammar</i>)
MT	matrikstaal (<i>matrix language</i>)
MTT	minderheidstaal tuis (<i>minority language at home</i>)
N	naamwoord/nomen (<i>noun</i>)
Ndl.	Nederlands (<i>Dutch</i>)
NEG	negativering (<i>negation</i>)
NIK	nie-identiese kognaat (<i>non-identical cognate</i>)
NK	nonkognaat (<i>non-cognate</i>)
NP	naamwoordelike frase (<i>noun phrase</i>)
PL	pluralis/meervoud (<i>plural</i>)
RKxG	radikale konstruksiegrammatika (<i>radical construction grammar</i>)
SUF	suffigering (<i>suffixation</i>)
T1	eerste taal (<i>first language</i>)
T2	tweede taal (<i>second language</i>)
TETV	tweetalige eerstetaalverwerwing (<i>bilingual first language acquisition</i>)

Lys afkortings, simbole en tipografiese konvensies

TTTV	tweetalige tweedetaalverwering (<i>bilingual second language acquisition</i>)
UKxG	unifikasiekonstruksiegrammatika (<i>unification construction grammar</i>)
V	werkwoord/verbum (<i>verb</i>)
VP	werkwoordelike frase (<i>verb phrase</i>)
VV	valse vriend (<i>false friend</i>)
x	vorm (<i>form</i>)
X	betekenis (<i>meaning</i>)

Tipografiese konvensies

Konvensie	Verduideliking
Voetnoot. ¹	Die voetnoot het betrekking op die hele voorafgaande sin
Voetnoot ¹ .	Die voetnoot het slegs betrekking op die term/konsep in sinseindposisie
<i>Term/konstruksie/voorbeeldsin</i>	Verwysing na 'n spesifieke term, voorbeeldsinne wat in die studie gebruik word, asook konstruksies uit die datastel

Lys afkortings, simbole en tipografiese konvensies

“ <i>English term</i> ”	Engelse ekwivalente van ’n term, soos aangehaal uit ’n bron
Beklemtoring	Beklemtoring van een of ander aspek in ’n teksgedeelte
<i>Beklemtoring</i>	Beklemtoring van een of ander aspek van ’n term/konstruksie/voorbeeldsin of Engelse aanhaling
[Konstruksieskema]	Geabstraheerde skemas van konstruksies
‘Betekenis’	Eie betekenis van ’n leksikale item

Hoofstuk 1: Agtergrond en kontekstualisering

“You can never understand one language until you understand at least two.”

– Geoffrey Williams

1.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie is om **die kodewisseling in voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders se spraak beter te verstaan deur dié kodewisseling te analiseer en te beskryf aan die hand van diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG)**¹. Eerstens word 'n kort literatuuroorsig verskaf (1.2); tweedens word die probleemstelling van die studie omskryf (1.3); derdens en vierdens word die navorsingsvrae (1.4) en navorsingsdoelstellings (1.5) van die studie onderskeidelik uiteengesit; vyfde word die metode van ondersoek vir die studie vermeld (1.6); laastens word die hoofstukuiteensetting van die verhandeling weergegee (1.7).

1.2 Literatuuroorsig

Om die relevansie van die navorsing te illustreer, sal die hieropvolgende bespreking aandui waar die huidige studie in die bestaande literatuur inpas. Eerstens word melding gemaak van soortgelyke studies oor tweetaligheid en tweetalige eerstetaalverwerwing (1.2.1); tweedens word kodewisseling en kodewisselingsnavorsing en die rol wat dit in die verwerwing van meervoudige tale vanaf geboorte vervul, bespreek (1.2.2); laastens word

¹ Daar word deur ander taalkundiges (vergelyk Booij, 2019) na DiaKxG as **diasistemiese** konstruksiegrammatika verwys. Diasistematiese konstruksiegrammatika word egter algemener in die literatuur gebruik (vergelyk, onder andere, Boas & Höder, 2018; Coleman, 2018; Hendrikx *et al.*, 2015; Hilpert & Östman, 2014; Peterson, 2016; en Van Rooy, 2021). In hierdie studie sal van **diasistematiese** konstruksiegrammatika (DiaKxG) gepraat word.

konstruksiegrammatika en diasistematiese konstruksiegrammatika bespreek, om uit te wys waarom laasgenoemde teorie juis as geskik beskou kan word vir 'n beskrywing van tweetalige eerstetaalverwerwing (1.2.3).

1.2.1 Tweetaligheid en tweetalige eerstetaalverwerwing

Campbell en Wales (1970:245) omskryf die term *taalverwerwing* as die proses waardeur individue 'n taal of tale aanleer. Onder taalverwerwing kan en moet 'n belangrike onderskeid getref word tussen eerste- en tweedetaalverwerwing. Ghazali (2006) en Ipek (2009) stel dat eerstetaalverwerwing² 'n proses van taalaanleer is wat plaasvind deur middel van natuurlike, onbewustelike taalgebruik, en hierdie proses lei ook gewoonlik tot gespreksvlotheid. Dit is 'n patroon van ontwikkeling wat gewoonlik plaasvind gedurende kinders se vormingsjare. Volgens Ipek (2009) dui tweedetaalverwerwing, daarenteen, op 'n bewustelike proses wat deur middel van formele instruksie gefasiliteer word en waardeur gespreksvlotheid nie noodwendig bereik word nie.³ Vir die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie definisie egter té beperkend. In die meertalige Suid-Afrikaanse konteks kan tweedetaalverwerwing ook onbewustelik en sonder formele instruksie plaasvind, aangesien dit ook as 'n uitvloeisel van alledaagse taalkontak beskou kan word (Ramsay-Brijball, 1999:161).

Alvarez (1979:2) stel dat *tweetaligheid* eenvoudig op die kennis oor en gebruik van twee tale dui. Wanneer twee (of meer) tale vanaf geboorte aangeleer word, staan hierdie proses as **tweetalige eerstetaalverwerwing (TETV)** ("*bilingual first language acquisition*") bekend. Cantone (2007:1), asook Genesee en Nicoladis (2006:1) definieer *TETV* as die **gelyktydige** verwerwing van twee of meer tale vanaf 'n kind se geboorte totdat uiteindelijke vlotheid in die betrokke tale bereik word. TETV is dus 'n interdisiplinêre veld tussen tweetaligheid en

² In hierdie studie sal daar telkens na 'n kind se moedertaal/-tale (die taal/tale waarin hy/sy leer praat het) as "eerste taal/tale" verwys word en na die verwerwing van 'n moedertaal/-tale as "eerstetaalverwerwing". Die rede hiervoor is hoofsaaklik die gebruik van die term "moedertaal" tot 'n mate verouder het of in onbruik verval het.

³ Daar word ook na tweedetaalverwerwing as nuwetaalverwerwing verwys.

kindertaalverwerwing (Meng & Miyamoto, 2012:393).

Kinders kan óf nouerwante, óf onerwante tale tegelykertyd verwerf. Epps *et al.* (2013:209) en Kemmer (s.a.) meen dat bepaalde tale genetiese verhoudings of verwantskappe deel, of deel uitmaak van 'n bepaalde taalfamilie gebaseer op kulturele oordrag van dieselfde brontaal. Tale kan dus as nou- of onerwant aan mekaar geklassifiseer word, afhangend van hoe direk hul van 'n voorvadertaal (soos Proto-Indo-Europees) afkomstig is, hoeveel tyd al sedertdien verloop het en hoe onderling verstaanbaar hierdie tale nog vir die sprekers daarvan is; Afrikaans, Engels, Duits, Fries en Nederlands is almal voorbeelde van Germaanse tale (Epps *et al.*, 2013:210).

In TETV-navorsing word die verwerwing van **onerwante taalkombinasies meer as nouerwante taalkombinasies** bestudeer (vergelyk Alvarez, 1979; Arias & Lakshmanan, 2005; Brice & Anderson, 1999; Marchman *et al.*, 2017; McClure, 1977; Meisel, 1994; Paradis *et al.*, 2000; Pert & Letts, 2006; Reyes, 2004; Shin & Milroy, 2000; Vihman, 1998; Volterra & Taeschner, 1978; Wei & Wu, 2009, en so meer).⁴ Die rede vir die bevoordeling van onerwante eerder as nouerwante taalkombinasies in TETV-studies, blyk toeskryfbaar te wees aan die empiriese aangeleentheid. Dit wil sê, die data wat vir hierdie studies gebruik is, is hoofsaaklik van lande of kontaksituasies afkomstig waar die kontak tussen onerwante eerder as nouerwante taalkombinasies is.

Afrikaans en Nederlands as 'n nouerwante taalkombinasie het **nog nie in 'n TETV-studie gefigureer nie**. Slegs 'n klein aantal studies ondersoek nouerwante taalkombinasies waarvan Nederlands een van die betrokke tale is, byvoorbeeld Bosman en Blom (2019) ondersoek die Nederlands-Fries-taalkombinasie. Ander studies wat Nederlands as een van die onerwante tale tydens die TETV-proses ondersoek, is die volgende: Nederlands-Turks (Backus & Van der Heijden, 2002); Nederlands-Frans (Hulk & Van der Linden, 1996); en Nederlands-Papiamentu (Pablos *et al.*, 2019). Derhalwe kan die bestudering van hierdie taalkombinasie as 'n leemte in die bestaande TETV-literatuur beskou word.

⁴ Die volgende databasisse is geraadpleeg om die relevante studies op te soek: *Die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT)*, *EBSCOhost*, Ferdinand Postma-biblioteek se katalogus, *Google Scholar*, *JSTOR*, *SAePublications*, *ScienceDirect* en *Taylor & Francis Online*.

1.2.2 Kodewisseling en kodewisselingsnavorsing

Cantone (2007:53), Gardner-Chloros (2009:1) en Isurin *et al.* (2009:ix) beskryf *kodewisseling* kortliks as **tweetaliges se wisseling tussen twee of meer tale wat hulle praat**. Hierdie wisseling kan in dieselfde gespreksbeurt plaasvind, of wanneer 'n verskuiwing in register meegebring word deur 'n aantal sosiale faktore, soos die gespreksituasie, -deelnemers of -onderwerp (Alvarez, 1979:19).

Die gebruik van kodewisseling kan op verskeie vlakke plaasvind, en gevolglik kan daar verskeie tipes kodewisseling op basis van hierdie vlakke onderskei word. 'n Onderskeid kan tussen intra-, inter- en ekstrasinkodewisseling getref word.⁵ Hierdie tipes kodewisseling verwys onderskeidelik na die wisseling van taalkundige elemente binne **dieselfde** uiting (**intrasinkodewisseling**), tussen **verskillende** uitings (**intersinkodewisseling**), en laastens die invoeging van 'n **eindeelvraag** in 'n ander taal (**ekstrasinkodewisseling**) (Genesee & Nicoladis, 2006:12).

Daar is in alle gevalle van kodewisseling 'n matrikstaal (MT) en 'n ingebedde taal (IT) ter sprake. Myers-Scotton (1998a:3) meen dat die MT en IT onderskeidelik verwys na die hoof- en minderheidstaal in die uiting. Die **MT is die dominante taal**, oftewel die taal waarvan daar die meeste leksikale elemente in die uiting voorkom. Daarenteen is die **IT** die taal met die sogenaamde **minderwaardige rol** in die geval van kodewisseling. Met ander woorde, kodewisseling is die gebruik van sekere elemente van 'n ingebedde variëteit in 'n uiting van 'n bepaalde matriksvariëteit binne dieselfde gesprek (Lawrence, 1998:17).

Wanneer 'n spreker kodewisseling gebruik, is dit belangrik dat hy of sy die relatiewe gemarkeerdheid van hierdie keuses oorweeg en beheer. Wanneer die gebruik van kodewisseling voorspelbaar of te verwagte binne die bepaalde gesprekskonteks is, word dit as ongemarkeerd ("*unmarked*") geklassifiseer. Gevalle van kodewisseling wat onvoorspelbaar of onverwags is, is gemarkeerd ("*marked*") (Myers-Scotton, 1998a:6).

⁵ Hierdie tipes kodewisseling staan ook onderskeidelik as intrasintaktiese, intersintaktiese en ekstrasintaktiese kodewisseling bekend.

Kodewisseling is 'n verskynsel wat ook gedurende die TETV-proses plaasvind (Cantone, 2007:1; Genesee, 2001:153-155; Volterra & Taeschner, 1978:312). Genesee (2001:156), asook Nibun en Wigglesworth (2014:77), voer minstens drie redes aan waarom kinders onvermydelik van kodewisseling gedurende die TETV-proses gebruik maak: (i) 'n gebrek aan leksikale kennis of woordeskat; (ii) die modellering van die taalgebruik van ander gespreksdeelnemers wat gemengde talige toevoere lewer; en (iii) die feit dat kinders hul diskoersstyl na gelang van hul ouers aanpas. Kodewisseling gedurende die TETV-proses is die fokus van 'n hele aantal TETV-studies (vgl. Alvarez, 1979; Comeau *et al.*, 2003; Hulk & Van der Linden, 2006; Meisel, 1994; Meng & Miyamoto, 2012; Pert & Letts, 2006; Stavans & Swisher, 2006; en Vihman, 1998).

Alhoewel daar nog nie navorsing oor spesifiek Afrikaanse kodewisseling gedurende die TETV-proses gedoen is nie, handel Nel (2012) se studie oor die kodewisseling in die gesprekke van skoolgaande, Afrikaans-Engelse kinders in die Suid-Afrikaanse konteks. Nel ondersoek spesifiek of Myers-Scotton se MLF- en 4-M-modelle gebruik kan word om ook skoolgaande, Afrikaans-Engelse kinders se gesprekskodewisseling te analiseer. Sy kom tot die bevinding dat die MLF- en 4-M-modelle vir die analise van die grammatikale aspekte van die kodewisseling van die deelnemers in haar studie gebruik kan word. Wat die sosiopragmatiese karaktereenskappe betref, is bevind dat die kodewisseling meestal intersintakties van aard is en hoofsaaklik gebruik word om magsverhoudings uit te druk of te bewerkstellig.

Vanuit al hierdie studies wat na kodewisseling gedurende die TETV-proses kyk, word twee teenoorstaande hipoteses vir die verskynsel gestel.⁶ Enersyds is daar die **eentaalsisteemhipotese** ("*unitary language system hypothesis*") wat veronderstel dat kinders gedurende die TETV-proses **slegs een taalsisteem aanleer** en nie dadelik 'n onderskeid kan tref tussen al die taalsisteme van die tale wat hulle aanleer nie. Die gebruik van óf een, óf die ander taal (en derhalwe die gebruik van kodewisseling) kan toegeskryf word aan die verwarring tussen meervoudige taalsisteme (Cantone, 2007:6; Genesee & Nicoladis, 2006:3). Met ander woorde, as gevolg van verwarring en die onvermoë om tussen taalsisteme te onderskei, sal

⁶ Genesee & Nicoladis (2006:1) meen dat die dispuut oor die hoofrede vir kodewisseling gedurende die TETV-proses vanaf nagenoeg 1978 dateer (vergelyk ook Volterra & Taeschner, 1978).

kinders aanvanklik gedurende die TETV-proses 'n groot hoeveelheid kodewisseling in hul uitings gebruik. Die eentaalsisteemhipotese geniet egter deesdae minder aanvaarding in die literatuur as gevolg van beduidende empiriese bewyse daarteen (Cantone, 2007:18).

Andersyds is daar die **multitaalsisteemhipotese** wat stel dat kinders die **taalsisteme van al hul betrokke eerste tale** van die begin van die TETV-proses af aanleer – dié hipotese geniet tans meer ondersteuning in die relevante vakliteratuur (vergelyk Brice & Anderson, 1999; Comeau *et al.*, 2003; Hulk & Van der Linden, 1996; Lanvers, 2001; Meisel, 1994; Meng & Miyamoto, 2012; Pert & Letts, 2006; Reyes, 2004; en Shin & Milroy, 2000). Die tweetalige kinders wat in hierdie studies ondersoek is, is derhalwe in staat om ten volle tussen die verskillende taalsisteme te onderskei en op 'n strategiese wyse kodewisseling as 'n kommunikatiewe instrument aan te wend.

Vanaf ongeveer 2010 het 'n opmerklike fokusverskuiwing binne kodewisselingsnavorsing plaasgevind. Die navorsing ná 2010 fokus meer, maar nie uitsluitlik nie, op die invloed van kodewisseling in die meertalige klaskamer en hoe dit opvoedkundige taalbeleide en -beplanning beïnvloed (vergelyk onder meer Chen & Rubinstein-Avila, 2018; Chimbutane, 2013; Probyn, 2015; Turner & Wildsmith-Cromarty, 2014; Yulandari, 2018). Alhoewel hierdie fokusverskuiwing nie verband hou met die fokus van die huidige studie nie, verklaar dit wel die feit dat bogenoemde studies, wat oor die rol van kodewisseling in TETV handel, al effens verouderd is.

Hoewel geen konsensus in die literatuur bestaan oor presies waarom kodewisseling gedurende die TETV-proses plaasvind nie, is die mees ondersteunde vooronderstelling dat kinders vanaf 'n vroeë ouderdom in hul taalontwikkelingsproses hul onderskeie eerste tale se taalsisteme kognitief organiseer en onderskei. (Dié vooronderstelling word in hierdie studie die multitaalsisteemhipotese genoem.) Die teorie van diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG) stel mens in staat om by te dra tot hierdie gesprek. DiaKxG ondersteun die stelling dat meertalige individue se taalsisteme saam funksioneer en is daarom spesifiek daarvoor geskik om meertalige konstruksies te analiseer, ten einde vas te stel hoe meertalige individue hul taal in kontaksituasies aanwend (Höder, 2018:38-39).

1.2.3 Konstruksiegrammatika en diasistematiese konstruksiegrammatika

Diessel (2015:1-2) meen dat die hoofuitgangspunt van navorsing oor grammatika binne die kognitiewe linguistiek (KL) is om 'n raamwerk te ontwikkel vir die analise van taalkundige strukture wat gesetel is in algemene kognitiewe prosesse; die kognitiewe benadering is in skerp kontras met veral die generatiewistiese benadering. Waar die generatiewistiese benadering aanvoer dat 'n spreker van 'n taal se grammatikale kennis gevestig is in 'n inherente taalvermoë, glo kognitiewe linguiste dat 'n spreker se grammatika eerder gevorm word deur algemene psigologiese meganismes en kognitiewe prosesse (Boas, 2013; Pinker & Jackendoff, 2005).

Hierdie studie kan gesien word as 'n **gebruiksgebaseerde studie**. Gebruiksgebaseerde metodologieë ressorteer onder die KL-paradigma en veronderstel dat konstruksies deur middel van langdurige en deurlopende gebruik deur taalsprekers gevestig word (Bybee, 2006:711). Dit beteken dat 'n taalspreker se taalvaardighede en kennis van taal op enige gegewe tydstip die somtotaal van sy/haar ervaring met taal is, spesifiek verskillende gebeurtenisse ("*usage-based events*") (Kemmer & Barlow, 2000:iix; Tomasello, 2000:61).

Konstruksiegrammatika (KxG) is 'n deelteorie van die gebruiksgebaseerde metodologieë. Konstruksiegrammatici aanvaar dat taal bestaan en gevorm word deur sprekers se kognitiewe stelsels, sowel as deur hul sosiale interaksie met ander mense (Höder, 2014c:220). KxG as vetrekpunt binne kognitiewe linguistiek stel oorhoofs dat enige grammatika verwerf en georganiseer word deur middel van toevoergebaseerde abstraksie en kategorisering ("*input-based abstraction and categorisation*") (Höder, 2014c:202). Kritiek teen KxG is egter dat hierdie teorie slegs vir eentalige taalsisteme voorsiening maak en nie taalkontak as 'n prototipiese kenmerk van menslike taal beskou en integreer nie (Boas & Höder, 2018:5).

Na aanleiding van bogenoemde kritiek meld Höder (2018:43) dat taalkontak alomteenwoordig is en dat alle individue op een of ander vlak meertalig of dialekties is. Hy meen verder dat tale mekaar beïnvloed in meertalige sprekers se kognitiewe stelsels en dat taalkontak gevolglik die struktuur van individue se taalsisteme beïnvloed (Höder, 2018:45-46). Vervolgens stel hy diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG) voor om die kognitiewe prosesse van meertalige individue te beskryf. Hierdie teorie verteenwoordig dieselfde beginsels of

vooronderstellings as KxG, maar is gerig op wêreldgetroue taalkontaksituasies.

Eenvoudig gestel probeer DiaKxG grammatikale beskrywings bied van die taalsisteme in meertalige omgewings.⁷ DiaKxG stel dat meertalige sprekers en gemeenskappe hul grammatikale kennis organiseer deur middel van prosesse van intertaalidentifikasie, abstraksie, veralgemening en kategorisering (Höder, 2018:37). DiaKxG is derhalwe gebaseer op die idee dat algemene kognitiewe prosesse nie ‘sensitief’ vir taalgrense is nie. Meertalige toevoere lei tot meertalige konstruktikons (oftewel diakonstruktikons) wat uit verskeie konstruksienetwerke bestaan.

Konstruksies verwys na **vorm-betekenis-passings** van leksikale items⁸ wat georganiseer word in ’n sogenaamde netwerk. Enige taalkundige patroon kan as ’n konstruksie herken word, solank een of ander aspek van sy vorm⁹ of betekenis nie ten volle voorspelbaar is nie en dit gereeld genoeg voorkom (Bybee, 2006:711). Konstruksies omvat alle aspekte van ’n persoon se taal – vanaf ’n morfeem, (komplekse) woord, idioom, passiewe vorm, metafoor, en so meer (Boas, 2013:233; Goldberg, 2006:5). Goldberg (2006:59) stel dat konstruksies gestoor en geprosesseer word, gebaseer op beskikbare taalkundige toevoere, binne die konteks van natuurlike taalgebruik, en volgens algemene kognitiewe beginsels. Hierdie konstruksies omvat beide taalspesifieke (idiosinkratiese), sowel as taalonspesifieke (diasistematiese) konstruksies (Höder, 2014:203). Eersgenoemde **idiokonstruksies** (“*idioconstructions*”) dui op konstruksies wat **eg is aan ’n spesifieke taal**. Daarteenoor dui **diakonstruksies** (“*diaconstructions*”) op konstruksies wat **die gemeenskaplike elemente van twee idikonstruksies bevat** (Höder, 2012:249). In die geval van nouerwante taalkombinasies sal die aantal diakonstruksies uiteraard meer wees vergeleke met onverwante taalkombinasies (Höder, 2012:250).

⁷ DKxG word in die literatuur gebruik om na beide diachroniese konstruksiegrammatika en diasistematiese konstruksiegrammatika te verwys. Om onnodige verwarring te voorkom, sal daar in hierdie studie voorts na diasistematiese konstruksiegrammatika as DiaKxG verwys word.

⁸ In hierdie studie word *leksikale items* en *konstruksies* afwisselend gebruik om te verwys na gebruiksepisodes.

⁹ *Vorm* sluit die fonologiese, sowel as ortografiese realisering in. In hierdie studie word daar egter verder slegs met die ortografiese realisering gewerk, en dit word tussen blokhakies voorgestel.

DiaKxG is al in enkele empiriese taalstudies aangewend om meertalige volwassenes se gebruik van taalkombinasies wat nie nouverwant is nie te ondersoek (Frans-Nederlands – Hendrikx *et al.*, 2015; Engels-Frans-Nederlands – Hendrikx & Van Goethem, 2018; Deens-Duits – Höder, 2012), en Colleman (2018), asook Van Rooy (2021) gebruik DiaKxG in studies waarin die Afrikaans-Engels-taalkombinasie ondersoek word. Hierdie teorie is egter nog nie aangewend in 'n studie van die nouverwante Afrikaans-Nederlands-taalkombinasie nie, spesifiek ook nog nie in 'n studie wat voorskoolse kinders se taalgebruik ondersoek nie.

1.3 Probleemstelling

In 1.2.2 is melding gemaak van 'n klein aantal empiriese studies wat nouverwante taalkombinasies betrek, maar daar is wel nog geen studies uitgevoer oor die voorkoms van kodewisseling in die taalgebruik van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders nie. Gevolglik poog hierdie studie om die leemte in die literatuur te vul deur kodewisseling binne spesifiek hierdie nouverwante taalkombinasie te beskryf en te analiseer.

Dit is onbetwisbaar dat tweetalige kinders deur 'n fase gaan waar hulle tussen hul eerste tale wissel en diakonstruksies gebruik. Dit is belangrik dat ouers en onderwysers van voorskoolse, tweetalige kinders (wat enige twee of meer tale as eerste tale aanleer) kennis dra van die voordele van die gebruik van kodewisseling en diakonstruksies as kommunikatiewe instrumente, sodat dit korrek bestuur kan word. Ouers en onderwysers in die Suid-Afrikaanse konteks – maar ook in ander meertalige kontekste – behoort bewus te wees van die fases waardeur tweetalige kinders gaan, sodat dit nie as 'n tipe taalsteurnis behandel word nie. Die positiewe invloed van hierdie fase op tweetalige kinders se kommunikatiewe en taalvaardighede in die algemeen moet eerder raakgesien word. Bowenal kan die bevindinge van 'n studie waarin Afrikaans-Nederlandse voorskoolse kinders se kodewisseling ondersoek word, ook bydra tot die vakspesifieke kennis van Afrikaans en Nederlands, sowel as die vakkennis van kodewisseling, taalverwerwing, tweetalige eerstetaalverwerwing, konstruksiegrammatika, diasistematiese konstruksiegrammatika en meertaligheid in 'n meer algemene sin.

Verder, soos in 1.2.3 vermeld, is DiaKxG 'n relatief nuwe en onontginde teorie met betrekking tot gebruiksebaseerde tweetaligheidsnavorsing. Hierdie teorie is al in twee Afrikaanse taalstudies gebruik **om** Afrikaanse fenomene te beskryf (Colleman, 2018; Van Rooy, 2021), maar nog nie **in** Afrikaans oopgeskryf nie. Hierdie teorie veronderstel 'n sosiokognitiewe en meer wêreldgetroue benadering tot taalkontak. Alhoewel hierdie teorie ook al in 'n klein aantal gebruiksebaseerde studies gebruik is,¹⁰ is dit nog nie tot op hede ingespan om die kodewisseling van tweetalige kinders te analiseer en beskryf nie.¹¹ Daarom kan hierdie teorie as 'n potensieel geskikte vertrekpunt dien vir die analise en beskrywing van die kodewisseling in voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders se spraak.

1.4 Navorsingsvrae

Aan die hand van die kontekstualisering en probleemstelling kan die volgende twee navorsingsvrae geïdentifiseer word:

- (i) Wat behels die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 tot 6;11¹²?
- (ii) Watter insig(te) bied DiaKxG vir die analise en beskrywing van die kodewisseling in voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 tot 6;11 se spraak?

1.5 Navorsingsdoelstellings

Ten einde die bogenoemde navorsingsvrae te beantwoord, kan die volgende twee doelstellings daargestel word:

¹⁰ Kyk 2.3.2.2 vir 'n uiteensetting van hierdie studies.

¹¹ Hierdie studies het almal op die taalgebruik van tweetalige volwassenes gefokus.

¹² Verwys na die ouderdom van die kind, uitgedruk as getal [jare];[maande].

- (i) om aan die hand van gebruiksgebaseerde data die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 tot 6;11 te analiseer en beskryf; en
- (ii) om die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 tot 6;11 met behulp van DiaKxG te verklaar.

1.6 Metode van ondersoek

Die uiteensetting van die metode van ondersoek wat in hierdie studie gevolg word, is vyfledig: eerstens word die bepaalde navorsingsontwerp (1.6.1) bespreek; tweedens die korrespondente en ondersoekgroep wat aan die studie deelneem en die wyse waarop diegene opgespoor word (1.6.2); derdens die data-insamelingsmetode wat vir die studie gebruik word (1.6.3); vierdens op welke wyse die data-analise vir die studie geskied (1.6.4); laastens watter etiese aspekte en oorwegings alvorens en gedurende die studie in ag geneem word (1.6.5).

1.6.1 Navorsingsontwerp: kwalitatiewe studie

Binne die kwalitatiewe paradigma val die klem op die beskrywing van menslike gedrag en ervaring. Hierdie paradigma lewer antwoorde op oor hoe of hoekom bepaalde verskynsels plaasvind, teenoor die meer numeriese aard van kwantitatiewe navorsing (De Vos *et al.*, 2011:21; Van der Merwe, 1996:291). Kwalitatiewe studies poog derhalwe om 'n naturalistiese, omvattende beeld van 'n bepaalde fenomeen te ontwikkel deur die gebruik van gefokusde data-insamelingsmetodes (Rasinger, 2010:52). Induktiewe dataontleding is ook gewoonlik kenmerkend aan studies binne dié benadering (Zhang & Wildemuth, 2005:1).¹³ Hierdie studie kan beskou word as 'n **gebruiksgebaseerde studie** wat binne die **kwalitatiewe paradigma**

¹³ Alhoewel datagedrewe of induktiewe dataontleding gewoonlik meer met kwalitatiewe studies geassosieer word, sluit kwalitatiewe studies nie deduktiewe redenering as sodanig uit nie. Insgelyks maak kwantitatiewe studies ook soms voorsiening vir induktiewe dataontledingsmetodes (Zhang & Wildemuth, 2005:2).

gesetel is, aangesien gebruiksgesbaseerde taaldata ingesamel word ten einde kodewisseling onder Afrikaans-Nederlandse kinders te analiseer en beskryf, asook taalspesifieke afleidings en gevolgtrekkings op 'n induktiewe wyse te kan maak.¹⁴

1.6.2 Korrespondente en ondersoekgroep

Die reikafstand van die ondersoekgroep vir die studie word gestel tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 en 6;11, aangesien hierdie studie op voorskoolse kinders fokus. Die beginouderdom is 2;0, omdat kinders gewoonlik eers op hierdie ouderdom langer frases begin uiter, oftewel konstruksies wat uit twee of meer woorde bestaan. Die afsnyouderdom word as 6;11 gestel, want dié studie fokus op die taalgebruik van voorskoolse kinders tot in hul laaste jaar van kleuterskool.

Soos aangetoon sal word in Hoofstuk 3, wat handel oor die data-insameling en -verwerking, bestaan die ondersoekgroep vir die studie uit agt voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme 2;3 en 6;4. Die rede vir die klein ondersoekgroep is die baie spesifieke aard van die respondente wat verlang is om aan die studie deel te neem. Die **korrespondente** vir die studie is die **ma's van die kinders**, en daar is altesaam ses korrespondente vir die studie. Die **korrespondente se kinders** is die **respondente**, en daar is agt respondente vir die studie. Gedurende die studie word slegs met die korrespondente geskakel en gekommunikeer.¹⁵ Die gesinsamestelling en relevante demografiese inligting betreffende die korrespondente word in 3.2 bespreek.

Om hierdie korrespondente op te spoor, is die sneeubalsteekproefmetode eerstens ingespan.¹⁶ Dit beteken dat die navorser se onmiddellike omgewing as vertrekpunt gebruik word om potensiële korrespondente vir die studie te werf. Daarna word vir bestaande korrespondente gevra om potensiële korrespondente in hulle onmiddellike omgewing, wat die kriteria pas en

¹⁴ Kyk 3.4 vir meer besonderhede oor die data-analiseprosedure vir die studie.

¹⁵ Kyk 1.6.3.

¹⁶ Kyk 3.2.

gewillig sal wees om aan die studie deel te neem, deur middel van 'n sneeubalsteekproef te verwys. Hierdie kriteria verwys na die feit dat die korrespondent ten minste een voorskoolse kind moet hê wat Afrikaans-Nederlands in Suid-Afrika grootgemaak word. Die rede waarom slegs korrespondent-respondent-pare wat in Suid-Afrika woonagtig is by die studie betrek is, is as gevolg van 'n gerieflikheidsteekproef wat in 3.2 verder gemotiveer word.

Die potensiële korrespondent moet ook beskikbaar wees om hul kind(ers) te observeer en verslag te lewer oor hul taalgebruik vir 'n gekose periode. Sosiale media, soos Facebook-bladsye en -groepe,¹⁷ word ook gebruik om addisionele korrespondente op te spoor. Meer spesifieke inligting betreffende die korrespondente en ondersoekgroep kom in Hoofstuk 3 aan bod.

1.6.3 Ouerverslagmetode en data-insameling

Ten einde die gewenste data vir die studie in te samel, word die ouerverslagmetode ingespan.¹⁸ Die ouerverslagmetode ("*parent report method*") veronderstel dat gebruiksgebaseerde data vir die studie deur die ouer of primêre versorger van die kinders ingesamel word. Dale *et al.* (1989:240-242), asook Rescorla en Alley (2001:435-436) meen dat hierdie data-insamelingsmetode 'n resente en aanvaarde wyse van data-insameling in taalkringe is, spesifiek in die veld van kindertaalverwerwing. Peccei (2006:71) en Pua *et al.* (2017:951) stel dat hierdie metode merendeels bo ander in kindertaalverwerwingstudies verkies word, as gevolg van die gemaklike en geloofwaardige aard daarvan. Deur die ouerverslagmetode te gebruik, kan die navorser grootliks verseker dat die data op 'n natuurlike en/of wêreldgetroue wyse in die kind(ers) se daaglikse omgewing deur 'n betroubare verslaggewer ingesamel word. Ander kindertaalverwerwingstudies met 'n soortgelyke fokus aan hierdie studie wat al van hierdie metode gebruik gemaak het, is onder meer Bedore *et al.* (2011); Conti-Ramsden *et al.* (2006);

¹⁷ Die bladsye en groepe wat as vertrekpunt gebruik word, is onder meer *Potchefstroom*, *Potchefstroom Afrikaans*, *Hallo Potchefstroom* en *Potchefstroom Nuusblad*. Ander groepe wat inwoners van ander dorpe in Suid-Afrika verteenwoordig, word ook gebruik. Groepe wat spesifiek gerig is op Nederlandse immigrante in Suid-Afrika (soos *Nederlanders in Zuid-Afrika*) of op ma's van kleuters (soos *Mammas 24/7*) word ook betrek om korrespondente op te spoor.

¹⁸ Kyk 3.3.

Goldberg *et al.* (2008), Eriksson (2016); Gutiérrez-Clellen en Kreiter (2003); Laing *et al.* (2002); Marchman *et al.* (2017); en McLeod en Harrison (2009).

Die hoofwyse van data-insameling wat gebruik word, is die invul van **dagboekinskrywings** in Microsoft Word.¹⁹ Die korrespondente word gevra om dagboek te hou van hul kind(ers) se taalgebruik en telkens 'n optekening te maak as een van hulle uitings beide Afrikaans en Nederlands bevat.²⁰ Om ook meer algemene taalverwerwingsdata in te samel, word daar vir die respondente gevra om opsionele aantekeninge te maak van enige interessantheide of interessante uitdrukkings wat die deelnemers gebruik. Die dagboekinskrywingstemplaat bevat verskeie afdelings wat tersaaklike inligting oor die plek, konteks, sosiale faktore en betrokke gespreksdeelnemers vir elke uiting vereis. Korrespondente word ingelig oor kodewisseling, asook wat verwag word by elke afdeling en/of waarvoor hulle in elke geval moet oplet. Hierdie opleiding geskied per e-pos. Soos in Hoofstuk 3 aangetoon sal word, het die data-insamelingsproses in totaal twee maande geduur.

Die dagboekinskrywingstemplaat word ook vergesel deur twee addisionele dokumente: 'n kort vraelys, en 'n inligtingsblad en ingeligtetoestemmingsbrief.²¹ Die vraelys bevat 'n klein aantal demografiese vrae, asook vrae oor die respondente se taalgebruiksgeskiedenis. Indien enige onsekerhede oor die datastel of studie self na vore tree, word hierdie onduidelikhede deur middel van telefoonoproepe en/of e-poskommunikasie met die korrespondent(e) opgeklar. Meer besonderhede oor die aard van die data-insameling word in 3.3 bespreek.

1.6.4 Data-analise

Die dataverwerking vir die studie geskied in vier fases: (i) die datavaslegging en -

¹⁹ Kyk Bylae A.

²⁰ Ten einde meer algemene taalverwerwingsdata in te samel, word daar ook vir die korrespondente gevra om aantekeninge te maak van enige interessantheide of interessante uitdrukkings wat die deelnemers gebruik. Hierdie inskrywings is nie verpligtend vir die korrespondente nie.

²¹ Hierdie twee dokumente (onderskeidelik te vinde as Bylae B en Bylae C) word nie as datastelle hanteer nie. Slegs die dagboekinskrywings word as datastel hanteer.

organiseringsfase; (ii) die skoonmaak van die data; (iii) die datanormaliseringsfase; (iv) en die data-annoteringsfase. Gedurende die datavaslegging en -organiseringsfase word die ingesamelde data op 'n enkele MS Excel-spreiblad gekonsolideer. Gedurende die datanormaliseringsfase word die data met betrekking tot bruikbaarheid geanaliseer. Dit wil sê, slegs volledige inskrywings word by die datastel vir die studie ingesluit – enige inskrywings wat verkeerdlik of onvolledig deur die korrespondente ingevul is, word nie verder geanaliseer nie.²² Die datanormaliseringsfase behels dat spel-/tikfoute in die uitings wat by die datastel ingesluit is, gekorrigeer word.

In hierdie studie word daar nie met vooropgestelde verwagtings na die data gekyk nie; die annotering word deur die data as sodanig gedryf, hoewel deduktiewe redenering ook met tye gebruik word. Die data-annoteringsfase behels die annotering van die datastel op verskillende vlakke. Eerstens word die matriktaal en ingebedde taal van elke uiting geïdentifiseer. Tweedens word die trefwoorde wat in elke geval ter sprake is, geïdentifiseer. Derdens word die leksikale item(s) wat in elke geval gewissel is, geannoteer ten opsigte van die woordsoortklas waaraan dit behoort. Laastens word elke uiting geannoteer gebaseer op die grammatikale vlak waarop die kodewisseling plaasvind. Die verskillende fases in die dataverwerkingsproses word in meer diepte in Hoofstuk 3 bespreek.

1.6.5 Etiese aspekte en oorwegings

Enige studie wat mense, veral kinders, betrek, moet volgens **streng etiese riglyne** benader en uitgevoer word. Aangesien hierdie studie kinders betrek, ofskoon indirek, is die proses om etiese klaring vanaf die betrokke fakulteitskomitee (*Human and Social Sciences Research Ethics Committee – HSSREC*) van die Noordwes-Universiteit (NWU) te kry, eers onderneem voordat enige korrespondent geïdentifiseer of gekontak word. Die NWU-etieknommer vir die studie is NWU-02043-20-S7.

²² Die gebruiklikheid word telkens op meriete beoordeel. Indien die korrespondent bloot 'n interessantheid of interessante uitdrukking neergeskryf het, soos in 1.6.3 vermeld, word dit ook nie by die data-analise ingesluit nie.

Aangesien die ouerverslagmetode vir hierdie studie ingespan word, is die voordeel dat geen direkte kontak tussen die navorser en die kinders plaasvind nie. Dit sluit dus enige risiko of vorm van skade vir die kinders as weerlose respondente uit.

Verder word die etiese aspekte van die studie op die volgende maniere verantwoord:

- (i) Ouers wat as korrespondente gewerf word, word ingelig dat deelname aan die studie volkome **vrywillig** is en dat geen geldelike vergoeding verskaf word nie.
- (ii) Korrespondente verskaf **ingeligte toestemming** en dui aan dat hulle vir 'n periode van twee maande hul kinders se taalgebruik sal observeer.
- (iii) Korrespondente word ingelig dat hulle welkom is om op **enige tydstip** gedurende die studie te onttrek, indien dit nie meer vir hul moontlik sal wees om aan die studie deel te neem nie, of hulle enigsins voel dat hulle deur hul deelname aan die studie benadeel word.
- (iv) Die nodige dokumentasie word per e-pos aan die korrespondente gestuur met **wagwoordbeskerming** op. Die tersaaklike wagwoorde om die dokumente oop te maak, word telefonies aan die onderskeie korrespondente gekommunikeer.
- (v) Elke respondent ontvang 'n **skuilnaam**, en hierdie skuilnaam word telkens gebruik op elke plek waar na die spesifieke respondent se taalgebruik verwys word. Die respondente se dokumente word ook onder hierdie skuilname op die navorser se rekenaar gestoor.
- (vi) Geen persoonlike inligting van die korrespondente of respondente word aan **enige ander partye** as die navorser bekendgemaak nie. Hierdie inligting word op 'n veilige wyse gestoor, vertroulik hanteer en slegs vir navorsingsdoeleindes ingespan.

1.7 Hoofstukuiteensetting

Die eerste gedeelte van hierdie verhandeling bestaan uit 'n literatuuroorsig waarin die teoretiese raamwerk uiteengesit word (Hoofstuk 2), en die tweede gedeelte bevat die uiteensetting van die

metode van ondersoek, asook die analise van die data en gevolgtrekkings wat gemaak word (Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4). Hoofstuk 5 verskaf 'n samevatting van die studie, asook gevolgtrekkings wat gemaak word op grond van die ondersoek wat gedoen is. Hierdie hoofstuk het ook ten doel om die geïdentifiseerde navorsingsvrae te beantwoord en verdere potensiële navorsingsmoontlikhede uit te lig.

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig en teoretiese raamwerk

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n literatuurstudie gedoen, en die teoretiese raamwerk vir die studie word bespreek. Eerstens gaan gekyk word na die sleutelterminologie en fundamentele modelle wat noodsaaklik is vir die kontekstualisering van die studie (2.2). Tweedens sal melding gemaak word van diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG) as teoretiese raamwerk vir die studie (2.3).

Die eerste afdeling is gemik op die definiëring en verduideliking van die konsepte *tweetaligheid*, *eerstetaalverwerwing* teenoor *tweedetaalverwerwing*, *tweetalige taalverwerwing*, *tweetalige eerstetaalverwerwing* (TETV) en *kodewisseling* (2.2). Verder sal ook verwys word na die empiriese TETV-studies wat Afrikaans of Nederlands as een van die tale betrek het en wat die vernaamste bevindinge van hierdie studies was. Laastens sal melding gemaak word van die vernaamste kodewisselingsmodelle, ten einde aan te toon waarom hierdie modelle nie geskik is vir hierdie ondersoek na voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders se kodewisseling nie.

In die tweede afdeling (2.3) word die teoretiese raamwerk vir die studie bespreek. Heel eerste sal die breër teoretiese benadering van die kognitiewe linguistiek (KL) bespreek word om die onderliggende kognitiewe prosesse of meganismes wat die taalgebruik van tweetaliges onderlê, te verduidelik. Voorts sal gekyk word na konstruksiegrammatika (KxG) as vertrekpunt binne hierdie breër benadering om te beskryf hoe individue grammatika aan die hand van verskillende konstruksies aanleer. Daarna sal gekyk word na DiaKxG as 'n deelteorie van die tradisionele KxG.

2.2 Literatuuroorsig: tweetaligheid en kodewisseling

Met die oog daarop om hierdie studie binne die raamwerk van die huidige literatuur te posisioneer, is dit belangrik om melding te maak van die vernaamste terminologie en modelle

wat met die fokus van die studie verband hou. Derhalwe word die tersaaklike sleutelsterme vir die studie eerstens omskryf (2.2.1). Daar sal onderskeidelik na taalverwerwingsterminologie (2.2.1) en kodewisselingsterminologie (2.2.1.2) gekyk word, spesifiek hoe hierdie terminologie al in die literatuur beskryf, gebruik en betwis is. Daar sal ook aangetoon word hoe hierdie sleutelsterme binne die studie gedefinieer word. Tweedens sal gekyk word na die navorsing oor tweetalige eerstetaalverwerwing met kodewisseling as fokus (2.2.2), spesifiek die twee vernaamste hipoteses wat daargestel word – die eentaalsisteemhipotese teenoor die multitaalsisteemhipotese (2.2.2.1). Derdens en laastens sal verwys word na Myers-Scotton se tradisionele kodewisselingsmodelle wat al vantevore in soortgelyke TETV-studies gebruik is (2.2.3). Hierdie afdeling is gemik op die verduideliking van die gemarkeerdheids-, MLF- en 4-M-modelle (2.2.3.1) en die probleme met die gebruik van Myers-Scotton se kodewisselingsmodelle (2.2.3.2), ten einde aan te toon waarom hierdie modelle nie geskik sal wees vir die doeleindes van hierdie studie nie.

2.2.1 Tersaaklike sleutelsterme

2.2.1.1 Taalverwerwingsterminologie

Die meeste kinders leer taal gedurende hul grootwordjare aan, met ander woorde hulle beleef gedurende hul opvoedingsjare 'n taalopnameproses (Clark, 2009:17). Hierdie proses staan bekend as taalverwerwing, en dit kan omskryf word as die stelsel waardeur al die aspekte van taal – morfologie, leksikon, fonologie, sintaksis, semantiek en pragmatiek – aangeleer word (Lust, 2006:25). Die oordrag van inligting, eerder as vormlike korrektheid, staan sentraal in hierdie proses (Stander, 2000:108). In hierdie verband stel Clark (2009:20) dat 'n taalverwerwer slegs 'n vaardige of vlot spreker van 'n taal word wanneer hy/sy die strukturele aspekte, sosiale dimensies en nuanses van 'n bepaalde taal of tale onder die knie het. Die proses van taalverwerwing is 'n interessante proses wat gedurende die afgelope eeu die aandag van talle taalkundiges getrek het en derhalwe die fokus van heelwat taalkundige navorsing is.

Dit is egter belangrik om eerste- en tweedetaalverwerwing as twee afsonderlike verskynsels te behandel en te ondersoek, soos gesien kan word in Ghazali (2006:2) se aanhaling:

*In distinguishing between [first language acquisition and second language acquisition it is argued] that the **first arises from naturalistic and unconscious language use** and in most cases leads to conversational fluency; whereas **the latter represents the conscious knowledge of language** that happens through formal instruction but does not necessarily lead to conversational fluency of language.* (aangepas uit Ghazali, 2006:2; eie beklemtoning)

Eerstetaalverwerwing is 'n **onbewustelike** proses wat dui op die aanleer van 'n eerste taal, gewoonlik deur kinders. Myers-Scotton (2009:36) meen dat die kritiekeouderdomshipotese ("critical age hypothesis") veral tydens hierdie proses ter sprake is. Brown (2000:53) meen dat die kritiekeouderdomshipotese aanvanklik daarop gedui het dat daar 'n kritieke tydperk is waartydens kinders al die betrokke tale waarmee hulle kontak het as eerste tale verwerf. Hierdie tydperk strek gewoonlik vanaf geboorte tot ongeveer die ouderdom van 5;0 (Brown, 2000:53). Tans dui hierdie hipotese egter slegs daarop dat tale makliker gedurende hierdie periode verwerf sal word. Dié tale word dan ook nie noodwendig as eerste tale verwerf nie, maar ook as tweede of derde tale. Ná hierdie periode sal dit vir die kind toenemend moeiliker raak om nuwe tale aan te leer.

*Tweede- of nuwetaalverwerwing*²³ dui op die aanleer van addisionele of bykomende tale **ná** die kritiekeouderdomsperiode. Hierdie addisionele tale word ná die eerste taal/tale aangeleer en nie terselfdertyd nie. Ghazali (2006) meen dat tweede- of nuwetaalverwerwing 'n proses van taalaanleer is wat nie noodwendig na vlotheid in 'n gesprek lei nie. Kinders (of volwassenes) is ook gewoonlik bewus van die proses, aangesien dit meestal deur middel van formele onderrig gefasiliteer word. Derhalwe lê Campbell en Wales (1970:1) klem op die idee dat eerstetaalverwerwing 'n onbewustelike proses is en tweedetaalverwerwing daarteenoor

²³ Hoewel sommige navorsers, soos Stander (2000), 'n onderskeid tussen *tweedetaalaanleer* en *taalverwerwing* tref, word daar meestal in die literatuur slegs onderskeid getref tussen *eerstetaalverwerwing* en *tweedetaalverwerwing*. Daar sal ook in hierdie studie verder slegs verwys word na eerste- en tweedetaalverwerwing, soos in hierdie afdeling bespreek word. Die terme *verwerf* en *aanleer* sal ook afwisselend in hierdie studie gebruik word om na kinders se taalverwerwingsproses te verwys.

gewoonlik bewustelik.

Tweede- of nuwetaalverwerwing is egter nie altyd noodwendig 'n bewustelike proses nie. Volgens Ramsay-Brijball (1999:161) kan die verwerwing van 'n addisionele taal in die Suid-Afrikaanse konteks bewustelik óf onbewustelik plaasvind, omdat dit ook as 'n natuurlike uitvloeisel van alledaagse taalkontak tussen meertaliges in die veeltalige, Suid-Afrikaanse omgewing beskou kan word. Insgelyks meen Brown (2000:96) en Fillmore (1989:312) dat hoewel tweedetaalverwerwing aanvanklik as 'n bewustelike proses begin, dit later (as gevolg van ervaring) meer onbewustelik word. Hierdie verwerwing vind gevolglik op 'n tipe tweedetaalverwerwingskontinuum plaas. Volgens Stander (2000:109) bestaan hierdie kontinuum uit verskillende fases wat strek vanaf die prebasiese tot eerstetaalvlak.²⁴ Namate 'n persoon se taalvaardigheid of -vermoë verbeter, sal die taalverwerwingsproses meer instinktief en spontaan begin voel, soos ondersteun word deur Ghazali (2006):

[The] definition [of second language acquisition] seems too rigid because some elements of language use are at first conscious and then become unconscious or automatic through practice. (aangepas uit Ghazali, 2006:2)

Die definisie van *tweetaligheid* is al heelwat in die vakliteratuur betwis. Party navorsers, soos Grosjean (1992), definieer tweetaligheid bloot as die vermoë van individue om twee (of meer) tale te ken en in hul alledaagse lewens te gebruik. Ander navorsers is weer van mening dat tweetaligheid behels om 'n moedertaalagtige kennis en beheer oor twee (of meer) tale te hê (Bloomfield, soos aangehaal deur Romaine, 1995).

Vir hierdie studie gaan Alvarez (1979) en Meisel (1994) se definisies van tweetaligheid gebruik word, soos verwoord deur Alvarez (1979):

Bilingualism entails contact between two languages and two cultures. Although languages overlap in great degree because in many ways they represent the same reality, bilinguals

²⁴ Die ander fases in hierdie proses is die basiese, postbasiese, intermediêre, gevorderde en vaardige fases (Stander, 2000:109).

manage to keep them apart and organized in such a way that they [can] communicate effectively with speakers of both linguistic communities. (aangepas uit Alvarez, 1979:17)

Vanuit bostaande definisie kan afgelei word dat tweetaligheid eenvoudig dui op tweetaliges se vermoë om twee of meer tale voldoende te gebruik om 'n gesprek te kan voer met die eerstetaalsprekers van daardie spraakgemeenskappe. Dit beteken dat slegs basiese kennis van bepaalde aspekte van die uitspraak of woordeskat van hierdie tale nie voldoende is nie, maar ook dat hierdie kennis nie noodwendig moedertaalagtig van aard hoef te wees nie. Meisel (1994:414) stel in hierdie verband dat kinders wat as tweetaliges beskou word, gewoonlik blootgestel is aan ál hul betrokke eerste tale voor die ouderdom van 3;0. Hierdie tweetalige kinders verwerf dus ál hul eerste tale gelyktydig.

Volgens De Houwer (1996:222) is *tweetalige taalverwerwing* (“*bilingual language acquisition*”) 'n oorkoepelende term wat in 'n meer algemene sin na die tegelyke en gereelde blootstelling aan meer as een taal verwys. Hierdie blootstelling vind gewoonlik vanaf 'n jong ouderdom plaas. Onder tweetalige taalverwerwing is dit belangrik om tussen *tweetalige eerstetaalverwerwing* (TETV) en *tweetalige tweedetaalverwerwing* (TTTV) te onderskei. Dié onderskeid word soos volg deur De Houwer (1996) verwoord:

*Bilingual language acquisition, then, refers to the result of the very early, simultaneous, regular, and continued exposure to more than one language. Within bilingual language acquisition, it is important to distinguish between **Bilingual First Language Acquisition** (BFLA, a term introduced by Meisel, 1989) and [...] **Bilingual Second Language Acquisition** (BSLA). BFLA refers to the acquisition of two or more language **from birth or at most a month after birth** [...] and BSLA refers to those cases of bilingual language acquisition that are **not cases of BFLA**. In other words, first regular exposure to a second language starts **no earlier than one month after birth, but before the age of two**. (De Houwer, 1996:222-223; eie beklemtoning)*

TETV is dus 'n term wat in die literatuur gebruik word om te verwys na die geval waar kinders **vanaf geboorte** – of ongeveer 'n maand ná geboorte – twee (of meer) tale **terselfdertyd** as eerste tale aanleer (Cantone, 2007:1; Silva-Corvalán, 2014:1; Meisel, 2001:13). TETV kan daarom gesien word as die saamkompunt van tweetaligheids- en

kindertaalverwerwingsnavorsing. Daarenteen verwys TTTV daarna dat 'n kind voor 2;0 op 'n gereelde basis aan 'n tweede taal blootgestel word, maar nié hierdie tweede taal as 'n eerste taal verwerf nie (De Houwer, 1996:223). Die fokus van hierdie studie is vervolgens op TETV.

Die een-ouer-een-taal-reël (EOET-reël) is 'n metode wat (gewoonlik bewustelik) deur ouerpare gebruik word om TETV in huishoudings met twee ouerfigure te bewerkstellig. Romaine (1995) omskryf dié reël soos volg:

*The aim when employing this ['one-parent-one-language'/OPOL] pattern is for **each parent to speak exclusively in their own [native] language to their children**, with the expectation that their children will respond to each parent in the appropriate language and will acquire an active command of both languages.* (aangepas uit Romaine, 1995:193; eie beklemtoning)

Hierdie reël dui daarop dat die ouer wat die eerstetaalspreker van 'n bepaalde taal is, slegs daardie taal in die teenwoordigheid van die kind(ers) gebruik, ten einde verwarring by die kind(ers) tot 'n sekere mate te bekamp. Die EOET-reël word veral in huishoudings gebruik waar twee ouerfigure met verskillende eerste tale of taalagtergronde teenwoordig is (Venables *et al.*, 2014:429-430). Die EOET-reël is egter slegs **een** van die metodes wat vir TETV gebruik kan word, en daar is ook sommige ouers wat geen formele reël gebruik om TETV te bewerkstellig nie.

Volgens Rosenback (2015) is dit ook moontlik vir tweetalige enkelouers om hul kinders van geboorte af tweetalig groot te maak. Rosenback (2015) meen dat een van die beste benaderings om hierdie simultane verwerwing te bewerkstellig, die minderheidstaal-tuis-beginsel (MTT-beginsel) is. Dié beginsel veronderstel dat die ouer van die kind slegs sy/haar minderheidstaal tuis en in die kind se teenwoordigheid praat, aangesien die kind waarskynlik minder blootstelling aan dié taal kry. Vergelyk in hierdie verband die volgende:

*If you speak two languages (one of which is the majority language of where you live) and want to pass on both [...] to your child, the best [...] option is to speak the **minority language** with your child. Although you know both languages, it is better to only speak the minority one with your child, as this is the one for which there will be less exposure available. Your child will learn the language of the community by the latest in nursery or school. [This approach is known as the **mL@H**] approach.* (aangepas uit Rosenback, 2015; eie beklemtoning)

Nibun en Wigglesworth (2014:77) en Nicoladis (2006:2) stel egter dat daar ten spyte van die gebruik van hierdie reël in ouerhuise steeds gedurende die TETV-proses 'n stadium is waar kinders gebruik maak van meer as een van hulle eerste tale in dieselfde uiting of spreekbeurt. Hierdie verskynsel staan as kodewisseling bekend.

2.2.1.2 Kodewisselingsterminologie

Daar bestaan nie eenstemmigheid in die literatuur oor die definiëring van die konsep *kodewisseling* nie. 'n Duidelike en omvattende definisie van kodewisseling is egter noodsaaklik vir die studie. Nilep (2006:1) stel dat navorsing oor kodewisseling al in bykans alle vertakkinge van taalkunde (soos sosiolinguistiek, psigolinguistiek, en so meer) neerslag gevind het, selfs ook binne ander dissiplines, soos filosofie, antropologie, kognitiewe wetenskap en sielkunde. Dit maak daarom sin dat 'n enkele definisie van kodewisseling nie deur alle navorsers aanvaar word nie. Die rede vir hierdie gebrek aan konsensus is waarskynlik omdat verskillende dissiplines of navorsingsvelde verskillende uitkomst probeer bereik met navorsing oor hierdie onderwerp – dit is dus verstaanbaar dat nie almal dieselfde invalshoek sal gebruik nie (Nilep, 2006:1).

Vir die doeleindes van hierdie studie gaan daar gebruik gemaak word van die definisies van kodewisseling wat binne die sosiolinguistiek gebruik word. Myers-Scotton (2009:239) en Van Dulm (2007:1) omskryf *kodewisseling* as die gebruik van twee of meer tale deur 'n **spreker in dieselfde uiting of gespreksbeurt**. Hierdie wisseling vind gewoonlik plaas wanneer 'n **tweetalige persoon in gesprek is met 'n ander tweetalige persoon** wat dieselfde tale magtig is as die spreker (Esen, 2019; Skiba, 1997:1). Poplack (2004:589) stel dat kodewisseling nie noodwendig slegs tussen verskillende tale plaasvind nie, maar dat dit ook tussen verskillende variëteite of dialekte van dieselfde taal kan voorkom. Wisseling kan met ander woorde ook tussen verskillende variëteite van Afrikaans plaasvind, byvoorbeeld tussen Standaardafrikaans en Kaapse Afrikaans. Koban (2013:1174) en Lawrence (1999:265) is van mening dat kodewisseling nie 'n teken van verwarring of taalverswakking is nie, maar dat dit as 'n betekenisvolle instrument gebruik kan word om effektiewe kommunikasie of diskoers tussen

uiteenlopende gespreksdeelnemers tot stand te bring.

Poplack (1980:599-603) was die eerste outeur wat 'n onderskeid tussen drie tipes kodewisseling getref het: intersin-, intrasin- en ekstrasinkodewisseling. Intersinkodewisseling (“*inter-sentential code-switching*”) verwys na die wisseling tussen verskillende tale, dialekte of variëteite (kodes) buite sinsvlak, byvoorbeeld: “*Hoe moet ek weet wat hy wil hê? I’m not psychic.*” Intrasinodewisseling (“*intra-sentential code-switching*”) dui daarenteen op die wisseling tussen fonologiese, morfologiese, leksikale, sintaktiese, semantiese of pragmatiese elemente binne 'n enkele uiting of spreekbeurt, byvoorbeeld: “*Ek kan nie uitfigure wat om hier te doen nie.*” Voorheen is verwys na hierdie tipe kodewisseling as kodevermenging²⁵ (Genesee & Nicoladis, 2006:12; Myers-Scotton, 2009:239). Die laaste tipe kodewisseling – ekstrasinkodewisseling (“*extra-sentential code-switching*”) – dui op die invoeging van 'n eindeelvraag van 'n ander taal, variëteit of dialek in 'n eentalige uiting (Koban, 2013:1175; Stockwell, 2007:48-49), byvoorbeeld: “*Alles is nog reg vir die naweek, right?*”

Dit is belangrik om te onderskei tussen intrasinodewisseling en die gebruik van leenwoorde. Volgens Saal (2017) dui leenwoorde op leksikale items wat direk uit een taal oorgeneem is en mettertyd in 'n ander taal gevestig geraak het. 'n Voorbeeld hiervan is Engelse woorde soos *speaker*, *lodge* of *gentleman* wat algemeen in Afrikaans gebruik word om 'n leksikale leemte te vul. Daar bestaan dus geen Afrikaanse vertaling of ander ekwivalent van hierdie terme in Afrikaans nie. Intrasinodewisseling is egter wanneer 'n leksikale item uit een taal gebruik word in 'n uiting van 'n ander taal om 'n gevestigde leksikale item te vervang, soos: “*Sal jy asseblief na die kids kyk die naweek?*” In hierdie voorbeeld vervang die Engelse *kids* die bestaande Afrikaanse woord *kinders*.

Daar is verskillende redes waarom volwasse taalsprekers van kodewisseling gebruik maak.

- (i) 'n Spreker kan tussen kodes wissel om agting te betoon teenoor 'n ander

²⁵ Die gebruik van die term *kodevermenging* het in onbruik verval nadat pogings om hierdie term van kodewisseling te onderskei, misluk het. Dit het gebeur omdat geen konsensus bestaan oor die presiese verskille tussen die terme *kodevermenging* en *kodewisseling* nie (Gardner-Chloros, 2009:10). Hedendaags word slegs na *kodewisseling* verwys.

gespreksdeelnemer, byvoorbeeld as 'n Engelse gespreksdeelnemer 'n Afrikaanse gesprek betree, sal die Afrikaanse spreker oorslaan Engels toe ter wille van die Engelse gespreksdeelnemer, oftewel om respek teenoor die Engelse gespreksdeelnemer te betoon (Bas, 2013:16; Gardner-Chloros, 2009:41).

- (ii) Volgens Bas (2013:17) en Romaine (1995:77) word kodewisseling ook soms tussen verskillende sprekers van dieselfde etniese groep gebruik om samehorigheid onder mekaar te bewerkstellig, en vervolgens die sosiale afstand tussen hulle en ander gespreksdeelnemers in die gespreksituasie te vergroot.
- (iii) Afrikaanssprekendes wat meer as een variëteit van Afrikaans gebruik, wissel ook soms heen en weer tussen kodes, aangesien kodewisseling een van die hoofkenmerke van menige Afrikaanse variëteite, soos Kaapse Afrikaans, is (Bas, 2013:17).

Hierdie redes toon dus aan dat die gebruik van kodewisseling onder andere geaktiveer kan word deur die betrokke gespreksdeelnemers, gespreksituasie of ander taalkundige faktore (Bas, 2013:16; Du Plessis, 1988:25).

Kodewisseling word in die literatuur nie slegs in volwassenes se taalgebruik ondersoek nie, maar ook gedurende die TETV-proses. Nilep (2006:1) stel dat taalverwerwingstudies oor die rol van kodewisseling gewoonlik tweetalige kinders se kognitiewe vermoëns ondersoek. Dit beteken dat hulle kyk na wat die wyse waarop kinders kodewisseling aanwend, onthul oor hulle vlak van kognitiewe ontwikkeling of gevorderdheid. Die redes waarom tweetalige kinders tussen kodes wissel, sal waarskynlik verskil van die bogenoemde redes oor waarom volwassenes tussen kodes wissel.²⁶ Alhoewel daar ook nie in die literatuur ooreenstemming bestaan oor die presiese redes waarom hierdie fenomeen gedurende die TETV-proses plaasvind nie, bestaan daar tog 'n paar hipoteses. Genesee (2001:156) is van mening dat die drie hoofredes vanuit die literatuur as onderskeidelik die vaardigheids-, modellerings- en diskoershipotese opgesom kan word.

²⁶ Kyk 2.2.1.2 vir 'n uiteensetting van hierdie redes.

Die **vaardigheidshipotese** (“*proficiency hypothesis*”) verwys na ’n gebrek aan leksikale bevoegdheid (woordeskat). Die **modelleringshipotese** (“*modelling hypothesis*”) dui daarop dat gebrekkige en gemengde insette van ouers of ander volwassenes die kind(ers) sal beïnvloed om ook van kodewisseling gebruik te maak (Nibun & Wigglesworth, 2014:77). Die **diskoershipotese** (“*discourse hypothesis*”) verwys na die feit dat kind(ers) hul diskoersstyl of taal aanpas na gelang van die volwassene of ouer waarmee hulle op ’n spesifieke oomblik in gesprek is. Dit beteken dat indien ouers byvoorbeeld voorkom asof hulle die kind(ers) se gebruik van kodewisseling goedkeur of verskoon – deur byvoorbeeld die gesprek voort te sit ná die kodewisseling plaasgevind het – hierdie kinders waarskynlik sal aanhou om van kodewisseling in hul spraak gebruik te maak. Indien ’n ouer egter vir die kind(ers) vra vir verheldering, of die korrekte vertaling verskaf, sal dit vir die kind(ers) ’n aanduiding wees dat die gebruik van kodewisseling ongeslaagd en ongewens is (Genesee, 2001:156).²⁷ Volgens Skiba (1997:3) kan voorafgenoemde uitwysing as ’n geleentheid vir taalontwikkeling gesien word:

[S]witching languages during a conversation may [...] provide an opportunity for language development. [L]anguage development takes place through samples of language which are appropriate and code switching may be signalling the need for provision of appropriate samples. The listener, in this case, [can] provide translation into the second language thus providing a learning and developing activity. (aangepas uit Skiba 1997:3)

2.2.2 Navorsing oor tweetalige eerstetaalverwerwing met kodewisseling as fokus

TETV-navorsing is al meer as ’n honderd jaar oud, en daar bestaan talle teorieë oor die aard van die TETV-proses en die verskynsels wat gedurende hierdie proses plaasvind. Een van die verskynsels wat onlosmaaklik deel is van TETV is **kodewisseling**. Genesee en Nicoladis (2006:1) stel dat die eerste TETV-studie al in 1913 verskyn het (kyk Ronjat, soos aangehaal deur Genesee & Nicoladis, 2006:1). In dié studie gee Ronjat ’n breedvoerige beskrywing van sy eie seun se simultane verwerwing van Frans en Duits. Hy maak verder melding van sy seun

²⁷ Dit sal veral gebeur in huishoudings waar die EOET-reël gebruik word.

se merkwaardige verwerwing van dié twee tale – hy toon min tot geen vermenging van die twee tale nie. Daar is met ander woorde, volgens Ronjat, min tot geen kodewisseling ter sprake gedurende die TETV-proses nie. Hierdie bevinding is egter daarna bevraagteken deur Leopold (1949) wat bevind het dat sy Engels-Duitse dogter tóg deur 'n stadium gegaan het waar sy tussen haar twee eerste tale gewissel het. Leopold is ook van die oortuiging dat hierdie verskynsel onlosmaaklik deel is van die TETV-proses.

Die feit dat die verskynsel van kodewisseling gedurende die TETV-proses figureer, word al vir meer as veertig jaar in die vakliteratuur verdedig, soos deur onder andere Alvarez, 1979; Arias & Lakshmanan, 2005; Brice & Anderson, 1990; Cantone, 2005; Comeau *et al.*, 2003; Fotos, 1990; Lanvers, 2001; McClure, 1997; Meisel, 1994; Meng & Miyamoto, 2012; Pert & Letts, 2006; Quick *et al.*, 2018; Reyes, 2004; Shin & Milroy, 2000; Vihman, 1998; Wei & Wu, 2009. Hierdie navorsers se teorieë oor die gebruik van kodewisseling is egter **teenstrydig**, met verskillende deelteorieë wat in die volgende afdelings bespreek word.

2.2.2.1 Eentaalsisteemhipotese teenoor multitaalsisteemhipotese

TETV-navorsing met kodewisseling as fokus se bevindinge kan hoofsaaklik in twee uiteenlopende hipoteses verdeel word. Aan die een kant is die hipotese dat tweetalige kinders gedurende die TETV-proses aanvanklik slegs 'n enkele taalsisteem verwerf en gebruik. Aan die ander kant word geargumenteer dat dié kinders eintlik **ál die taalsisteme** van hul betrokke eerste tale van die begin van die TETV-proses af aanleer en gebruik (Hulk & Müller, 2000:227; Meng & Miyamoto, 2012:394).

Die eerste hipotese is deur Volterra en Taeschner (1978) geformuleer en staan as die *eentaalsisteemhipotese* bekend. Die eentaalsisteemhipotese veronderstel dat 'n kind aanvanklik gedurende die TETV-proses slegs **een taalsisteem** verwerf. Die ontwikkeling van die addisionele taalsisteem/taalsisteme volg eers later (Volterra & Taeschner, 1978:311). Volgens hierdie hipotese leer tweetalige kinders taal op dieselfde wyse as 'n eentalige kind aan. Dit wil sê, kinders leer en ontwikkel nie die twee eerste tale se onderskeie taalsisteme tegelykertyd nie, maar inkorporeer aan die begin beide tale se woordeskat en grammatika in 'n enkele taalsisteem

(kyk ook Radford, 1986).

Die vernaamste aannames van Volterra en Taeschner (1978) se eentaalsisteemhipotese word soos volg in hulle longitudinale studie omskryf:

Analysing the gradual learning process through which a child becomes bilingual from early infancy [i.e. the unitary language system hypothesis], three stages can be distinguished: (1) the child has some lexical system which includes words from both languages; (2) the child distinguishes two different lexicons but applies the same syntactic rules to both languages; (3) the child has two linguistic codes, differentiated in both lexicon and syntax, but each language is exclusively associated with the person using that language [...]. (aangepas uit Volterra & Taeschner, 1978:311)

Volterra en Taeschner (1978:312-324) meen dat die TETV-proses tussen 1;0 en 4;0 plaasvind en in drie fases verdeel kan word. Hierdie fases kan soos volg saamgevat word:

- (i) Gedurende die eerste fase sal 'n kind – wat tweetalig grootgemaak word – begin om een taalsisteem te vorm deur te leen by die primêre tale waaraan hy/sy blootgestel word. Vervolgens sal dié kind aan die begin kort uitings, wat uit twee of drie woorde bestaan, gebruik. Hierdie uitings bevat gewoonlik kodewisseling as gevolg van die gebrek aan gevestigde taalsisteme (Volterra & Taeschner, 1978:312).
- (ii) Gedurende die tweede fase begin die kind om duideliker onderskeid te tref tussen die verskillende taalsisteme en kom frases wat albei tale bevat effens minder gereeld voor – hy/sy begin eerder om ekwivalente in die ander taal te identifiseer en gebruik (Volterra & Taeschner, 1978:317).
- (iii) Die finale fase is wanneer die kind as werklik tweetalig beskou kan word. Hierdie fase behels dat die kind al sy/haar eerste tale se taalsisteme onder die knie het en sy/haar eerste tale korrek kan praat (Volterra & Taeschner, 1978:324). Wat interessant omtrent hierdie laaste fase is, is dat Volterra en Taeschner (1978:317) beweer dat die uiteindelijke taalsistemskeiding eers opgemerk kan word as die kind met 'n volwassene wat hy/sy met een van die

betrokke tale assosieer, in gesprek tree.

Die tweede hipotese – wat hier die *multitaalsisteemhipotese*²⁸ genoem word – staan lynreg teenoor die eentaalsisteemhipotese en veronderstel dat tweetalige kinders aanvanklik die woordeskat en grammatika van al hulle eerste tale onderskei en organiseer (Cantone, 2007:7). Daar is met ander woorde van die begin af meer as een taalsisteem ter sprake. Dit word as 'n instrument om gespreksverloop te bewerkstellig, gesien en nie as 'n soort taalsteurnis nie (Skiba, 1997:2). Dit dui dus nie op verwarring of 'n gebrek aan leksikale kennis nie, soos Meng en Miyamoto (2012) argumenteer:

*A majority of the case studies on bilingual children's language development report the occurrence of language mixing [...] Some researchers regard [this] as a failure of bilingual infants to differentiate the two language systems at an early stage of language acquisition [...] On the other hand, some researchers argue that bilinguals **are able to differentiate their two linguistic systems at very early ages but mix languages due to other reasons.** (Meng & Miyamoto, 2012:394; eie beklemtoning)*

Hoewel sommige navorsers, soos Hulk en Van der Linden (1996), Deuchar & Quay (2000) en Stander (2000), nie heeltemal oortuig is van die taalsisteemskeiding soos wat dit in die multitaalsisteemhipotese beskryf word nie, word dié hipotese baie meer in die literatuur ondersteun (vergelyk onder andere Comeau *et al.*, 2003; Hulk & Müller, 2000; Lanvers, 2001; Meng & Miyamoto, 2012; Pert & Letts, 2006; Reyes, 2004; Shin & Milroy, 2000; en Vihman, 2016:178). Cantone (2007:9) meld dat geen studie in die tydperk van ongeveer 1997 tot 2007 verskyn het wat die eentaalsisteemhipotese bevestig het nie. Hierdie studie aanvaar in beginsel die multitaalsisteemhipotese (kyk 2.4 later in hierdie hoofstuk vir 'n bespreking). Vergelyk ook in dié verband:

The hypothesis that children do not differentiate their two language systems [...], has largely been disconfirmed by several studies [...]. It seems a clear fact that children do separate their two languages from very early onwards. (Cantone, 2005:479)

²⁸ In die literatuur is daar nie 'n spesifieke Engelse term wat teenoor die eentaalsisteemhipotese staan nie. Derhalwe is hierdie nuutskepping vir die doeleindes van die studie geformuleer.

2.2.2.2 Taalkombinasies

TETV-studies ondersoek meestal die kodewisseling tussen **onverwante** taalkombinasies en nie nouerwante taalkombinasies nie. Die meerderheid van die bestaande TETV-navorsing is in Wes-Europa en Noord- en Suid-Amerika uitgevoer,²⁹ aangesien daar in hierdie wêrelddele eerder kontaksituasies tussen onverwante as nouerwante taalkombinasies plaasvind. Nouerwante taalkombinasies verwys na tale wat op 'n genetiese vlak verwant is aan mekaar – byvoorbeeld tale wat almal deel uitmaak van die Germaanse taalfamilie – en waar daar steeds vandag 'n mate van **onderlinge verstaanbaarheid** (“*mutual intelligibility*”) heers, hetsy in gesproke of geskrewe taal (Swarte, 2016). Tale soos Afrikaans, Engels en Duits word dus as verwante tale gesien, waar tale soos Afrikaans, Fries en Nederlands as nouerwante tale gesien word. Hoewel navorsing al gedoen is oor die TETV van nouerwante taalkombinasies, is slegs 'n paar studies voltooi wat na nouerwante, Germaanse taalkombinasies kyk – vergelyk byvoorbeeld Bosman en Blom (2019) wat die Nederlands-Fries-taalkombinasie ondersoek.

Nederlands is al oor die afgelope drie dekades in 'n handvol TETV-studies wat oor kodewisseling handel, ondersoek (byvoorbeeld Backus & Van der Heijden, 2002; Bosman & Blom, 2019; Hulk & Van der Linden, 1996 en Pablos *et al.*, 2019). Die ander tale in hierdie studies is onderskeidelik Turks, Fries, Frans en Papiamentu, en die meeste van hierdie studies se bevindinge trek ook die eentaalsisteemhipotese in twyfel. Hoewel Hulk en Van der Linden (1996) meen dat daar nie met sekerheid gesê kan word dat die resultate van die studie 'n aanduiding van een of meer taalsisteme is nie, is Backus en Van der Heijden (2002) en Bosman en Blom (2019) egter seker dat hulle bevindinge inderdaad op veelvoudige taalsisteme dui. Hulle bevind dat die voorskoolse deelnemers in hul afsonderlike studies streng kognitiewe beheer uitgeoefen het om tussen Nederlands en Turks/Fries te wissel, wat volgens hulle 'n aanduiding van 'n duidelike taalsistemskeiding is (Backus & Van der Heijden, 2002:55; Bosman & Blom, 2019:1431).

²⁹ Baie van die kontaksituasies wat in dié lande voorkom, is tussen taalkombinasies wat veral Engels betrek (soos Engels-Frans, Engels-Spaans, en ander).

Afrikaans is nog nie in 'n TETV-studie wat oor die voorkoms van kodewisseling handel, ondersoek nie. Die naaste hieraan is die navorsing in McCormick (2002) se boek en Nel (2012) se MA-verhandeling aan die Universiteit Stellenbosch (kyk ook Nel & Huddleston, 2012). Aangesien beide hierdie studies oor **skoolgaande**, Afrikaans-Engelse kinders handel, kan dit nie streng gesproke as TETV-studies gesien word nie. Hierdie navorsing is onderskeidelik in Distrik Ses (McCormick, 2002) en by 'n plattelandse laerskool in Paarl (Nel, 2012) in die Wes-Kaap uitgevoer. McCormick (2002) en Nel (2012) het albei die deelnemers in hul natuurlike, alledaagse klasomgewing en interaksies met mekaar waargeneem en opgeneem.³⁰

Die resultate van McCormick (2002) en Nel (2012) se studies is ook soortgelyk. Beide bevind dat die deelnemers wel van kodewisseling gebruik gemaak het in hul gesprekke (soos wanneer oor 'n spesifieke onderwerp uitgevra of vertel word) en streng beheer uitgeoefen het om kodewisseling aan te wend na gelang van die bepaalde situasie of konteks. Hierdie bevindinge weerlê as't ware die eentaalsistehmipotese, aangesien dit 'n duidelike skeiding tussen taalsisteme aantoon. McCormick (soos aangehaal deur Gardner-Chloros, 2009:160) bevind dat die onderwyser kodewisseling gebruik om beheer oor die tweetalige, dubbelmedium klaskamer uit te oefen. Nel (2012:51) bevind verder in haar studie dat Myers-Scotton (1993) se bekende MLF- en 4-M-modelle³¹ geskik is as teoretiese raamwerk om hierdie deelnemers se gesprekskodewisseling te analiseer. Hierdie modelle word in die volgende afdeling bespreek.

2.2.3 Myers-Scotton se tradisionele kodewisselingsmodelle

Vanuit 'n sosiolinguistiese vertrekpunt is Myers-Scotton sekerlik die deurslaggewendste bydraer tot kodewisselingsnavorsing. Myers-Scotton (1993) se twee bekendste modelle is die gemarkeerdheidsmodel ("*Markedness Model*") en matrikstaaalmodel ("*Matrix Language Frame Model*" – voortaan MLF-model), en hierdie modelle is vir die eerste keer in haar boek *Social*

³⁰ Speelsessies is met behulp van oudiovisuele toerusting opgeneem en later vir analise getranskribeer.

³¹ Hierdie modelle is deur Myers-Scotton ontwikkel om hoofsaaklik volwassenes se kodewisseling te klassifiseer en analiseer. Kyk ook 2.2.3.

motivations for code-switching: Evidence from Africa uiteengesit. Die modelle fokus onderskeidelik op die uiteensetting van die sosiale konvensies en beperkinge rondom die gebruik van kodewisseling in taalkontaksituasies en die grammatikale eienskappe van hierdie verskynsel (Van Dulm, 2007:14). Dit word hoofsaaklik gebruik om tweetaliges se bevoegdheid, prosessering en produksie van kodewisseling in verskeie kontaksituasies te ondersoek (Myers-Scotton & Jake, 2009:336). Baie van die kodewisselingsstudies wat tot op hede aan die hand van hierdie modelle gedoen is, fokus op tweetalige volwassenes se gebruik van kodewisseling in 'n aantal kontak- en gespreksituasies (Van Dulm, 2007:13).

2.2.3.1 Gemarkeerdheids-, MLF- en 4-M-modelle

Myers-Scotton se gemarkeerdheidsmodel handel spesifiek oor die keuses vir die gebruik van kodewisseling. Die keuse om verskillende linguistiese variëteite of kodes te gebruik, hou verband met sosiale en psigologiese faktore binne die konteks van 'n spesifieke spraakgemeenskap (Myers-Scotton, 1993:75, 1998a:5, 1998b:18). Hierdie faktore sluit in die teenwoordigheid van gespreksvennote, toepaslikheid, status, aanvaarbaarheid, solidariteit, taalvoorkeur, en so meer (Ritchie & Bhatia, 2008:339-351). Om dié rede kan gevalle van kodewisseling as óf voorspelbaar (ongemarkeerd), óf onvoorspelbaar (gemarkeerd) geklassifiseer word.

*[...] choices are labelled **unmarked** when they constitute **predicted behavior**, given the context; that is, they negotiate the unmarked rights and obligations set for that context. In some sense, they maintain the community's status quo. Choices are **marked** when they can be seen as **negotiations to invoke a rights and obligations set other than the unmarked one for the context**. (Myers-Scotton, 1998a:6; eie beklemtoning)*

Ongemarkeerde kodewisseling word dus gekenmerk aan 'n verandering van kode wat normaal en te verwagte binne 'n bepaalde konteks of situasie is (Lawrence, 1998:48), byvoorbeeld wanneer twee of meer Kaapse Afrikaanssprekers tussen Afrikaans en Engels binne 'n alledaagse gesprek wissel. Daarteenoor verwys *gemarkeerde* kodewisseling na kodewisseling wat nie gewoon of te verwagte is binne die bepaalde situasie waarin dit gebruik word nie, byvoorbeeld wanneer 'n Afrikaans-Engelse tweetalige na Afrikaans binne 'n gesprek met uitsluitlik Engelse

gespreksdeelnemers oorslaan. Volgens Lawrence (1998:50) vind gemarkeerde kodewisseling gewoonlik plaas wanneer sprekers hul regte wil uitoefen, 'n stelling wil beklemtoon of as hulle 'n ander gespreksdeelnemer wil akkommodeer. Hierdie tipe kodewisseling het met ander woorde gewoonlik 'n sterk sosiale funksie.

Myers-Scotton se MLF-model fokus op hoe gevalle van kodewisseling in uitings gestruktureer en geklassifiseer kan word. Hierdie model veronderstel dat een dominante taal altyd die morfosintaktiese, oftewel grammatikale, struktuur bepaal in enige geval van kodewisseling (Myers-Scotton, 2009:243). Gewoonlik is die dominante taal die taal waarvan daar die meeste morfeme voorkom – hierdie taal staan bekend as die matrikstaal (MT). Lawrence (1998:17) verduidelik egter dat die MT nie noodwendig die spreker se eerste taal hoef te wees nie.

Daarteenoor staan die taal of tale wat die hooftaal versteur bekend as die ingebedde taal (IT), terwyl frases waar die IT die MT versteur ingebeddetaaleilande (“*embedded language islands*”), oftewel IT-eilande, genoem word. Myers-Scotton (2009:244) stel dat die MT in enige gegewe uiting of instansie van kodewisseling vasgestel kan word deur te bepaal watter taal se woord- en/of morfeemorde die uiting volg. Die oorblywende taal/tale is dan vanselfsprekend die IT. Byvoorbeeld, in die sin “Kan ons sommer na die restaurant *lopen*?” is die MT Afrikaans en die IT Nederlands, aangesien die Nederlandse *lopen* die enigste Nederlandse woord in die Afrikaanse sin is; die gebruik van die IT-eiland *lopen* versteur dus die hooftaal (Afrikaans). In ekstrasinkodewisseling, byvoorbeeld “Daar moet myns insiens alles gedoen word om Afrikaans as vaktaal te beskerm en uit te bou, *don't you agree?*”, is die MT Afrikaans en “... *don't you agree?*” kan as die IT-eiland beskou word; die IT is dus Engels.

Die sogenaamde 4-M-model is later ontwikkel om die bogenoemde MLF-model aan te vul. Die 4-M-model is daargestel om die morfeme in enige gegewe geval van kodewisseling te organiseer of klassifiseer (Myers-Scotton & Jake, 2009:336). Myers-Scotton (2009:268) onderskei op grond van funksies tussen inhoudsmorfeme (“*content morphemes*”) en sisteemmorfeme (“*system morphemes*”). Inhoudsmorfeme sluit die meeste naamwoorde, werkwoorde, (beskrywende) adjektiewe en voorsetsels in (Lawrence, 1998:19), terwyl sisteemmorfeme kwantifiseerders, koppelwerkwoorde, determineerders en gebonde morfeme wat tyd en aspek aandui, insluit.

Uit hierdie modelle se vertrekpunte is daar duidelik bepaalde beperkinge waaraan kodewisselingsgevalle onderworpe is. Lawrence (1999:267-271) vat die beperkinge soos volg saam:

- (i) Dit is hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik nie) **werk- en naamwoorde** wat deur kodewisseling geaffekteer word.
- (ii) Die **woord- en morfeemorde** wat in die kodewisseling gebruik word, stem gewoonlik ooreen met dié van die **MT** en nie die **IT** nie.
- (iii) Die **sintakties relevante sisteemmorfeme** is hoofsaaklik afkomstig van die **MT**.
- (iv) Daar bestaan altyd 'n **ooreenkoms** tussen die inhoudsmorfeme van die **MT** en **IT**.

2.2.3.2 Probleme met die gebruik van Myers-Scotton se kodewisselingsmodelle

Hoewel Myers-Scotton se kodewisselingsmodelle baie waarde dra en algemeen binne die taalkundegemeenskap aanvaar word, is daar ook bepaalde tekortkominge met betrekking tot die gebruik van hierdie modelle. Een faktor wat in ag geneem moet word, is die verwantskap tussen die tale wat ondersoek word. Sommige navorsers meen dat die gebruik van Myers-Scotton se modelle nie geskik is om in studies te gebruik waar **nouwerwante** taalkombinasies ter sprake is nie. Höder (2012:246) is van mening dat wanneer die betrokke tale in die kodewisseling nouwerwant is, dit uitdagend sal wees om die **MT** en **IT** in elke geval klinkklaar te identifiseer, selfs deur gebruik te maak van die metodes wat Myers-Scotton in haar **MLF**-model uiteensit. Hy sê in dié verband:

*Myers-Scotton's (2002) Matrix Language Frame Model take[s] considerable pains to ultimately determine the language of a particular sequence, morpheme, construction, or category within a given multilingual utterance, especially in order to figure out which of the languages at hand is dominant (the 'matrix language'). This approach relies, of course, on the **possibility** to distinguish different languages within an utterance [...]. However, **the more***

similar two languages, the less feasible such an assignment becomes. (aangepas uit Höder, 2012:245-6; eie beklemtoning)

Afrikaans-Nederlands is 'n voorbeeld van 'n nouerwante taalpaar. Heeringa *et al.* (2015) het in 'n onlangse studie bevind dat Afrikaans meer nouerwant aan Nederlands (en sy variëteite) is as aan die Germaanse tale Fries en Duits. Hierdie bevinding is hoofsaaklik gebaseer op die feit dat Afrikaans en Nederlands baie oorvleueling met betrekking tot die uitspraak van verskillende klanke het (Heeringa *et al.*, 2015:7-8). Dié twee tale deel egter nie net kenmerke op die fonologiese vlak nie, maar ook op die morfologiese, sintaktiese en semantiese vlak, wat veroorsaak dat daar in die meeste gevalle 'n mate van onderlinge verstaanbaarheid tussen sprekers van hierdie tale is.

Afrikaans en Nederlands het veral baie oorvleueling met betrekking tot woordeskat. Volgens Van Huyssteen en Pilon (2009) kan die aanname gemaak word dat 90-95% van die Afrikaanse woordeskat van Nederlands afkomstig is. Van Huyssteen en Pilon (2009) en Van Zaanen *et al.* (2014:1056-57) tref onderskeid tussen *identiese kognate*, *nie-identiese kognate*, *nonkognate* en *valse vriende*. 'n *Identiese kognaat* ("identical cognate") is 'n woord met 'n identiese vorm en betekenis in beide hierdie tale, byvoorbeeld *boek*, *familie* en *straat*. In sommige gevalle is die geflekteerde woordvorme ("inflected word-forms") van hierdie identiese kognate dieselfde, byvoorbeeld *olies* en *kelders*. In die meeste gevalle verskil hierdie geflekteerde woordvorme egter – vergelyk byvoorbeeld *strate* (Afrikaans) teenoor *straten* (Nederlands). *Nie-identiese kognate* ("non-identical cognates") is woordvorme wat etimologies verwant is, maar waarvan die vorm op 'n sistematiese wyse verskil (Loots *et al.*, 2010; Van Huyssteen & Pilon, 2009; Van Zaanen, 2014:1057).³² Voorbeelde van nie-identiese kognate is hoofsaaklik geflekteerde (werk)woordvorme, byvoorbeeld *beskryf* (Afrikaans) teenoor *beschrijven*, *beschrijf*, *beschrijft*, *beschreven* en *beschreef* (Nederlands). *Nonkognate* ("non-cognates") is woorde wat verskil in vorm, maar na dieselfde referent verwys, byvoorbeeld *nartjie* (Afrikaans) teenoor *mandarijntje* (Nederlands). Volgens Van Huyssteen en Pilon (2009), asook Ehlers en Van Beek (2004:174,

³² Daar word ook na nie-identiese kognate in Engels verwys as "*nearly identical cognates*" (Dijkstra *et al.*, 2010:287).

181) is 'n *valse vriend* (“*false friend*”) 'n woord met 'n soortgelyke vorm, maar verskillende betekenis in die twee tale. 'n Voorbeeld van 'n valse vriend is *vaak* – in Nederlands is dit 'n adjektief of bywoord wat daarop dui dat iets dikwels gebeur, terwyl *vaak* in Afrikaans na 'n gevoel van slaperigheid verwys. (Hierdie konsepte word weer in 3.4.4 by die uiteensetting van die data-annotering bespreek.)

Ofskoon Myers-Scotton se modelle suksesvol aangewend is in sekere studies wat verwante tale ondersoek, is dit nie noodwendig ewe gepas vir studies wat **nouwerwante** taalkombinasies ondersoek nie. 'n Studie soos Nel (2012) s'n wat Afrikaans-Engels as verwante taalkombinasie ondersoek, maak gebruik van Myers-Scotton se kodewisselingsmodelle as teoretiese begroning. Alhoewel Afrikaans en Engels albei deel vorm van die Germaanse taalfamilie, verskil hulle relatief baie met betrekking tot morfologie, leksikon en uitspraak. Om dié rede is die toepassing van hierdie modelle op 'n taalkombinasie soos Afrikaans-Engels uitvoerbaar.

Vir 'n taalkombinasie soos Afrikaans-Nederlands wat, soos hier bo aangetoon, nouverwant is, sal die toepassing van hierdie modelle egter meer uitdagend en problematies wees. Hierdie tale het aansienlik meer gedeelde eienskappe, en daarom sal dit ingewikkeld wees om in alle gevalle van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders se kodewisseling die MT en IT onteenseglik te identifiseer. Veral, soos in hierdie studie, waar korter, ontluikende kindertaalkonstruksies ook betrokke is, sal dit dalk in sommige gevalle onmoontlik wees om dié onderskeid met sekerheid te tref. Verder maak die huidige navorsing ook slegs gebruik van geskrewe (ortografiese) data, en nie van gesproke (fonologiese) data nie; derhalwe word daar slegs staatgemaak op die korrespondente se ortografiese voorstellings van hul interpretasies van die uitings wat gebruik is. Hierdie faktor bemoeilik dus ook bogenoemde onderskeid verder.

Höder (2012) stel 'n **alternatiewe** benadering voor om kodewisseling onder nouwerwante taalpare te ondersoek. Hy meen dat in plaas van om te fokus op die identifisering van die MT en IT, dit meer sinvol en minder uitdagend sal wees om eerder na die taalspesifieke (idiosinkratiese) en taalonspesifieke (diasistematiese) konstruksies binne gemengde uitings van nouwerwante taalpare te kyk. Idiokonstruksies verwys na konstruksies wat eiesoortig is aan 'n bepaalde taal, terwyl diakonstruksies verwys na strukture wat in albei tale voorkom (dit wil sê gedeelde kenmerke of konstruksies; Höder, 2012:247). Hierdie benadering staan bekend as

diasistematiese konstruksiegrammatika en word in diepte in die volgende afdeling bespreek.

2.3 Teoretiese raamwerk: 'n kognitiewe benadering tot die ondersoek van tweetalige eerstetaalverwerwing

2.3.1 Kognitiewe linguistiek en konstruksiegrammatika

Daar bestaan hoofsaaklik twee benaderings tot die bestudering van fenomene – 'n rasionalistiese of empiristiese benadering. Campbell en Wales (1970:1), asook Yount (2013) omskryf rasionalisme as die sienswyse dat inherente kennis op verskeie wyses vergestaltung vind, soos 'n persoon se vermoë om taal te gebruik. Dit wil sê, rede en kennis is die grondslag wat hierdie benadering dryf. Binne die dissipline van taalkunde kan die formalistiese benaderings, soos Chomsky (1965) se generatiewisme, as rasionalisties gesien word. Generatiewisme veronderstel dat die natuurlike taalverwerwingsproses van kinders en hulle vlak van taalgebruik gebaseer is op inherente taalverwerwingsbeginsels deur die toepassing van formele sisteme (McGilvray, 2018). Met ander woorde, 'n kind se brein is by geboorte toegerus met 'n sogenaamde genetiese taalverwerwingsmeganisme ("*language faculty*") wat sy/haar vermoë om taal aan te leer bepaal, ten spyte van byvoorbeeld gebrekkige insette vanuit sy/haar omgewing. Anders gestel, elke persoon beskik oor 'n stel aangebore reëls wat toegepas kan word op alle natuurlike tale.

Generatiewisme het egter al skerp kritiek ontvang. Kritici meen dat die idee van universele grammatika op geïsoleerde taalgevalle gebaseer is en nie universele beginsels verteenwoordig nie. Om derhalwe te beweer dat elke taal in die wêreld dieselfde onderliggende struktuur verteenwoordig, is volgens dié kritici net té verreikend (Boas & Höder, 2018:5; Horgan, 2016). 'n Verdere punt van kritiek is dat hierdie benadering daarin faal om die pragmatiese eienskappe van taal te betrek. Generatiewisme beskou taal as 'n outonome struktuurstelsel in plaas van 'n instrument wat gebruik word vir sosiale interaksie, en daarom staan die inhoud en betekenis van tekste nie sentraal nie. 'n Laaste en belangrike punt van kritiek is die feit dat die belang en bestaan van taalkontak en meertaligheid ook binne hierdie benadering verontagsaam word (Almurashi, 2016:72; Boas & Höder, 2018:5; Horgan, 2016). Kritici meen dus dat taal eerder

gedryf word deur konvensies en wêreldgetroue ervaring in plaas van 'n universele taalstruktuur.

Teenoor rasionalisme staan empirisme. **Empirisme** word omskryf as die benadering wat beweer dat kennis afgelei word vanuit gebeure in die buitewêreld (Clark, 2009:2-3; Lust, 2006:50). In empiristiese benaderings word inherente kennis as konsep verwerp, aangesien 'n persoon eerder kennis verwerf deur **wêreldgetroue ervarings** in sy/haar verwysingsveld (Yount, 2013). Taal spruit dus voort uit ervaring eerder as ingebore kennis. Binne die dissipline van taalkunde kan die funksionalistiese benaderings as empiristies gesien word.

Funksionalisme is 'n taalkundige benadering waarin die funksie van taal sentraal staan – die hoofvertrekpunt is die funksie of rol wat taal in ons lewens vervul, waarby die pragmatiek ook ten nouste betrek word. Die funksionaliste staan direk teenoor die vormgedrewe idees van die formaliste. Hulle fokus hoofsaaklik op drie kernaspekte, naamlik betekenis (semantiek), klank (fonologie) en teksgrammatika (leksikon, morfologie en sintaksis) (Almurashi, 2016:72; Nordquist, 2017).

Kognitiewe linguistiek (KL) is 'n voorbeeld van 'n **funksionalistiese benadering** (Campbell & Wales, 1970:1). In teenstelling met generatiewisme is KL eerder gesetel in die studie van menslike kognitiewe prosesse wat verband hou met die wyse waarop mense taal in bepaalde situasies aanwend (ICLA, 2018; Jordan, 2015). Dié taalgebruik hou weer verband met die betekenis wat die brein genereer. KL fokus opnuut op semantiek en pragmatiek (betekenis) wat vantevore byna heeltemal deur die generatiewiste verontagsaam is. Die betrekking van betekenis behoort deel uit te maak van enige ondersoek na 'n taalkundige fenomeen wat binne die KL-raamwerk uitgevoer word, soos aangedui word deur die volgende aanhaling:

Meaning is what language is all about; the analyst who ignores it to concentrate solely on the matters of form severely impoverishes the natural and necessary subject matter of the discipline and ultimately distorts the character of the phenomena described. (Langacker, 1998:12; eie beklemtoning)

Gebruiksgebaseerde metodologieë vorm deel van die kognitiewe linguistiek. Die fundamentele onderbou van **gebruiksgebaseerde benaderings** is dat taalgebruik of grammatika gevorm word deur die **ervaring** van individue of taalsprekers. Volgens Van Huyssteen (2002:303)

veronderstel kognitiewe gebruiksgebaseerde benaderings “dat taal integraal deel is van menslike kognisie, dat die grammatika inherent betekenisvol is, en dat werklike taalgebruiksdata sentraal staan in taalkundige beskrywings en verklarings”. Bybee (2006:710-711) stel dat ’n gebruiksgebaseerde teoretikus die vooronderstelling sou maak dat grammatika omskryf kan word as ’n persoon se kognitiewe organisering van sy/haar ervaring met taal. Dit wil sê, ’n persoon se algemene kognitiewe vermoëns laat ruimte vir kategorisering van beide eenderse, sowel as kontrasterende taalervarings. Derhalwe sal enige nuwe taalervarings wat ’n persoon teëkom, gekategoriseer word om ’n grammatika te produseer (Höder, 2014c:202). Binne hierdie benadering word dus geglo dat geen studie oor enige taalkundige fenomeen onderneem kan word sonder die betrekking van **gebruiksgebaseerde** data van **natuurlike** taalgevalle nie. Die hoofuitgangspunt van hierdie benadering word soos volg deur Bybee (2006) saamgevat:

A usage-based theorist would make the [...] proposal that grammar is the cognitive organization of one’s experience with language. The proposal presented here is that the general cognitive capabilities of the human brain, which allow it to categorize and sort for identity, similarity and difference, go to work on the language events a person encounters, categorizing and entering in memory these experiences. The result is a cognitive representation that can be called a grammar. (Bybee, 2006:711)

Gebruiksgebaseerde metodologieë is al in ’n aantal kindertaalverwerwingstudies as teoretiese onderbou gebruik (vergelyk onder andere Abbot-Smith & Tomasello, 2006; Dąbrowska & Lieven, 2005; Lieven *et al.*, 1997; en Tomasello, 1992). Kinders beskik oor die vermoë om taal aan te leer, en hierdie vermoë sal slegs gestimuleer en ontwikkel word deur blootstelling aan die buitewêreld en ervarings. Wanneer kinders hulle eerste taal/tale, soos Afrikaans en/of Nederlands, verwerf, begin hulle by leksikaal-spesifieke konstruksies (“*islands*”) en ontwikkel dan stelselmatig meer abstrakte uitings (Tomasello, 2000:66-67). Kinders memoriseer konkrete taaluitings wat hulle dan gebruik om – gebaseer op hul formele of funksionele ooreenkomste met ander taaluitings – verbande te trek met ander uitings en om sodoende algemene skemas te vorm. Dit wil sê, hierdie skemas word gevorm deur die vergelyking van assosiasies wat die brein tussen verskillende kategorieë maak. Dit is dan hierdie skemas wat kinders uiteindelik in staat stel om komplekse, nuwe uitings te vorm (Nardy *et al.*, 2013:277-280).

Konstruksiegrammatika (KxG) is 'n deelteorie binne die kognitiewe linguistiek wat op die rol van grammatikale konstruksies fokus (Nordquist, 2019). Die kruks van KxG kom daarop neer dat dit 'n wyse is om veralgemenings oor taalkundige strukture aan die hand van konstruksies te formuleer (Fried, 2015:974). KxG kan gebruik word om taal in sy totaliteit te bestudeer, asook om die sosiokognitiewe gedrag onderliggend aan taalgebruik beter te verstaan. Nordquist (2019) stel dat KxG 'n uiters bruikbare teorie is om taalverwerwing te verstaan en beskryf. Vergelyk in hierdie verband die aanhaling van Hoffman en Trousdale (2013):

*One of the central concepts of linguistics is the Saussurean notion of the linguistic sign as an arbitrary and conventional pairing of form [...] and meaning [...]. [...] [A]fter Saussure's death, several linguists then explicitly started to explore the idea that arbitrary form-meaning pairings might not only be a useful concept for describing words or morphemes but that perhaps **all levels of grammatical description involve such conventionalized form-meaning pairings**. This extended notion of the Saussurean sign has become known as a 'construction' (which includes morphemes, words, idioms, and abstract phrasal patterns) and the **various linguistic approaches exploring this idea were [labelled] 'Construction Grammar'**. (aangepas uit Hoffman & Trousdale, 2013:1; eie beklemtoning)*

Daar bestaan 'n hele aantal verskillende konstruksiegrammatikas. Volgens Croft en Cruse (2004:257-266), asook Nordquist (2019) is die prominentste konstruksiegrammatikas wat in die vakliteratuur vergestaltung vind die volgende:

- (i) Ron Langacker se kognitiewe grammatika (KG; "*cognitive grammar, CG*") fokus merendeels op semantiese kategorieë en verhoudings (Croft & Cruse, 2004:266).
- (ii) George Lakoff, Adele Goldberg en Hans Boas se werk staan bekend as kognitiewe konstruksiegrammatika (KKxG; "*cognitive construction grammar, CCxG*"). Hulle fokus hoofsaaklik op die kategoriseringsverhoudings tussen verskillende konstruksies (Nordquist, 2019).
- (iii) Charles Fillmore en Paul Kay ontwikkel unifikasiekonstruksiegrammatika

(UKxG; “*unification construction grammar, UCxG*”).³³ Hierdie variant van KxG fokus op sintaktiese verhoudings en oorerwing (Croft & Cruse, 2004:266).


- (iv) Radikale konstruksiegrammatika (RKxG; “*radical construction grammar, RCxG*”) is ontwikkel deur William Croft en fokus op semantiese kategorieë en universele verhoudings (Nordquist, 2019).

Höder (2012:252) en Nordquist (2019) meld dat, ten spyte van al die verskillende benaderings, daar bepaalde vooronderstellings is wat deur al hierdie benaderings gedeel word:

- (i) Sprekers se kennis van taal (grammatika) bestaan uit ’n groot inventaris van konstruksies wat op ’n leksikon-sintaksis-kontinuum voorgestel kan word.
- (ii) Skematiese en konkrete konstruksies vorm deur middel van inherente verhoudings ’n interafhanklike netwerk van elemente.
- (iii) Taalsprekers leer skematiese konstruksies aan deur beskikbare insette te kategoriseer.
- (iv) Alle konstruksies is nie noodwendig reëlgebaseerd of produktief nie; sommige is onreëlmatig en arbitrêr.

In die vakliteratuur, en in verskillende KxG-benaderings, bestaan verskeie omskrywings van wat konstruksies binne KxG nou eintlik voorstel. Croft (2001:18) maak die volgende visuele voorstelling van die vorm-betekenis-struktuur van ’n konstruksie:

³³ Volgens Croft en Cruse (2004:266) staan hierdie benadering ook in die literatuur as “*Construction Grammar*” bekend. Hierdie konstruksiegrammatika se naam word spesifiek met hoofletters geskryf, om sodoende nie verwar te word met die oorkoepelende deelteorie/raamwerk genaamd konstruksiegrammatika (“*construction grammar*”) nie.



Figuur 1: Vorm-betekenis-struktuur van 'n konstruksie (aangepas uit Croft, 2001)

In Figuur 1 toon Croft aan waaruit 'n konstruksie bestaan en illustreer hy dat enige konstruksie noodwendig 'n **vorm-betekenis-passing** is met bepaalde eienskappe van elkeen van hierdie aspekte. Die vorm van 'n konstruksie betrek die sintaktiese, morfologiese en fonologiese eienskappe; die (gekonvensionaliseerde) betekenis sluit die semantiese, pragmatiese en diskoers-funksionele eienskappe in. Saam vorm al hierdie eienskappe uiteindelik 'n konstruksie (Croft, 2001:18). Die pragmatiese betekenis van 'n konstruksie kan egter idiosinkraties wees en dus verskil van een spreker tot 'n ander.

Vir die doeleindes van hierdie studie gaan Goldberg (2006) se definisie van konstruksies gebruik word; sy definieer konstruksies soos volg:

Any linguistic pattern is recognized as a construction [if] some aspect of its form or function is not strictly predictable from its component parts or from other constructions recognized to exist. In addition, patterns are stored as constructions even if they are fully predictable [if]

they occur with sufficient frequency. (aangepas uit Goldberg, 2006:5; eie beklemtoning)

Addisioneel tot Croft se definisie dat 'n **konstruksie** 'n vorm-betekenis-passing is, stel Goldberg (2006) in haar definisie dat geen aspek van [x] of [X] volkome voorspelbaar uit die vorm-betekenis-passing se onderdele is nie. Dit wil sê, enige taalkundige patroonmatigheid kan as 'n konstruksie geklassifiseer word, mits een of ander aspek van sy [x] of [X] nie volkome voorspelbaar is nie en hierdie patroonmatigheid gereeld genoeg voorkom (Van Huyssteen, 2005:127). Die voorstelling [[kombuis]/[KOMBUIS]] is dus 'n representasie van die vorm-betekenis-struktuur van *kombuis*. Dit kan as 'n konstruksie gesien word, aangesien geen aspek van [kombuis] voorspelbaar is uit die onderdele, te wete [k], [o], [m], [b], [u], [i] en [s], nie. Die vlak van abstraktheid of spesifisiteit van 'n konstruksie strek van skematies tot gespesifiseerd en kan op enige vlak van abstraksie voorgestel word (Van Huyssteen, 2017:181). Die voorbeeld [[kombuis]/[KOMBUIS]] is volledig gespesifiseer met betrekking tot vorm **en** betekenis, aangesien dit 'n duidelike vorm het (*kombuis*) en verwys na 'n plek of ruimte waar kos voorberei word. Konstruksies sluit dus alle aspekte van taal in – morfeme, (komplekse) woorde, idiome, passiewe vorme, en so meer (Goldberg, 2006:5). In Tabel 1 word enkele oorspronklike voorbeelde van Afrikaanse konstruksies op verskeie vlakke van abstraktheid verskaf. Hierdie tabel is losweg gebaseer op Goldberg (2006:5) se voorstelling.

Tabel 1: Afrikaanse voorbeelde van konstruksies op verskillende vlakke van abstraktheid

Morfeem	bv. <i>on-</i> ; <i>-loos</i>
Woord	bv. <i>kombuis</i> ; <i>tafel</i> ; <i>en</i>
Komplekse woord	bv. <i>kombuistafelpoot</i> ; <i>grondboontjebotter</i>
Komplekse woord (gedeeltelik gevul)	bv. [N·tjie] _{N.DIM} (verkleiningsvorm vir selfstandige naamwoorde wat op 'n diftong, <i>ie</i> , <i>l</i> , <i>n</i> of <i>r</i> eindig)
Idioom (ge vul)	bv. <i>aardjie na sy vaartjie</i> ; <i>om die bobbejaan agter die bult te gaan haal</i>
Idioom (gedeeltelik gevul)	bv. <i>om 'n appeltjie met <iemand> te skil</i> ; <i>om <iemand> van bakboord na stuurboord te stuur</i>
Passiewe vorm	[Obj aux deur Subj ge·V word] (bv. <i>die bal kan deur Danielle geskop word</i>)

Een punt van kritiek teen die meeste KxG-benaderings is dat hierdie benaderings nie taalkontakfenomene ondersoek nie. Hilpert en Östman (2014:137) stel byvoorbeeld, ten tye van hul publikasie, dat die meeste KxG-navorsing uitsluitlik op die analise van eentalige konstruksies fokus, veral Engelse, idiomatiese konstruksies. Taalkontakfenomene is ook eksplisiet uitgesluit by Traugott en Trousdale (2013) se seminale werk, *Constructionalization and constructional change*. Boas en Höder (2018:5) stel egter dat taalkontak en meertaligheid 'n baie belangrike deel van die moderne samelewing is en dat bykans alle individue tot 'n mate meertalig of -dialekties is. Desnieteenstaande is die bestudering van meertaligheid volgens Höder (2014a:138) grotendeels op die periferie van taalkundige en grammatikale benaderings:

*Despite its ubiquity, multilingualism has a strangely **peripheral status** in linguistic and particularly grammatical theory:*

- (i) ***none** of the most influential frameworks in grammatical theory takes multilingualism or intralingual variation as its point of departure;*

-
-
- (ii) *most of them have severe difficulties handling multilingual phenomena; [and]*
 - (iii) *as a rule, the importance of contact and variation is **neglected or ignored**.*
(Höder, 2014a:138; eie beklemtoning)

Höder (2014a:138) impliseer hiermee dat die fokus van taalkontakstudies nie op die produk van taalkontak vanuit een taal se perspektief moet wees nie, maar eerder op die taalkontakmeganismes of -fenomene as sodanig. Vervolgens moet grammatikale benaderingsvoorsiening maak vir die eienskappe van taal wat in 'n meertalige konteks dominant sal wees. Hierdie benaderings moet meertaligheid as 'n prototipiese kenmerk van taal(gebruik) beskou. Meertaligheid moet dus gesien word as die reël eerder as die uitsondering. Derhalwe bestaan 'n behoefte vir 'n KxG-benadering wat juis vir die grammatikale beskrywing van taalsisteme in 'n meertalige omgewing geskik is. Dié teoretiese benadering is deur Steffen Höder ontwikkel en staan bekend as diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG).

2.3.2 Diasistematiese konstruksiegrammatika

Diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG) is 'n resente uitvloeisel van die konvensionele KxG en is van toepassing op taalkontaksituasies tussen veral nouerwante taalkombinasies in 'n meertalige omgewing. DiaKxG het eers in onlangse jare in die literatuur vergestaltung gevind; die eerste DiaKxG-navorsing is in 2012 gepubliseer. Die hoofmotivering en -bydrae van hierdie benadering word soos volg saamgevat:

*DCxG is not meant to be a new variety of CxG. On the contrary, **DCxG can be defined as common usage-based CxG as applied to language contact situations**. Its rationale is to take the basic principles of usage-based CxG seriously and to unify them with findings from contemporary contact linguistic research. In doing so, DCxG also aims to yield insights into the organisation of linguistic knowledge that are relevant to the CxG enterprise in general. At the same time, DCxG intends, at least partially, **to fill a gap within contact linguistics**, caused by the lack of a theoretical approach capable of modelling the effects of language contact from a structural perspective in a realistic and unbiased manner, [i.e.,] by treating multilingualism and language contact as an inherent fact of human language rather than an interfering factor.*
(aangepas uit Höder, 2018:38; eie beklemtoning)

Hierdeur stel Höder dat DiaKxG dus nie 'n nuwe tipe KxG is nie, maar eerder tradisionele KxG is wat op taalkontaksituasies van toepassing gemaak kan word. DiaKxG maak gebruik van dieselfde vooronderstellings as KxG, soos in 2.3.1 uiteengesit is. DiaKxG is egter die saamkompunt van gebruiksgebaseerde konstruksiegrammatika en taalkontakdata en bied 'n raamwerk om veralgemenings oor taalkundige strukture aan die hand van meertalige konstruksies te formuleer. Höder (2019:340) stel dat die objek van ondersoek in DiaKxG gedefinieer word as die versameling konstruksies wat deur 'n spesifieke spraakgemeenskap gedeel word; in hierdie studie is dit dus die konstruksies wat Afrikaans-Nederlandse sprekers deel. Die teoretiese vertrekpunte van DiaKxG, asook die enkele gebruiksgebaseerde studies wat al dié deelteorie as beskrywingsraamwerk gebruik het om meertaliges se konstruksies te analiseer, word vervolgens bespreek.

2.3.2.1 Teoretiese vertrekpunte van die diasistematiese konstruksiegrammatika


2.3.2.1.1. *Idiokonstruksies en diakonstruksies*

DiaKxG het 'n aantal teoretiese vertrekpunte wat belangrik is vir die suksesvolle analise van konstruksies aan die hand van hierdie teorie. Volgens Höder (2019:343) veronderstel DiaKxG dat meertalige taalsprekers se taalkennis of grammatika georganiseer word in 'n enkele meertalige konstruktikon (die diakonstruktikon) wat bestaan uit taalspesifieke konstruksies (idiokonstruksies) en taalonspesifieke konstruksies (diakonstruksies). Diakonstruksies en idiokonstruksies word in afsonderlike konstruksienetwerke georganiseer en vorm uiteindelik saam een oorhoofse konstruktikon (d.i. die diakonstruktikon). (Vergelyk Figuur 3 vir 'n visuele voorstelling hiervan.)

Höder (2014b) gebruik vir die eerste keer die terme *diakonstruksies* en *idiokonstruksies*³⁴ in sy hoofstuk in die boek *Stability and divergence in language contact: Factors and mechanisms*:

³⁴ In vroeër werke word daar slegs na *diasistematiese konstruksies* en *idiosinkratiese konstruksies* verwys (vergeelyk Höder, 2012 & 2014a).

*The basic principle of DCxG is cross-linguistic generalisation in multilingual environments: Multilingual speakers organise their linguistic knowledge by means of abstraction and generalisation on the basis of the available input, and this generalisation goes as far as possible, regardless of any pre-existing boundaries between languages A and B. The speakers' linguistic knowledge thus constitutes one combined system, in which some elements – in DCxG terminology, **idioconstructions** – are language-specific, [i.e.,] they are used for a particular set of communicative purposes and contexts conventionally associated with language A or B in the multilingual community, while others – **diaconstructions** – lack such pragmatic restrictions and are accordingly **unspecified for language**. (Höder, 2014b:45; eie beklemtoning)*



Figuur 2: Idiokonstruksies en diakonstruksies (aangepas uit Höder, 2014c:219)

’n *Idiokonstruksie* verwys hiervolgens na ’n konvensionele vorm-betekenis-passing wat **eie** aan ’n spesifieke taal is (d.i. **taalspesifiek**; “*language specific*”) (Höder, 2014b:45). Aangesien idiokonstruksies aangeleer en met taalspesifieke kontekste geassosieer word, word hulle vereenselwig met die pragmatiese konteks waarin hulle verwerf is (Höder, 2018:44). ’n


Voorbeeld van 'n Afrikaanse idiokonstruksie is $[in+[x]_{V(Afr)}]_{V^{35}}$ (soos *ingee*) en 'n voorbeeld van 'n Nederlandse idiokonstruksie is $[in+[x]_{V(Ndl)} \cdot en]_{V.INF}$ (soos *inleveren*).

Die term *diakonstruksie*, daarenteen, dui op 'n vorm-betekenis-passing wat **veralgemeen** (d.i. skematiseer) oor die idiokonstruksies (taalspesifieke konstruksies), sodat dit dus **taalonspesifiek** (d.i. “*language unspecific*”) is (Höder, 2018:51). Volgens Van Rooy (2021:112) lê diakonstruksies die gemeenskaplikheid van 'n konstruksie wat in verskillende tale bestaan, vas. Dit is belangrik om daarop te let dat Höder (2018:51) sê dat nóg idiokonstruksies, nóg diakonstruksies as **absolute** konsepte beskou moet word, maar dat hulle verskillende grade van skematisiteit en verskillende interkonstruksieverhoudings kan vertoon. Hoewel Höder meestal in sy voorbeelde op skematiese gemeenskaplikhede dui, word daar in hierdie studie van die standpunt uitgegaan dat diakonstruksies op laer vlakke van skematisiteit (d.i. meer gespesifiseerd) selfs eienskappe van een taal, en nie van die ander taal nie, in die konstruksies kan bevat. Dit geld by uitstek leksikale data waar daar versmelting (*blending*) is van leksikale items uit die twee tale, byvoorbeeld 'n Afrikaans-Nederlandse diakonstruksie $[in+[x]_{V(Afr)} \cdot en]_{V.INF}$ (soos *inskakelen*), wat 'n passing tussen die Afrikaanse *inskakel* en die Nederlandse *inschakelen* verteenwoordig. Aangesien Afrikaans en Nederlands relatief baie gedeelde kenmerke het, is hierdie benadering juis geskik vir 'n studie wat Afrikaans-Nederlands as taalpaar ondersoek.

'n Diakonstruksie en sy gepaardgaande idiokonstruksies vorm 'n konstruksienetwerk, soos gesien kan word in Figuur 3. In die konstruksienetwerk is die diakonstruksie en idiokonstruksies onderling deur oorerwingskakels (“*inheritance links*”) verbind (Höder, 2018:51). Hierdie skakels verteenwoordig die gemeenskaplikhede of oorvleueling tussen twee intertaalekwivalente wat met mekaar in verband gebring word as gevolg van hul onderlinge

³⁵ Hier en verder aan in die studie word die konstruksieskemas aangepas om die argument wat gevoer word, te ondersteun. In hierdie konstruksieskema word die akroniem VV (valse vriend) gebruik in plaas van die tradisionele vorm $[x]$ van die element. Verderaan in die studie word die volgende akronieme ook, waar tersaaklik, vir dieselfde funksie gebruik: IK (identiese kognaat), NIK (nie-identiese kognaat) en NK (nonkognaat). Verder is die tradisionele konstruksieskemas ook aangepas om die tale van bepaalde elemente aan te toon, spesifiek omdat hierdie studie konstruksies wat uit elemente van twee tale bestaan, ondersoek en beskryf. Die taal van die leksikale item word telkens ná die funksie van die bepaalde element weergegee.

ooreenkomste.³⁶ Soos vroeër in hierdie afdeling genoem, bestaan die meertalige spreker se konstruktikon (oftewel diakonstruktikon) uit verskillende konstruksienetwerke van diakonstruksies en idiokonstruksies.



Figuur 3: Voorbeeld van 'n diakonstruksie en idiokonstruksies in 'n diakonstruktikon (aangepas uit Höder, 2018:44)

Dit is egter belangrik om tussen 'n diakonstruksie en 'n gedeelde konstruksie te onderskei. 'n **Gedeelde konstruksie** is 'n konstruksie wat in meer as een taal voorkom of deur meer as een taal gedeel word, waarteenoor 'n diakonstruksie na 'n **nuwe konstruksie** verwys wat gemeenskaplikhede uit twee idiokonstruksies bevat en in een taal gebruik word. 'n Diakonstruksie is dus gebaseer op die ooreenkomste tussen twee idiokonstruksies (soos deur die ooreenkomslyne in Figuur 2 voorgestel is), en voortspruitend daaruit word eienskappe uit beide idiokonstruksies dus geërf (soos deur die oorerwingskakels in Figuur 2 aangetoon is).

³⁶ Hierdie proses word in meer besonderhede in 2.3.2.1.2 bespreek.

Voorbeelde van gedeelde konstruksies tussen Afrikaans en Nederlands is identiese kognate, soos *op*, *onder*, *in*, *tafel*, ens.

2.3.2.1.2. *Diasistematiese konstruksionalisering*

Diakonstruksies word tot die diakonstruktikon deur middel van konstruksionalisering (“*constructionalisation*”) toegevoeg. Volgens Traugott en Trousdale (2013:22) is konstruksionalisering die proses waardeur ’n nuwe vorm-betekenis-passing gevorm en tot die konstruktikon toegevoeg word.³⁷ Konstruksionalisering is dus ’n stap-vir-stap-proses van neoanalise³⁸ van morfosintaktiese vorm en semantiese/pragmatiese betekenis – gewoonlik op grond van analogieë tussen konstruksies. Indien daar slegs ’n verandering in vorm **óf** betekenis plaasvind, staan hierdie proses as konstruksionele verandering (“*constructional change*”) bekend. Met ander woorde, konstruksionele verandering is die proses waardeur sekere aspekte van ’n konstruksie se vorm *of* betekenis verander, maar ’n nuwe konstruksie word nie gevestig of tot die konstruktikon toegevoeg nie (Van Rooy, 2021:111). Die fokus in hierdie studie is egter op die proses van konstruksionalisering.

Traugott en Trousdale (2013:35-38) stel dat daar twee meganismes van konstruksionalisering is, te wete neoanalise en analogisering. By neoanalise word die fokus geplaas op die verandering om ’n nuwe konstruksie te vorm (Traugott & Trousdale, 2013:35). Dit gaan derhalwe by neoanalise oor die letterlike morfosintaktiese verandering wat plaasvind, ten einde ’n nuwe konstruksie tot die konstruktikon toe te voeg.

Volgens Traugott en Trousdale (2013:35), asook Erasmus (2019:94) dui analogisering op ’n

³⁷ Die begrip *konstruksionalisering* verskil van die tradisionele begrippe *grammatikalisering* en *leksikalisering*. Grammatikalisering en leksikalisering het aanvanklik onderskeidelik gedui op grammatikale en leksikale elemente se verandering. Aangesien daar in die KxG nie ’n onderskeid getref word tussen die leksikon en die grammatika nie, is die begrippe van *grammatikalisering* en *leksikalisering* besig om in onbruik te verval en vervang te word met *konstruksionalisering* (Erasmus, 2019:83). Dit is egter ’n ontwikkelende terrein binne die KxG. In hierdie studie word daar slegs na *konstruksionalisering* verwys.

³⁸ Daar word ook tradisioneel na *neoanalise* as *heranalise* (“*reanalysis*”) verwys.

proses van patroonherkenning en kategorisering. Dit beteken dat 'n spreker analogiese denke sal gebruik om ooreenkomste tussen 'n bron en 'n ooreenstemmende, bestaande konstruksie te identifiseer, ten einde 'n nuwe konstruksie te vorm. Vergelyk Bybee (2010) se definisie in dié verband:

Analogy is the process by which novel utterances are created based on previously experienced utterances. Analogy also requires categorization; the parts of previously experienced tokens must be parsed into units that are aligned and categorized before novel utterances can be formed from them. (Bybee, 2010:8; eie beklemtoning)

Höder (2018:54-55) se beskrywing van hoe nuwe diakonstruksies gevorm en tot die konstruktikon toegevoeg word, kan ook gesien word as 'n proses van konstruksionalisering. In hierdie studie word die term *diasistematiese konstruksionalisering*, of verkort as *diakonstruksionalisering*, voorgestel om die proses te benoem. Volgens Höder (2018:54) word diakonstruksies verwerf deur middel van 'n kognitiewe proses waardeur twee idiokonstruksies – een in taal A en een in taal B – met mekaar in verband gebring word. Idiokonstruksies met vormlike en/of betekenisoreenkomste word dus met mekaar verenig. Diakonstruksionalisering kan in drie fases verdeel word: (i) intertaalidentifikasie (“*interlingual identification*”); (ii) veralgemening (“*generalisation*”); en (iii) herorganisering (“*reorganisation*”) (Höder, 2018:55).


- (i) Die eerste stap, **intertaalidentifikasie**, dui daarop dat 'n meertalige spreker wat twee eerste tale terselfdertyd verwerf, ekwivalensieverhoudings (“*equivalence relations*”) tussen verskillende konstruksies in hierdie tale sal vestig. Die proses van intertaalidentifikasie hou in wese verband met die algemene kognitiewe proses van **kategorisering** (“*categorisation*”) (Langacker, 1999). Byvoorbeeld, 'n kind wat beide Afrikaans en Nederlands terselfdertyd verwerf, sal 'n ekwivalensieverhouding tussen die Afrikaanse idiokonstruksie *inskakel* en die Nederlandse idiokonstruksie *inschakelen* vestig, aangesien beide inhoudswoorde spesifiek werkwoorde is wat na die proses [TO

CONNECT/ENGAGE WITH] verwys.³⁹ Die Afrikaans-Nederlandse spreker identifiseer en beskou dus hierdie twee idiokonstruksies as intertaalekwivalente (“*interlingual equivalents*”).

- (ii) Nadat die spreker hierdie proses van intertaalidentifikasie toegepas het op die idiokonstruksies, kan hy/sy ’n diakonstruksie (soos *inskakelen*) vorm deur ’n proses van **veralgemening**. Hierdie proses van veralgemening is deel van ’n algemene proses van **skematisering** (“*schematisation*”) (Langacker, 1999). Dit beteken dat hy/sy die gedeelde vormlike en/of betekenisoreenkomste van die twee idiokonstruksies tot ’n meer abstrakte konstruksieskema abstraheer. Hy/sy sal dan hierdie abstrakter konstruksieskema met elemente van beide taal A en B kan vul.
- (iii) Die laaste stap, **herorganisering**, dui daarop dat die meertalige spreker sy/haar konstruktikon sal herorganiseer om die idiokonstruksies met die nuutgevestigde diakonstruksie te vervang. Hy/sy sal dus eerder die nuwe diakonstruksie as die onderskeie idiokonstruksies gebruik. Herorganisering hou verband met Langacker (1999) se proses van **vestiging** (“*entrenchment*”).

Hierdie proses van diasistematiese konstruksionalisering word in Figuur 4 uitgebeeld. Hierdie figuur is ’n kombinasie van Höder (2018:55) en Norde *et al.* (2014:250) se voorstellings.

³⁹ Aangesien [TO CONNECT/ENGAGE WITH] na die betekenis, oftewel konseptualiseringspool, van die konstruksie verwys, word dit hier – volgens die KxG-tradisie – met hoofletters geskryf. Dit word as ’n heuristiese middel in Engels aangebied, omrede die betekenis nóg Afrikaans, nóg Nederlands, maar terselfdertyd beide Afrikaans en Nederlands, is.



Figuur 4: Diasistematiese konstruksionalisering

2.3.2.2 Diasistematiese konstruksiegrammatika as beskrywingsraamwerk

Aangesien DiaKxG 'n resente teoretiese ontwikkeling is, is dit nog net in 'n klein aantal gebruiksgesbaseerde studies aangewend. Hierdie studies het ten doel gehad om die waarde van hierdie benadering vir die analise en beskrywing van meertaliges se konstruksies vas te stel.

Waar 'n studie soos Höder (2018) na 'n verwante taalkombinasie (Deens-Duits) kyk, kyk ander na onverwante taalpare soos Frans-Nederlands (Hendriks *et al.*, 2015) en Engels-Frans-Nederlands (Hendriks & Van Goethem, 2018, 2019). Alhoewel laasgenoemde studies nie nouverwante taalpare ondersoek nie, gaan daar egter spesifiek na hulle gekyk word, omdat Nederlands wel in beide studies as een van die betrokke tale ondersoek is.

Hendriks *et al.* (2015) en Hendriks en Van Goethem (2018) se konferensiebydrae oor die analise van konstruksies aan die hand van DiaKxG fokus nie soseer op die analise van konstruksies wat twee of meer tale bevat nie (soos in die geval van kodewisseling nie), maar eerder op die invloed van een taal se konstruksie op die vorming van 'n konstruksie in 'n ander taal deur middel van 'n proses van intertaalidentifikasie.

Hendriks *et al.* (2015) ondersoek die aanleer en gebruik van intensiverende konstruksies, spesifiek adjektiewiese intensiveerders (“*adjectival intensifiers*”),⁴⁰ onder Franse T2-aanleerders van Nederlands teenoor Franse en Nederlandse T1-sprekers. In Nederlands is voorbeelde van intensiverende konstruksies op die morfologiese vlak $[[x \cdot]_{\text{PRFX:CN}}[y]_{\text{ADJ}}]_{\text{ADJ}}$ (soos *super-modern*) of $[[x]_{\text{N}}+[y]_{\text{ADJ}}]_{\text{ADJ}}$ (soos *dood+moe*). Voorbeelde op die sintaktiese vlak is $[[x]_{\text{ADV}}[y]_{\text{ADJ}}]_{\text{AP}}$ (soos *heel ziek*) of $[zo [x]_{\text{ADJ}} \text{ als } [y]_{\text{N}}]_{\text{AP}}$ (soos *zo trots als een aap*). Hendriks *et al.* (2018) bevind aan die hand van 'n korpusanalise van drie verskillende korpusse – T1-Nederlands en T1-Frans teenoor T2-Nederlands – dat Franse vreemdetaal-aanleerders van Nederlands meer geneig is tot die gebruik van intensiverende konstruksies as T1-sprekers van onderskeidelik Frans en Nederlands.

Insgelyks handel Hendriks en Van Goethem (2018), asook Hendriks (2019) se navorsing oor die voorkoms en gebruik van intensiverende konstruksies. In hierdie longitudinale navorsing pas Hendriks en Van Goethem (2018) DiaKxG toe op Franssprekende Belge se aanleer van Nederlands en Engels. Hulle meen dat Franssprekende, Belgiese skoolkinders wat Nederlands en Engels aanleer deur middel van 'n geïntegreerde onderrigmetodologie (“*Content and Language Integrated Learning – CLIL*”) verbeterde vermoëns het om diasistematiese skakels

⁴⁰ Adjektiewiese intensiveerders, in hierdie geval, sluit in beide intensiewe vorme, sowel as konstruksies wat op enige vorm van oordeel dui.

tussen hulle T1's en T2's te vorm. Dit beteken dat hierdie skakels hulle in staat stel om intensiverende konstruksies in hulle T2's te gebruik wat al amper moedertaalagtig klink. Dit wil sê, dieselfde gevorderde, intensiverende konstruksies wat in T2-eerstetaalsprekers se taalgebruik opgemerk word, word ook in die geskrewe taal van die vreemdetalaanleerders van onderskeidelik Nederlands en Engels gesien.

Daar is ook in die afgelope vyf jaar enkele studies gedoen wat na **Afrikaans en Engels** as verwante taalpaar kyk. Een só studie is Coleman (2018) se bydrae in *Constructions in contact: Constructional perspectives on contact phenomena in Germanic languages*. In dié hoofstuk neem Coleman (2018:143) 'n semasiologiese taalkontakbenadering tot diachroniese konstruksiegrammatika ("*diachronic constructional semasiology*"),⁴¹ deur spesifiek na semasiologiese verandering in Afrikaanse dubbeloorganklike konstruksies ("*ditransitive constructions*") te kyk. Hy bevind dat die gebruik van dié konstruksies deur leksikale en semantiese moontlikhede in Engels beïnvloed word. Die gebruik van hierdie konstruksies in Afrikaans is met ander woorde die gevolg van 'n proses van intertaalidentifikasie (tussen Afrikaans en Engels) en gevolglike verspreidingsassimilasie ("*distributional assimilation*").

'n Tweede studie wat ook Afrikaans-Engels as taalkombinasie betrek, is Van Rooy (2021) se bydrae wat in *Constructions in contact 2: Language change, multilingual practices, and additional language acquisition* opgeneem is. Hierdie navorsing is soortgelyk aan die navorsing wat deur Coleman (2018) gedoen is, maar kyk na die stelselmatige invloed van die Engelse komplementbysinkonstruksie ("*complement clause construction*") op die Afrikaanse spraakgemeenskap, as gevolg van langdurige taalkontak tussen Afrikaans en Engels.

The construction under investigation is the complement clause construction, with two formal variants: with and without a complementiser [...]. Both formal and possible semantic change [...] are in evidence in the case of the complement clause without overt complementiser, in contrast to the case investigated by Coleman (2018), where the formal options had been inherited from the Dutch ancestor and established in Afrikaans prior to contact with English,

⁴¹ "*Diachronic constructional semasiology*" is die ondersoek na die variasie en verandering in die semantiese strukture van skematiese konstruksies (Coleman, 2018:56).

and the change is in the range of functions of the construction. (Van Rooy, 2021:110; eie beklemtoning)

Höder (2019) voer ook navorsing uit oor die belang van fonologiese konstruksies in spraakgemeenskappe waar een of meer nouverwante tale gebruik word. Hierin bevind hy dat in gemeenskappe waar twee of meer tipologies nouverwante tale gebruik word, leksikale elemente (soos kognate) geanaliseer kan word om aan te toon dat hierdie elemente uit verskillende fonologiese skemas bestaan. In hierdie siening is daar 'n arbeidsverdeling tussen die skematiese konstruksies wat die woorde se verwysingsbetekenis ("*referential meaning*") spesifiseer en dié wat hulle taalspesifisiteit aandui (idiokonstruksies). Alhoewel hierdie navorsing 'n belangrike bydrae maak tot die gebruik van DiaKxG as beskrywingsraamwerk, is dit nie soseer direk relevant vir hierdie studie nie, aangesien fonologiese data nie vir die studie ingesamel is nie.

Vanuit die bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat DiaKxG nóg aangewend is om kinders se kodewisseling te analiseer, nóg om Afrikaans-Nederlands as taalpaar te gebruik. Derhalwe sal hierdie studie die eerste van sy soort wees om DiaKxG te gebruik om voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme 2;3 en 6;4 se kodewisseling te analiseer, ten einde vas te stel welke insigte hierdie teorie kan bied tot die verstaan van hierdie kodewisseling.

2.4 Hoofstuksamevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n oorsig oor die bestaande, relevante vakliteratuur te verskaf, ten einde hierdie studie binne dié literatuur te posisioneer. In afdeling 2.2.1 is vasgestel dat daar nie eenstemmigheid in die literatuur oor die konsepte tweetaligheid, eerste- en tweedetaalverwerwing, tweetalige eerstetaalverwerwing (TETV) of kodewisseling bestaan nie. Daar is gepoog om dié terme te verhelder deur die verskillende betekenisemoontlikhede weer te gee en aan te dui hoe hierdie konsepte binne die raamwerk van die studie gedefinieer word.

In afdeling 2.2.2 is bepaal dat TETV 'n komplekse proses is en dat daar bepaalde fenomene is wat gedurende hierdie proses opgemerk kan word. Een van hierdie fenomene, wat spesifiek in hierdie studie ondersoek word, is kodewisseling. Die verskillende TETV-studies wat

kodewisseling ondersoek, bestudeer grotendeels onverwante eerder as nouverwante taalkombinasies. Daar is ook aangetoon dat die meeste TETV-studies se bevindinge een van twee hipoteses ondersteun – die eentaalsisteemhipotese of die multitaalsisteemhipotese. Die multitaalsisteemhipotese word tans meer in TETV-studies aangehang en is ook die fokus van die huidige studie (kyk afdeling 2.2.2.1).

Diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG) (kyk afdelings 2.2.3 en 2.3.2) is 'n gebruiksgebaseerde benadering wat onder die kognitiewe linguistiek ressorteer en as die teoretiese raamwerk vir hierdie studie gebruik word. Hierdie teorie veronderstel dat taalsprekers se taalkennis in die vorm van 'n meertalige konstruktikon georganiseer word, wat beide taalspesifieke (idiosinkratiese) en taalonspesifieke (diasistematiese) konstruksies bevat. DiaKxG ondersteun dus in beginsel die multitaalsisteemhipotese, aangesien hierdie meertalige konstruktikon elemente van beide tale se taalsisteme bevat. Hierdie teorie is nie 'n plaasvervanger vir ander modelle (soos Myers-Scotton se tradisionele kodewisselingsmodelle) nie, maar eerder 'n alternatief daarop met 'n ander fokus. Höder (2012:245-7) meen dat die aanwending van hierdie teorie besonder gepas is in kontekste waar meertalige individue se meertalige konstruksies van nouverwante taalkombinasies ondersoek word, en dit word daarom as teorie vir die analise van die tweetalige kinders se kodewisseling aangewend.

In die volgende hoofstuk word verslag gelewer van die empiriese komponent van hierdie studie. Gebruiksgebaseerde taaldata van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders is ingesamel om vas te stel hoe dié kinders se kodewisseling lyk en hoe dit met behulp van DiaKxG ontleed kan word.

Hoofstuk 3: Data-insameling en -verwerking

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar op die metodologiese aspekte van die studie gefokus. Eerstens word die navorsingspopulasie vir die studie beskryf (3.2). Hieronder vervat is 'n beskrywing van die metodes wat gebruik is om die korrespondente en die respondente vir die studie te werf, asook hoe die profiel van hierdie korrespondente en respondente lyk. Tweedens word bespreek hoe die data-insameling vir die studie geskied het (3.3). Dié afdeling sluit die beskrywing van die data-insamelingsmetode en gepaardgaande kwaliteitversekeringsmeganismes in. Laastens word die verskillende stappe wat vir die dataverwerking gevolg is, bespreek (3.4).

3.2 Navorsingspopulasie

Alvorens gebruiksgebaseerde data vir die studie ingesamel kon word, moes gepaste korrespondente en respondente vir die studie opgespoor word. Hierdie fase het in totaal ongeveer twee maande geduur.⁴² In hierdie studie word na die **ma's van die kinders** as die **korrespondente** verwys, aangesien daar slegs met hulle gekorrespondeer is. Die korrespondente se **kinders is die respondente** vir die studie, aangesien hulle die subjekte is wie se response (oftewel taalgebruik) waargeneem en opgeteken is. Al die respondente saam vorm uiteindelik die **ondersoekgroep**.

Daar is bepaalde insluitingskriteria waaraan korrespondente en respondente moes voldoen om aan die studie deel te neem. Die insluitingskriteria vir korrespondente om te kwalifiseer, was soos volg:

- (i) Omdat daar van die ouerverslagmetode gebruik gemaak word, moes die potensiële korrespondent die **primêre versorger van minstens een voorskoolse**

⁴² Dit beteken dat die data-insamelingsperiode ongeveer 60 dae geduur het, maar dat die 60 dae oor 'n langer tydperk (ongeveer drie tot vier maande) as twee maande versprei was.

kind (tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 en 6;11) wat volledig Afrikaans-Nederlands grootgemaak word, wees.⁴³ Primêre versorgers verwys na aanneemouers, voogde of enige ander wetlike versorgers wat nie een van die biologiese ouers van die kind is nie.

- (ii) Aangesien hierdie studie die taalgebruik van Afrikaans-Nederlandse kinders binne die Suid-Afrikaanse spraakgemeenskap ondersoek, moes hierdie korrespondent en respondent enige plek in **Suid-Afrika woonagtig** wees.
- (iii) Die potensiële korrespondent moes **beskikbaar wees** om die respondent se taalgebruik waar te neem en vir 'n periode van **twee maande** daarvoor verslag te lewer deur middel van dagboekinskrywings.
- (iv) Laastens moes hierdie korrespondent **internettoegang** hê om e-posse en WhatsApp-boodskappe te kon stuur en ontvang.

Daar is ook bepaalde uitsluitingskriteria wat potensiële korrespondente en respondente vir deelname aan die studie uitgesluit het. Hierdie kriteria was soos volg:

- (i) In 2.2.1 is TETV-kindere omskryf as kindere wat vanaf geboorte twee (of meer) tale **terselfdertyd** as eerste tale aanleer. Daarom het 'n potensiële korrespondent wat nie die respondent volledig tweetalig in Afrikaans-Nederlands grootmaak nie, nie gekwalifiseer om aan die studie deel te neem nie. 'n Kind wat slegs **eentalig grootgemaak word met beperkte blootstelling aan die ander taal**, deur middel van byvoorbeeld televisie of ongereelde kontak met Afrikaans-/Nederlandssprekende familie of vriende, het dus nie gekwalifiseer as respondent vir die studie nie.
- (ii) Korrespondente is ook nie genooi om deel te neem aan die studie as die respondent **alreeds in die laerskool is nie**, aangesien die fokus juis op voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kindere se gebruik van kodewisseling

⁴³ Kyk 1.6.3 en 3.3.

gedurende die TETV-proses is.⁴⁴

- (iii) Korrespondente wat onlangs vanaf Suid-Afrika na die buiteland **geëmigreer** het, het ook nie gekwalifiseer om aan die studie deel te neem nie.

Die data vir die studie is by wyse van 'n **gerieflikheidsteekproef** ingesamel. Volgens Galloway (2005:860) verwys 'n gerieflikheidsteekproef na die gebruik van korrespondente waartoe die navorser deur sy/haar daaglikse omgang maklik toegang het. Aangesien die navorser self bekend of vertrouwd is met die Suid-Afrikaanse konteks en die kontekstuele faktore wat in hierdie konteks in ag geneem moet word, is slegs korrespondent-respondent-pare wat in Suid-Afrika woonagtig is, by die studie ingesluit. Die tipe gerieflikheidsteekproef wat vir die studie gebruik is, is die **sneeubalsteekproefmetode** ("*snowball sampling*"). Volgens Noy (2008:330) is die sneeubalsteekproefmetode een van die populêrste en mees aanvaarde metodes om korrespondente vir navorsing te werf. 'n Sneeubalsteekproef is 'n wyse om korrespondente te werf op grond van **verwysing** deur vriende, kollegas, kennisse en selfs bestaande korrespondente. Babbie (2004:183-4) meen dat die gebruik van 'n gefokusde sneeubalsteekproef veral gepas is om korrespondente vir navorsing te identifiseer waar korrespondente moeilik is om op te spoor. Gegewe die beperkte totale populasie van respondente wat vir die studie sal kwalifiseer, is voorsien dat die opspoor van korrespondente 'n potensieel uitdagende proses sou wees. Dus is die sneeubalsteekproefmetode juis as 'n geskikte werwingsmetode vir die studie geag.

Eerstens is vir die navorser se kwalifiserende vriende, kollegas en kennisse via WhatsApp-boodskappe of e-posse gevra om aan die studie deel te neem. Nadat 'n paar korrespondente op dié manier gewerf is, het die navorser vir die deelnemende korrespondente gevra om ander potensieële korrespondente, wat aan die kriteria voldoen en gewillig sal wees om aan die studie deel te neem, na die navorsingspan te verwys. Een deelnemende korrespondent het ook oproepe vir die studie by 'n groot sosiale geleentheid versprei, ten einde meer geskikte en gewillige korrespondente op te spoor. Aangesien die teikengetal van agt tot tien respondente nie deur die sneeubalsteekproefmetode gewerf kon word nie, is **sosialemediaplatforms** verder gebruik om

⁴⁴ Kyk 1.6.2.

meer korrespondente op te spoor. Daar is byvoorbeeld oproepe op verskeie relevante Facebook-bladsye en -groepe geplaas om korrespondente te werf.

Die navorser het ook 'n oproep vir Voertaal⁴⁵ geskryf om verdere korrespondente te werf. Hierdie oproep is op Voertaal, LitNet en die Vakgroep Afrikaans en Nederlands van die NWU se Facebook-bladsye gedeel, asook deur sommige vriende en volgelinge van dié bladsye op hul persoonlike Facebook-profiel. Ná die oorspronklike oproep is 'n opvolgonderhoud ook met Voertaal gevoer wat meer spesifieke besonderhede oor die aard en belang van die studie toegelig het. Hierdie onderhoud is ook op Facebook gedeel om meer blootstelling aan die navorsing te verskaf en addisionele korrespondente te werf.

Die NWU-etieknommer vir die data-insameling van die studie (NWU-01869-19-S7) is egter al by die aanvanklike kommunikasie of sosialemedia-oproep verskaf. Nadat die ouers ingewillig het om as korrespondente vir die studie op te tree, is skriftelike inligting oor die studie en 'n ingeligtetoestemmingsbrief per e-pos aan hulle gestuur (kyk Bylae C). Ná afloop van die e-posse wat uitgestuur is, waarin korrespondente hul deelname aan die studie moes bevestig, was daar aan die begin sewe korrespondente en tien respondente vir die studie. Deur die loop van die data-insamelingsproses het een korrespondent egter haar deelname aan die studie onttrek.⁴⁶ Die navorsingspopulasie van die studie bestaan dus uit **ses korrespondente** en **agt respondente**.

Al die respondente se gesinne bestaan uit 'n getroude ouerpaar waar die **ma** as **korrespondent** vir die studie opgetree het. Vier van die ses korrespondente het aangedui dat hul eerste taal Nederlands is, een korrespondent se eerste taal is Afrikaans, en een korrespondent gebruik beide Afrikaans en Engels as eerste taal. In vyf van die ses gevalle is die **ander ouer** (d.i. die **pa** van die kind) se eerste taal die ander taal. Byvoorbeeld, die eerste korrespondent se eerste taal is Nederlands en haar man s'n Afrikaans. Die sesde korrespondent en haar man se eerste tale is

⁴⁵ Voertaal is 'n webtuiste wat gefokusde inhoud publiseer wat spesifiek gerig is op Afrikaans- en Nederlandssprekendes in Suid-Afrika en Europa.

⁴⁶ Dié korrespondent het onttrek weens 'n gebrek aan tyd om dagboek te hou oor haar kinders se taalgebruik gedurende die gekose tydperk.

egter beide Nederlands. Hier het die korrespondent aangedui dat sy en haar man merendeels met die respondent Nederlands praat, maar dat hulle van die begin af so gereeld moontlik die respondent aan Afrikaans blootgestel het. Sy woon ook 'n Afrikaanse dagsorg by, lees en luister Afrikaanse stories en al haar maats is Afrikaans; só kry sy dus daaglik blootstelling aan Afrikaans. Verder het die tweede korrespondent aangedui dat sy self tweetalig in Afrikaans en Engels grootgemaak is, en derhalwe gebruik sy beide Afrikaans en Engels as eerste tale. Sy meen wel dat sy probeer om slegs Afrikaans in die teenwoordigheid van die respondent te gebruik, maar dat sy en haar man soms met hom Engels praat wanneer hulle hom met skoolwerk help. Drie korrespondente is in Pretoria (Gauteng) woonagtig, een in Potchefstroom (Noordwes), een in Stilfontein (Noordwes) en een in Kaapstad (Wes-Kaap).

Die kinders se taalagtergronde is ook eenders. Al agt die respondente word tweetalig in Afrikaans en Nederlands grootgemaak. Omdat die respondente almal voorskools is, word hulle nog nie **formeel** in ander tale, soos Engels, onderrig nie. Al die respondente kry egter sekondêre blootstelling aan ander tale, soos Engels, Duits en Frans, deur middel van byvoorbeeld interaksies met ander kleuters by hul onderskeie kleuterskole en/of dagsorgsentrums, of deur televisieprogramme te kyk. Die vierde korrespondent het ook vermeld dat haar huishulp slegs Sesotho met die respondent praat. Schmidt *et al.* (2009) bevind egter dat daar nie 'n korrelasie tussen die kyk van TV-programme en voorskoolse kinders se taalvermoë- of ontwikkeling bestaan nie, veral nie wanneer hulle slegs vir twee tot vier uur per dag TV-blootstelling kry nie. Om hierdie rede, asook gegewe die feit dat al die respondente se **primêre blootstelling steeds aan Afrikaans en Nederlands is en almal sekondêre blootstelling aan Engels** en ander tale het, word die invloed van Engels en ander tale nie as 'n beperking op die studie gesien nie.

Tabel 2 en Tabel 3 bevat die inligting van onderskeidelik die korrespondente en respondente vir die studie.

Tabel 2: Korrespondente vir die studie

Nommer	Stad	Verhouding tot respondēt	Eerste taal/tale van korrespondēt	Eerste taal/tale van ander ouer	Aantal respondente
1	Pretoria (Gauteng)	Ma	Nederlands	Afrikaans	2
2	Pretoria (Gauteng)	Ma	Afrikaans en Engels*	Nederlands	1
3	Potchefstroom (Noordwes)	Ma	Nederlands	Afrikaans	2
4	Stilfontein (Noordwes)	Ma	Afrikaans	Nederlands	1
5	Kaapstad (Wes-Kaap)	Ma	Nederlands	Afrikaans	1
6	Pretoria (Gauteng)	Ma	Nederlands*	Nederlands	1

* Kyk verduideliking hier bo.

Tabel 3: Respondente vir die studie

Korrespondēt	Stad	Respondente vir die studie		
		Skulnaam	Geslag (V/M)	Ouderdom tydens data-insamelingsperiode
1	Pretoria (Gauteng)	Zander	M	6;2-6;4
		Nina	V	3;3-3;5
2	Pretoria (Gauteng)	Detlef	M	6;0-6;2
3	Potchefstroom (Noordwes)	Danielle	V	5;7-5;9
		Gerhard	M	2;3-2;5
4	Stilfontein (Noordwes)	Karien	V	3;4-3;6
5	Kaapstad (Wes-Kaap)	Laura	V	5;3-5;5
6	Pretoria (Gauteng)	Herculene	V	6;1-6;3

3.3 Data-insameling

Die **ouerverslagmetode** is gebruik om data in te samel. Hierdie metode veronderstel dat taaldata vir die studie deur die ouer of primêre versorger van die kinders opgeteken word. Dit word wyd beskou en aanvaar as 'n **betroubare vorm van verslaggewing van kindertaalgebruik**, aangesien taalverskynsels op hierdie wyse in 'n natuurlike en gemaklike omgewing deur 'n betroubare verslaggewer ondersoek word (vergelyk Bedore *et al.*, 2011; Dale *et al.*, 1989; Eriksson, 2016; Gutiérrez-Clellen & Kreiter, 2003; McLeod & Harrison, 2009; Peccei, 2006; en Pua *et al.* 2017).

*Parental report has continued to be a major methodology for child language research to the present day. It is **particularly valuable** for research that attempts a comprehensive estimate of a selected aspect of language [...], focuses on **relatively rare occurrences** [...], or requires extensive contextual information [...].* (aangepas uit Dale *et al.*, 1989:240; eie beklemtoning)

Volgens Dale *et al.* (1989:240), asook Pua *et al.* (2017:951) is die ouerverslagmetode ook veral nuttig in meertalige omgewings waar tale vermeng word en dieselfde meertalige konstruksies of uitings nie gereeld herhaal word nie. Met ander woorde, hierdie metode is waardevol in kontekste waar relatief seldsame taalverskynsels of kindertaalkonstruksies ondersoek word. Daarom is hierdie metode spesifiek geskik vir 'n studie waar voorskoolse kinders se gebruik van Afrikaans-Nederlandse kodewisseling gedurende die TETV-proses ondersoek word.

Nadat potensiële korrespondente geïdentifiseer en gewerf is, is 'n omvattende e-pos aan elkeen gestuur wat die volgende dokumente bevat het:

- (i) 'n Microsoft Word-templaar vir die dagboekinskrywings;⁴⁷
- (ii) 'n kort vraelys;⁴⁸ en
- (iii) 'n inligtingsblad en ingeligtetoestemmingsbrief.⁴⁹

⁴⁷ Kyk Bylae A.

⁴⁸ Kyk Bylae B.

⁴⁹ Kyk Bylae C.

Hierdie dokumente is met wagwoordbeskerming daarop aangestuur, en unieke wagwoorde is telefonies aan die onderskeie korrespondente gekommunikeer. Die e-pos het ook 'n volledige beskrywing van die fokus van die studie en die verwagtinge van die korrespondente bevat. Korrespondente is in hierdie e-pos ook kortliks ingelig oor kodewisseling, asook wat by elke afdeling verwag word en/of waarvoor hulle in elke geval moet oplet. Indien korrespondente ná hierdie e-pos steeds vrae of onsekerhede gehad het betreffende die data-insameling, is daar verder met behulp van WhatsApp-boodskappe of e-posse met hulle gekorrespondeer om hierdie bekommernisse uit die weg te ruim en vordering met die data-insameling te kontroleer.

Die **dagboekinskrywingstemplaat** is die primêre data-insamelingsinstrument en is opgestel deur ander kindertaalverwerwingstudies se data-insamelingsinstrumente te raadpleeg (vergelyk Brink, 2017; Bedore *et al.*, 2011; Deuchar & Quay, 1999; Grammal, 2014; Hammer *et al.*, 2007; Köymen *et al.*, 2016; Paradis *et al.*, 2000). Die dagboekinskrywingstemplaat bevat vyf verskillende kolomme:

- (i) **Datum van uiting**
- (ii) **Spesifieke uiting:** Soos in 1.6.3 gemeld, is daar vir die korrespondente gevra om telkens 'n uiting op te teken indien dit Afrikaans-Nederlandse kodewisseling bevat. Ten einde ook meer algemene taalverwerwingsdata in te samel, met die oog op moontlike verdere studie, is daar vir die korrespondente gevra om ook aantekeninge te maak van enige interessantheide of interessante uitdrukkings wat die respondente gebruik. Hierdie inskrywings was opsioneel en is nie by die data-analise vir die huidige studie ingesluit nie.
- (iii) **Situasie of konteks** waarin die uiting gebruik is.
- (iv) **Taal van alle ouer(s) of ander volwassene(s) betrokke** by die gesprek waartydens die uiting gemaak is.
- (v) **Enige addisionele inligting of ekstralinguïstiese gegewens:** In hierdie opsionele kolom is daar byvoorbeeld deur die korrespondente uitgewys wat voor of ná die uiting gebeur het, waar die respondent die uiting geleer het of gewoonlik gebruik, of enige addisionele inligting oor die konteks vir die

interpretasie van die uiting.

Die **vraelys** bestaan uit twee dele. In die eerste deel van die vraelys is daar vir die korrespondent gevra wat haar en haar man se eerste taal/tale is, waar hulle woonagtig is, en so meer. In die tweede deel van die vraelys is inligting oor die respondent vereis. Hier is onder andere gevra watter metode die korrespondent gebruik om die respondent tweetalig groot te maak,⁵⁰ asook hoe streng sy en die ander ouer van die respondent hierdie metode toepas. Verder is daar ook vir die korrespondente gevra om meer inligting oor die respondente se taalgebruik te verskaf. Hierdie reeks vrae het onder andere vereis dat die korrespondent moes aandui watter blootstelling die respondent aan ander tale het, asook van wanneer af en hoe gereeld die respondent van kodewisseling gebruik maak. Soos vroeër vermeld, is hierdie vraelys nie as datastel geanaliseer nie. Dit is wel as 'n hulpmiddel gebruik om bykomende inligting in te win oor die korrespondente en respondente se taalagtergronde en ook om te kontroleer of hul data wel geskik is vir die fokus van die studie.

Die **inligtingsblad en ingeligtetoestemmingsbrief** is 'n enkele dokument wat ten doel het om terselfdertyd meer besonderhede oor die studie te verskaf, asook om ingeligte toestemming vir deelname aan die studie vanaf die onderskeie korrespondente te verkry. In die inleidende gedeelte van hierdie dokument is die titel van die studie, etieknommer en kontakbesonderhede van die navorser verskaf. Die dokument bevat altesaam elf afdelings:

- In die eerste afdeling is **agtergronds-inligting en kontekstualisering** oor die studie, sowel as die navorsingsvrae verskaf.
- In afdeling twee is meer inligting oor die **insluitings- en uitsluitingskriteria** vir korrespondente se deelname aan die studie gegee.
- In die derde afdeling is 'n uiteensetting van die korrespondent se **verantwoordelikhede** en die **tydsraamwerk** vir die data-insameling verskaf.
- Afdeling vier verduidelik die **voordele** wat die korrespondent uit die navorsing

⁵⁰ 'n Voorbeeld van 'n algemene metode is die EOET-reël.

sal put en het ten doel om 'n niegeldelike insentief aan die korrespondent te verskaf om haar deelname aan die studie te verleen.

- In die vyfde afdeling is inligting verskaf oor die **risiko's** verbonde aan die studie en hoe dit beperk word.
- In afdeling ses én sewe is inligting voorsien oor die **stoer en aanbieding van die data**, asook toekomstige publikasiemoontlikhede.
- Die agste, negende en tiende afdelings het ten doel gehad om addisionele inligting aan die korrespondent te verskaf oor haar **regte** ten opsigte van toegang tot die bevindinge en betrokke **kontakpersone**.
- In die elfde en laaste afdeling is vereis dat die korrespondent haar **toestemming** vir haar en haar kind se deelname aan die studie verskaf. Hierin moes sy haar kontakbesonderhede verskaf en bevestig dat sy haar regte betreffende haar deelname aan die studie verstaan.

Hoewel die onderskeie korrespondente slegs vir twee maande (60 dae) hul kinders se taalgebruik waargeneem en dagboek gehou het, het die data-insamelingsfase inderwaarheid ongeveer drie tot vier maande in beslag geneem. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die invloed van die COVID-19-afsonderingstydperk en die feit dat dit in sommige gevalle langer gevat het vir die korrespondente om met die data-insameling te begin, asook om uiteindelik al die dagboeke van die korrespondente af terug te kry. Een van die korrespondente het ook vermeld dat sy gedurende dié tydperk geboorte geskenk het en dit haar daarom langer gevat het om die dokumentasie aan die navorser te stuur.

Die data wat uiteindelik van die korrespondente ontvang is, is as 'n **afgehandelde of geslote datastel** beskou. Dit beteken dat daar nie ná afloop van die data-insamelingsperiode verder kontak met die korrespondente gemaak is om klaarheid oor bepaalde uitings in die dagboeke te kry nie. Die uitings in die dagboeke is dus op sigwaarde (d.i. presies hoe dit neergeskryf is) geanaliseer.

As gevolg van bepaalde etiese kwessies/struikelblokke is slegs die dagboek as data-insamelingsmetode aangewend en nie ander metodes soos video- of oudio-opnames nie. Om hierdie rede is **fonologiese data nie beskikbaar nie**. Dit beteken dat daar slegs staatgemaak word op die **interpretasies en representasies** van die korrespondente, oftewel nietaalkundige veldwerkers. Hierdie nietaalkundige veldwerkers het ook nie opleiding daarin om die invloed van fonologiese eienskappe te identifiseer en daaroor te berig nie. Afgesien van die feit dat die tekort aan fonologiese data as beperking tot die studie gesien kan word, hou die ouerverslagmetode tog die voordeel in dat meer (en interessante) data oor 'n korter periode ingesamel word, en dit is dus as geskikte data-insamelingsmetode vir hierdie studie beskou.

3.4 Dataverwerking

Die dataverwerking is in **Microsoft Excel**⁵¹ gedoen. Excel is as data-analisesagteware gekies, omdat dit toeganklik is en oor al die nodige funksionaliteite beskik om die data voldoende te organiseer, te annoteer en aan te bied. Die volledige datastel is vir navorsingsdoeleindes op die SADiLaR-webtuiste beskikbaar gestel, en dit is beskikbaar vir aflaai by die volgende skakel: <https://hdl.handle.net/20.500.12185/541>. Die dataverwerking vir die studie het in verskillende fases plaasgevind: datavaslegging en -organisering (3.4.1), skoonmaak van die data (3.4.2), datanormalisering (3.4.3) en data-annotering (3.4.4).

3.4.1 Datavaslegging en -organisering

Nadat al die respondente se dagboeke van die korrespondente terug ontvang is, is dié dagboeke se inligting gekonsolideer en in een sentrale spreiblad ingevoer vir die analise. Gedurende hierdie fase is die onderskeie respondente se dagboekinskrywings (d.i. die vyf kolomme wat in 3.3 bespreek is) ook saam met hulle demografiese inligting, soos hul skuilnaam en ouderdom

⁵¹ Daar is ook oorweging geskenk aan ander platforms – soos Atlas.ti – vir die vaslegging en verwerking van die data, maar aangesien dit 'n relatief eenvoudige annoteringstaak is, is besluit om by Microsoft Excel as data-analisesagteware te volstaan.

tydens die data-insamelingsperiode, gegropeer. Dit is gedoen omrede daar in Hoofstuk 4 na die betrokke respondente en hul ouderdomme saam met hul gebruiksepisodes⁵² verwys word. Die kolomme wat vir hierdie fase in Excel gebruik is, is soos volg (kyk Figuur 5 hier onder):

- (i) korrespondent;
- (ii) respondent;
- (iii) ouderdom tydens data-insameling;
- (iv) datum van uiting;
- (v) spesifieke uiting;
- (vi) situasie of konteks;
- (vii) taal van alle ouer(s) of ander volwassene(s) betrokke; en
- (viii) addisionele inligting/ekstralinguïstiese gegewens.

Korrespondent	Respondent	Ouderdom tydens data-insameling	Datum van uiting	Spesifieke uiting	Situasie of konteks	Taal van alle ouer(s) of ander volwassene(s) betrokke			Addisionele inligting/ekstralinguïstiese gegewens (opsioneel)
						Afrikaans	Nederlands	Ander	
Koorrespondent 6	Herculene	6;1-6;3	29 Maart 2020	Baie geluk - ik hoop mamma het 'n mooi jaar!	Mamma verjaar en sy wens mamma geluk.	Pa	Ma		
			05 April 2020	Ik heb nog nie my goeters naar die jagkamp meegeneem nie.	Ons was op 'n jagswaek en sy het nog nie haar tas uitgepak nie.	Tannie	Ma		
			05 April 2020	Ik heb nog nie my goeters naar die jagkamp meegeneem nie.	Ons was op 'n jagswaek en sy het nog nie haar tas uitgepak nie.	Tannie	Ma		
			05 April 2020	Ik heb nog nie my goeters naar die jagkamp meegeneem nie.	Ons was op 'n jagswaek en sy het nog nie haar tas uitgepak nie.	Tannie	Ma		
			11 April 2020	Dit is regtig leuk dat ons haar [s] noemde.	Ons surwe hondjie het heel vrolik aangehardoop gekom en ons kom groet.		Ma		
			11 April 2020	Dit is regtig leuk dat ons haar [s] noemde.	Ons surwe hondjie het heel vrolik aangehardoop gekom en ons kom groet.		Ma		

Figuur 5: Voorbeeld van Excel-spreiblad tydens die datavasleggings- en -organiseringsfase

⁵² *Uiting* word gebruik om na 'n dagboekinskrywing te verwys, en *gebruiksepisode* word gebruik om na 'n uiting wat in die datastel vir die studie opgeneem is, te verwys.

3.4.2 Skoonmaak van data

Gedurende die skoonmaak van die data is al die gebruiksepisodes wat verkry is, eers beoordeel om te besluit of dit by die datastel ingesluit gaan word of nie. Daar is verskeie redes waarom besluit is om sommige uitings by die datastel uit te sluit, waaronder onvolledige inskrywings, of inskrywings sonder enige kodewisseling.⁵³ In 3.3 is genoem dat korrespondente ook interessante uitdrukkings, wat nie by die spesifieke fokus van die huidige studie aansluit nie, kon neerskryf; dié uitings is ook nie by die data-analise ingesluit nie. Tydens die korpusversameling is daar in totaal 227 gebruiksepisodes verkry, maar slegs 123 was uiteindelik bruikbaar (d.i. volledig en wat kodewisseling bevat) om as datastel vir die studie te dien.

Addisioneel tot die bogenoemde inligting, is dit ook belangrik om te noem dat sommige gebruiksepisodes geskei is as twee afsonderlike episodes. Dit is gedoen in die geval van uitings soos “*Mamma, ek wil graag een toetje hê*”. Aangesien daar sprake van twee gevalle van leksikale vervanging is, is hierdie uiting in twee episodes verdeel en vervolgens geannoteer. Met ander woorde, die eerste episode is “*Mamma, ek wil graag een toetje hê*” (NIK) en die tweede episode is “*Mamma, ek wil graag een toetje hê*” (NK).

Tabel 4 verskaf ’n samevatting van die getal bruikbare uitings wat vir elk van die respondente geanaliseer is, asook watter persentasie elke respondent se bruikbare uitings tot die groototaal van die korpus bygedra het.

⁵³ In sommige gevalle het die korrespondente genoem dat hulle self onseker is of hierdie uitings werklik kodewisseling bevat of nie. In party ander gevalle is die uitings op so ’n wyse neergeskryf dat die kodewisseling nie geïdentifiseer kon word nie.

Tabel 4: Getal gebruiksepisodes tydens korpusversameling

Respondent	Ouderdom tydens data-insamelingsperiode	Totale gebruiksepisodes in korpus	Totale gebruiksepisodes nie in datastel nie	Totale gebruiksepisodes in datastel	Persentasie van gebruiksepisodes in datastel
Zander (M)	6;2-6;4	34	5	29	23,58%
Danielle (V)	5;7-5;9	40	15	25	20,33%
Laura (V)	5;3-5;5	34	19	15	12,20%
Karien (V)	3;4-3;6	23	8	15	12,20%
Herculene (V)	6;1-6;3	32	18	14	11,38%
Detlef (M)	6;0-6;2	16	4	12	9,76%
Nina (V)	3;3-3;5	15	6	9	7,32%
Gerhard (M)	2;3-2;5	33	29	4	3,25%
TOTALE		227	104	123	100%

Zander is die oudste respondent (hy was 6;2 tot 6;4 gedurende die data-insamelingsperiode), en sy korrespondent het ook die meeste bruikbare gebruiksepisodes vir hom opgeteken (n=29). Slegs vyf van sy uitings is in totaal by die data-analise uitgesluit. Gerhard was die jongste respondent en die een met die minste gebruiksepisodes wat geanaliseer is. Hy was 2;3 tot 2;5 gedurende die data-insamelingsperiode en het dus nog baie ontluikende kindertaalkonstruksies geproduseer wat nie by die data-analise ingesluit is nie. Dit beteken dat heelwat van sy konstruksies meestal slegs uit een of twee woorde, soos *lezen*, *toetje* of *buikje*, bestaan het en nie duidelike aanduidings van kodewisseling bevat nie. Baie van hierdie uitings het ook onvolledige, onherkenbare leksikale items bevat, soos [*Gerhard*], *auwa daan*. Daar was ook gevalle soos *rijntje* waar die korrespondent aangedui het dat sy vermoed die woord verwys na 'n *mandarijntje* en *naan* wat moontlik op 'n *banaan* kan dui, maar dat sy nie met absolute sekerheid kan sê nie.

In sommige ander gevalle het spelfoute in die gebruiksepisodes dit besonder uitdagend gemaak om vas te stel of daar werklik kodewisseling in dié gebruiksepisodes teenwoordig is, en, indien so, welke woord(e) telkens gewissel is. Een so voorbeeld is “*Ek fiets soas n echte mens*”. In hierdie geval is daar heelwat verskillende interpretasiemoontlikhede as gevolg van die spelfoute, en dit is vervolgens onduidelik aan watter taal hierdie leksikale item(s) behoort. Een woord in die uiting *soas* kan op óf *soos*, óf *zoals* dui, en sonder beskikbare fonologiese data, is dit onmoontlik om met sekerheid af te lei of hierdie woord 'n Afrikaanse of Nederlandse leksikale item is, of dalk selfs 'n vermenging tussen die twee. Gevolglik is hierdie uiting nie by


die datastel ingesluit nie.

Twee van die ses korrespondente het ook hul onderskeie dagboeke met die hand ingevul en geskandeerde weergawes aangestuur. Hoewel dit as 'n opsie aan hulle voorgelê is, het dit in sommige gevalle uitdagend geblyk om die handskrifte te ontsyfer. Sulke uitings kon dus nie met sekerheid akkuraat oorgedra word na die Excel-spreiblad toe nie en is ook nie by die datastel vir die studie ingesluit nie.

In onsekere gevalle, soos hier bo genoem, waar die navorser wel 'n afleiding kan maak, maar daar die moontlikheid van 'n ander interpretasie bestaan, is twee ander navorsers/taalkundiges gekonsulteer, en in sommige gevalle, aan die hand van hulle kommentaar, is addisionele interpretasiemoontlikhede tot die Excel-blad toegevoeg.

Soos in 3.3 genoem, is hierdie datastel as geslote hanteer, en dus is die korrespondente ook nie gekontak om klaarheid oor bogenoemde onsekere gebruiksepisodes te kry nie. Die rede hiervoor is dat die tydperk tussen die data-insamelings- en die dataverwerkingsfase redelik lank was en die korrespondente se herroepingsvermoë op hierdie stadium waarskynlik nie so akkuraat sou wees nie.

Figuur 6 bied 'n visuele voorstelling van die getal gebruiksepisodes wat per respondent geanaliseer is. Die totale episodes wat vir elke respondent ontvang is, is verdeel in dié wat by die datastel ingesluit is en dié wat by die datastel uitgesluit is. Die data is van links na regs gesorteer – van die respondent met die meeste gebruiksepisodes in die datastel, tot die een met die minste.



Figuur 6: Visuele voorstelling van getal gebruiksepisodes per respondent

3.4.3 Datanormalisering

Ná al die gebruiksepisodes op grond van bruikbaarheid beoordeel is, is spel-, skryf- en tikfoute in die gebruiksepisodes wat by die datastel ingesluit is, gekorrigeer. Soos in 3.3 genoem, is fonologiese data nie beskikbaar nie, en derhalwe word daar slegs op die korrespondente se voorstellings van die kinders se gebruiksepisodes staatgemaak. Dit beteken dat indien 'n korrespondent 'n konstruksie op 'n spesifieke wyse spel/skryf, daar aanvaar word dat hierdie spelling/skryfwyse die uitspraak van daardie konstruksie(s) in daardie gebruiksepisode weerspieël (byvoorbeeld *school* teenoor *skool*). Desalnietemin, ooglopende spel-, skryf- of tikfoute is wel gekorrigeer.

Ooglopende spel-, skryf- of tikfoute is hoofsaaklik gekorrigeer met die oog op verdere navorsing deur derde partye, asook die verbetering van die integriteit van die datastel. Aangesien die datastel vir die studie aan derdeparty navorsers – wat nie, soos die navorser, toegang tot die rou datastel het nie – beskikbaar gestel is om ook moontlik van hierdie datastel

in toekomstige navorsing gebruik te maak, is die datastel gestruktureer en gestandaardiseer in ooreenstemming met die norme of standaardvorme van die betrokke tale.

Daar is slegs **vier** spel-, skryf- of tikfoute in totaal in die gebruiksepisodes gekorrigeer; al die ander foute het onder die situasie of konteks of addisionele inligting / ekstralinguistiese gegewens voorgekom en is daar reggestel (en word nie hier verder bespreek nie).

- (i) Die eerste fout wat gekorrigeer is, is “*Mamma moet blommetjes daarso gaan halen?*”. In hierdie geval het die korrespondent aangedui dat die leksikale item wat gewissel is, *halen* is. Derhalwe word daar aanvaar dat die oorblywende deel van die gebruiksepisode Afrikaans is en dat *blommetjes* ’n tikfout is wat eintlik op die Afrikaanse *blommetjies* dui.
- (ii) Die tweede geval waar ’n fout in ’n gebruiksepisode reggestel is, is “*Kan mamma open maak?*”. Dit is as ’n ooglopende skryffout beskou, aangesien *oopmaak* in Afrikaans en *openmaken* in Nederlands beide samekoppeling is wat vas geskryf word. Vervolgens is dit na *openmaak* verander.
- (iii) Die tweedelaaste fout wat gekorrigeer is, is in die gebruiksepisode “*Kan ek gaan fietse?*”. Weer eens is daar ’n uitwysing deur die korrespondent gemaak wat dui op die feit dat *fietse* die gewisselde leksikale item is. Hier is dit moontlik dat die <n>-deel van die suffiks net nie duidelik uitgespreek is nie, en vervolgens is dit neergeskryf soos dit uitgespreek is. Ter wille van datanormalisering en die vorming van konstruksieskemas, is hierdie woord egter na *fietsen* verander om by die Nederlandse standaardspelling aan te pas.
- (iv) Die laaste fout is *jurkie* in die gebruiksepisode “*Ek wil die jurkie aantrek*”. In hierdie gebruiksepisode is die woord *jurkie* na *jurkje* toe verander, gebaseer op drie faktore. Eerstens het die korrespondent uitgewys dat *jurkie* die gewisselde item in die konstruksie is. Tweedens het die korrespondent onder die addisionele inligting / ekstralinguistiese gegewens aangedui dat *jurkie* die Nederlandse woord vir die Afrikaanse woord *rokkie* is. Derdens is die korrespondent wat hierdie gebruiksepisode getranskribeer het se eerste taal Afrikaans, wat ook dui

op die moontlikheid dat sy dit foutiewelik met 'n Afrikaanse diminutief opgeskryf het.

3.4.4 Data-annotering

Nadat die data vasgelê, georganiseer, skoongemaak en genormaliseer is, is addisionele kolomme vir annotering tot die Excel-spreiblad toegevoeg. Wat die annotering betref, is dit hoofsaaklik op 'n **induktiewe** wyse gedoen, alhoewel bepaalde deduktiewe metodes ook gebruik is. Kodes wat deur deduktiewe metodes geïdentifiseer word, verwys na die analise van data aan die hand van voorafbepaalde kategorieë vanuit relevante vakliteratuur. Induktiewe data-annotering, daarenteen, veronderstel dat geen voorafbepaalde kategorieë vanuit die literatuur as vertrekpunt gebruik word nie, maar dat die kategorieë eerder vanuit die data te voorskyn kom. Thomas (2006:238) vat die hoofdoel en -voordele van 'n induktiewe benadering tot data-analise soos volg saam:

*The primary purpose of the inductive approach is to **allow research findings to emerge from the frequent, dominant or significant themes inherent in raw data**, without the restraints imposed by structured methodologies. Key themes are often obscured, reframed or left invisible because of the preconceptions in the data collection and data analysis procedures imposed by deductive data analysis such as those used in experimental and hypothesis testing research.* (Thomas, 2006:238; eie beklemtoning)

Die eerste vlak van annotering (om die grammatikale vlak te bepaal) is **induktief** benader. Nadat vasgestel is dat die meerderheid van die gebruiksepisodes in die datastel voorbeelde van sogenaamde leksikale vervanging is, is relevante vakliteratuur (onder andere Loots *et al.*, 2010; Van Huyssteen & Pilon 2009; en Van Zaanen *et al.*, 2014) geraadpleeg om die verskillende kognate wat tussen Afrikaans en Nederlands bestaan, te identifiseer. (Hierdie tipes is ook vlugtig in 2.2.3.2 bespreek.) Daarna is die meeste van die gevalle van leksikale vervanging geannoteer as behorende tot een van hierdie kognaatgroepe (te wete *nonkognate*, *nie-identiese kognate* en *valse vriende*); hierdie fase van die annotering het dus **deduktief** plaasgevind. Aangesien al die voorbeelde van leksikale vervanging egter nie onder een van hierdie groepe verdeel kon word nie, is daar 'n addisionele kategorie (vir idiomatiese taalgebruik / segswyse)

bygevoeg. Hierdie stap kan as **induktief** beskou word. Soos wat verdere patrone uit die datastel ontluik het, is daar ook vervolgens subkategorieë vir suffigering onder drie van die vier kognaatgroepe bygevoeg. Dus het hierdie fase van die data-annotering weer meer **induktief** plaasgevind. Die verskillende vlakke van data-annotering kan soos volg beskryf word:

1. **Matrikstaal (MT):** Eerstens is die matrikstaal, oftewel meerderheidstaal van elke gebruiksepisode geïdentifiseer. Die MT verwys na die hooftaal in die gebruiksepisode waarvan daar die meeste morfeme voorkom (kyk 2.2.3.1). Die oorblywende taal is by verstek die minderheidstaal of ingebedde taal (IT). In die voorbeeldsin “*Ek drink my melkies met ’n rietje*” is die MT Afrikaans (“*Ek drink my melkies met ’n [...]*”) en die IT Nederlands (*rietje*). Aangesien hierdie studie kindertaal ondersoek en daar ontluikende kindertaalkonstruksies in hierdie studie voorkom, is dit egter nie altyd moontlik om die MT en IT in die geval van gebruiksepisodes wat leksikale items van twee of meer nouverwante tale bevat, met sekerheid te identifiseer nie. Daarom is elke gebruiksepisode se MT geïdentifiseer as Afrikaans (A), Nederlands (N) of ONSEKER. ’n Geval wat byvoorbeeld as ONSEKER gemerk is, is “*Ek doen niet*”. Gebaseer op die kontekstuele inligting wat deur die korrespondent verskaf is, kan mens aflei dat hierdie konstruksie eintlik ’n verkorte weergawe van “***Ek het dit nie gedoen nie***” of “***ik heb dit niet gedaan***” (of ’n vermenging tussen die twee) is. Dié onsekere gevalle is nie volgens grammatikale vlak of woordsoortkategorie geannoteer nie, aangesien dit nie duidelik is watter leksikale item(s) die ingebeddetaaleiland is en watter deel is van die MT nie.⁵⁴
2. **Trefwoorde:** Tweedens is die trefwoorde wat in elke geval ter sprake is, geïdentifiseer. Hierdie trefwoorde is onderskeidelik die ingebeddetaaleiland (leksikale item wat

⁵⁴ Slegs die uitings waarvan die matrikstaal geïdentifiseer kon word, is by die analyses in Hoofstuk 4 ingesluit. Die rede hiervoor is dat daar nie in die uitings wat as ONSEKER gemerk is, bepaal kon word watter leksikale items telkens vervang is nie. Derhalwe kon hierdie uitings nie geanaliseer word op grond van die grammatikale vlak waarop die kodewisseling plaasgevind het, of die woordsoort(e) wat in elke geval ter sprake is nie. Van die 123 uitings in die datastel is drie as ONSEKER gemerk; hierdie drie uitings se annotasies kan in die volledige datastel (<https://repo.sadilar.org/handle/20.500.12185/541>) aangetref word, maar word nie by die bespreking in Hoofstuk 4 ingesluit nie.

gewissel is),⁵⁵ die Nederlandse trefwoord en die Afrikaanse trefwoord. In 'n konstruksie soos “*Ek drink my melkies met 'n rietje*” is die ingebeddetaaleiland *rietje*, die Nederlandse trefwoord is *rietje*, en die Afrikaanse trefwoord is *strooitjie*.

3. **Woordsoorte:** Derdens is die onderhawige leksikale item(s) geklassifiseer as behorende tot 'n spesifiek woordsoort.⁵⁶ Hierdie woordsoortkategorisering is gedoen ter wille van die konstruksieskemas wat in Hoofstuk 4 geskep word. Om 'n beslissing oor 'n woordsoort se kategorie te maak, is die volgende sisteem in volgorde gebruik:

- (i) naamwoord (N)
- (ii) werkwoord (V)
- (iii) adjektief (ADJ)
- (iv) bywoord (ADV)
- (v) voorsetsel (PREP)
- (vi) voornaamwoord (PRON)
- (vii) lidwoord (ART)
- (viii) telwoord (NUM)
- (ix) voegwoord (CNJ)
- (x) partikel (PTCL)
- (xi) tussenwerpsel (INTERJ)

4. **Grammatikale vlak:** Laastens is elke gebruiksepisode gebaseer op die grammatikale vlak waarop die kodewisseling plaasvind, geannoteer. Die grammatikale kategorieë wat ter sprake is, is morfoleksikaal (MLEKS) en sintakties (SIN). As gevolg van die tekort aan fonologiese data, asook die gebrek aan voorbeelde wat die

⁵⁵ Kyk 2.2.3.1.

⁵⁶ Verwys na Brink *et al.* (2020) vir 'n omvattende beskrywing van die verskillende woordsoorte.

semantiese/pragmatiese invloed van een taal op die ander illustreer, is dié grammatikale kategorieë nie by die data-analise ingesluit nie.

4.1 **Morfoleksikale vervanging (MLEKS):** Vir die doeleindes van hierdie bespreking verwys morfoleksikale vervanging na **die gebruik van ’n leksikale item, maar ook in sommige gevalle ’n morfeem, in die ingebedde taal (IT) in ’n gebruiksepisode van die matrikstaal (MT)**. Om ’n beslissing te maak oor ’n leksikale item wat gewissel is, is die verskillende kognate in die volgende volgorde oorweeg:

- i. **Nie-identiese kognate (NIK):** *Nie-identiese kognate* is leksikale items wat **etimologies verwant is, maar sistematies of vormlik van mekaar verskil**. Loots *et al.* (2010), asook Van Zaanen *et al.* (2014:1057) noem dat nie-identiese kognate merendeels geflekteerde woordvorme is. Volgens Van Huyssteen & Pilon (2009) is die meerderheid nie-identiese kognate tussen Afrikaans en Nederlands spesifiek afgeleide of geflekteerde werkwoordvorme. Van Huyssteen en Pilon (2009) gebruik die voorbeeld van die Afrikaanse werkwoord *bestuur* wat in Nederlands geflekteer word om *besturen, bestuurt, bestuurde, bestuurde* en *bestuurden* te vorm. Wang (2017) gebruik ook die naamwoordvoorbeelde *akkommodasie* teenoor *accommodatie* en *seremonie* teenoor *ceremonie*. Ander etimologies verwante woordvorme in Afrikaans en Nederlands, soos *skool* en *school* of *ek* en *ik* is ook voorbeelde van nie-identiese kognate.
 - a. In die lig van die tipe data is daar egter ook ’n subkategorie vir suffigering (SUF) onder die NIK-groep bygevoeg. Voorbeelde van geflekteerde werkwoordvorme is meestal onder hierdie subkategorie geannoteer. In die gebruiksepisode “*Kan ek gaan fietsen?*” is *fietsen* die NIK vir die Afrikaanse werkwoord *fiets*. Die enigste verskil tussen die Afrikaanse werkwoord en die Nederlandse werkwoord is die **•en-suffiks**, oftewel die infinitief, agter aan *fietsen*.

-
-
- ii. **Nonkognaat (NK):** Volgens Loots *et al.* (2010), Van Huyssteen & Pilon (2009), asook Van Zaanen *et al.* (2014:1057) verwys *nonkognate* na leksikale items wat **vormlik onverwant is, maar na dieselfde referent verwys**. Eenvoudig gestel, *nonkognate* verwys na woorde wat dieselfde betekenis het, maar in vorm verskil. Loots *et al.* (2010) gebruik die voorbeelde *piesang* (Afrikaans) teenoor *banaan* (Nederlands); hierdie voorbeelde verwys beide na die Engelse referent “*banana*”, maar verskil in vorm. Van Huyssteen en Pilon (2009) gebruik twee voorbeelde van *nonkognate* uit die etnobiologiese nomenklatuur – *kremetart* (Afrikaans) teenoor *baobab* (Nederlands), en *bloekom* (Afrikaans) teenoor *eucalyptus* (Nederlands).
- a. In die lig van die tipe data is daar egter ook ’n subkategorie vir suffigering (SUF) onder die NK-groep bygevoeg. ’n Voorbeeld soos “*Ek moet dit briefje morgen inhandigen*” is hier geannoteer. In hierdie voorbeeld is *inhandig* en *inleveren* NK’s, maar die Nederlandse *-en*-suffiks is saam met die Afrikaanse werkwoord gebruik. Die leksikale item, oftewel NK, is dus gewissel, maar daar is ook sprake van suffigering in hierdie geval.
- iii. **Valse vriend (VV):** ’n *Valse vriend* is ’n leksikale item met ’n soortgelyke vorm in beide Afrikaans en Nederlands, maar waarvan die betekenis verskil (Van Huyssteen & Pilon, 2009). ’n Voorbeeld van ’n valse vriend is *vies*. In Nederlands is dit ’n adjektief wat ‘vuil of naar’ beteken (Pharos, 2011); in Afrikaans word hierdie term as adjektief of werkwoord gebruik en beteken dit eerder ‘om kwaad of boos te word’ (Luther *et al.*, 2015:1495). Loots *et al.* (2010) gebruik ook die voorbeeld *amper*. In Afrikaans is dit ’n bywoord wat ‘byna’ beteken; daarteenoor beteken *amper* in Nederlands dat iets ‘byna nie’ gebeur nie (Pharos, 2011).
- a. Gebaseer op die aard van die data is daar egter ook ’n subkategorie vir suffigering (SUF) onder die VV-groep bygevoeg. ’n Voorbeeld

soos “*Wanneer gaan we stappen?*” is verder as SUF geannoteer. In hierdie gebruiksepisode herinner *stappen* aan die Afrikaanse *stap*, maar kan dit as ’n valse vriend gesien word, aangesien *stappen* in Nederlands eerder verwys na die handeling om ‘in/uit die bed / op jou fiets / van die trein af te klim’ in plaas van ‘om voorwaarts te beweeg met voete’ (Pharos, 2011). Weer eens is die enigste verskil tussen *stap* en *stappen* die **•en-suffiks**, dus gaan dit eintlik hier ook slegs oor suffigering.

- iv. **Idiomatiese taalgebruik / segswyse (IDIOM)**: Benewens die drie bogenoemde kategorieë, is daar ook ’n addisionele kategorie bygevoeg vir gevalle waar nie een van die ander tipes kognate duidelik geïdentifiseer kan word nie. ’n Konstruksie wat onder hierdie kategorie geannoteer is, is “*Ik heb al gebad*”. Hier is die Afrikaanse *gebad* in ’n merendeels Nederlandse sin gebruik, wanneer die leksikale item nie net so gebruik kan word nie. Die Afrikaanse konstruksie “*Ek het al gebad*” het waarskynlik ’n invloed op die strukturering van hierdie gebruiksepisode uitgeoefen. Die meer idiomatiese Nederlandse konstruksie is “*Ik ben al in het bad geweest*”. ’n Gebruiksepisode soos “*Ik ben zo opgewonden*” kon ook moontlik onder hierdie kategorie geannoteer geword het (waar die idiomatiese Nederlandse konstruksie “*Ik heb er zo’n zin in*” is), maar aangesien dit baie duidelik ’n VV (*opgewonden*) bevat, is dit eerder as VV geannoteer.

- 4.2 **Sintaktiese vervanging (SIN)**: Gebruiksepisodes is slegs vir een rede onder die SIN-vlak geannoteer, naamlik waar “probleme” met die **negativering (NEG)** in die sin voorkom. ’n Voorbeeld van ’n NEG-geval is in ’n gebruiksepisode soos “*Mamma, ek wil nie in die douche*”. Hierdie gebruiksepisode is geïdentifiseer as ’n gebruiksepisode waarvan die MT Afrikaans is; indien dit die geval is, ontbreek die tweede *nie*, oftewel die negativeringsspartikel, in die sin. Aangesien die Nederlandse naamwoord *douche* in hierdie gebruiksepisode gebruik word, is dit

egter ook moontlik dat die respondent probeer het om Nederlands te praat. Indien dit die geval is, is die Afrikaanse negativeringsbywoord *nie* in plaas van *niet* gebruik. Hierdie geval word in meer besonderhede in 4.2.1.2 bespreek.

Nadat die data-annotering afgehandel is, is die Excel-spreiblad met volledige annotasies deeglik deur twee ander navorsers/taalkundiges gekontroleer en van kommentaar voorsien. Gedurende die kontroleringsproses is addisionele interpretasiemoontlikhede in sommige gevalle uitgewys, en vervolgens is bepaalde aanpassings gemaak en bykomstige annotasiemoontlikhede tot die Excel-blad toegevoeg.

3.5 Hoofstuksamevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was om te verduidelik op watter manier die data-insameling en -verwerking in hierdie studie plaasgevind het. Die data is ingesamel deur ses ma's (korrespondente) van agt voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders (respondente) wat hulle kinders vir 'n periode van ongeveer twee maande geobserveer het en op 'n spesifieke templaar dagboek gehou het van hul taalgebruik (d.i. die ouerverslagmetode). Hierdie korrespondente en respondente is hoofsaaklik opgespoor deur gebruik te maak van die sneeubalsteekproefmetode. Die korrespondente moes spesifiek verslag lewer oor gevalle waar hulle kinders Afrikaans-Nederlandse kodewisseling in hul uitings gebruik het.

Hierdie studie maak gebruik van 'n kwalitatiewe navorsingsmetode. Die data-analise en kategorie-identifisering is op 'n hoofsaaklik induktiewe wyse benader, omdat kategorieë toegeken en bygevoeg is soos wat dit uit die datastel ontluik het. Bepaalde deduktiewe metodes is egter ook gebruik. Al die dataverwerkingsfases (te wete datavaslegging en -organisering, skoonmaak van die data, datanormalisering en data-annotering) het in die spreibladsagteware Microsoft Excel geskied.

Die bevindinge van die data-analise word in meer besonderhede in die volgende hoofstuk behandel. Die ingesamelde data word eers in meer besonderhede bespreek, waarna afleidings en gevolgtrekkings gemaak word.

Hoofstuk 4: Data-analise en -bespreking

4.1 Inleiding

Die data-analise het voor oog om die navorsingsdoelstellings, soos uiteengesit in 1.5, te bereik. Die doel van die hieropvolgende bespreking is dus om aan te toon hoe die kodewisseling van die voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse respondente in hierdie studie lyk en daarvolgens afleidings te maak. Die data-analise en -bespreking word gedoen aan die hand van diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG), wat in Hoofstuk 2 bespreek is. Slegs enkele toepaslike voorbeelde word by elke afdeling bespreek.⁵⁷

4.2 Ontleding van die gebruiksebaseerde data

In die datastel is al 120 gebruiksepisodes voorbeelde van **intrasinkodewisseling**. Tabel 5 hier onder verskaf 'n samevatting van die getal gebruiksepisodes per grammatikale vlak. In die relevante TETV-literatuur, sowel as navorsing betreffende tweetalige volwassenes se kodewisseling, word daar bevind dat intrasinkodewisseling meer as die ander twee tipes – te wete intersinkodewisseling en ekstrasinkodewisseling – gebruik word (vergelyk onder andere Backus & Van der Heijden, 2002; Koban, 2013; Meng & Miyamoto, 2012; en Nel, 2012). Hoewel dit wil voorkom asof die bevinding in hierdie studie die relevante literatuur ondersteun, is dit opvallend dat slegs intrasinkodewisseling geobserveer is, terwyl die ander studies almal wel melding maak van sommige gevalle van inter- en ekstrasinkodewisseling. Hierdie verskynsel kan moontlik die gevolg van die beperkende aard van hierdie studie se data-insamelingsmetode wees. Met ander woorde, dit is moontlik dat die korrespondente slegs gevalle van intrasinkodewisseling gerapporteer het, in plaas van gevalle waar oor sinsgrense tussen tale gewissel is.

⁵⁷ Die volledige datastel – met omvattende annotasies – word vir navorsingsdoeleindes op die SADiLaR-webtuiste gehuisves en kan by die volgende skakel bekom word: <https://hdl.handle.net/20.500.12185/541>.


Tabel 5: Samevatting van grammatikale kategorieë

Grammatikale vlak	Afkorting	Totaal	Matrikstaal van uiting	
			Afr.	Ndl.
Morfoleksikale vervanging	MLEKS			
<i>Nie-identiese kognaat</i>	<i>NIK</i>	57	50	7
Suffigering	SUF	17	17	0
<i>Nonkognaat</i>	<i>NK</i>	40	31	9
Suffigering	SUF	3	1	2
<i>Valse vriend</i>	<i>VV</i>	19	12	7
Suffigering	SUF	4	1	3
<i>Idiomatiese taalgebruik / segswyse</i>	<i>IDIOM</i>	2	0	2
TOTALE		118	93	25
Sintaktiese vervanging	SIN	2	1	1
GROOTTOTALE		120	94	26

Die meerderheid van die voorbeelde wat as leksikale vervanging geanaliseer is, is ook voorbeelde van **enkelwoorde** in die ingebedde taal wat vervang is in 'n uiting van die matrikstaal. Dit stem ooreen met Cook (2008:180) se bevinding dat 84% van alle tweetalige volwassenes se kodewisseling uit enkelwoordomruilings (“*single word switches*”) bestaan. Die verskillende kognate wat op die leksikale vlak vervang is, word in die volgende afdelings bespreek.

4.2.1 Leksikale vervanging

Soos gesien kan word in Tabel 5 en Figuur 7 hier onder, is die meeste gebruiksepisodes (n=118) gemerk as gevalle van leksikale vervanging, te wete vervanging met nie-identiese kognate (4.2.1.1), vervanging met nonkognate (4.2.1.2) en vervanging met valse vriende (4.2.1.3). Daar is ook twee gevalle van idiomatiese taalgebruik / segswyse (4.2.1.4).



Figuur 7: Samevatting van leksikale vervanging

Vanuit hierdie figuur is dit ook duidelik dat die **MT in verreweg die meerderheid van die gevalle Afrikaans is**. Dit beteken dat dit meestal Nederlandse leksikale items is wat hul Afrikaanse ekwivalente in Afrikaanse uitings vervang. Ten einde 'n moontlike verklaring hiervoor te verskaf, is daar eerstens na die eerste tale van die betrokke korrespondente gekyk, aangesien hulle die meerderheid kere in die teenwoordigheid van die onderskeie respondente was toe die uitings wat opgeteken is, gemaak is.

Soos in 3.2 aangetoon is, is vier van die ses korrespondente se eerste tale egter Nederlands. Daar bestaan dus nie 'n verband tussen die onderskeie korrespondente en die hoeveelheid gebruiksepisodes wat hulle per matrikstaal gerapporteer het nie; kyk Tabel 6.

Tabel 6: Getal gebruiksepisodes per korrespondent per matrikstaal

Nommer	Eerste taal/tale van korrespondent	Getal gebruiksepisodes per matrikstaal		
		Afr.	Ndl.	Totaal
1	Nederlands	18	20	38
2	Afrikaans en Engels	12	0	12
3	Nederlands	27	2	29
4	Afrikaans	12	1	13
5	Nederlands	12	2	14
6	Nederlands	13	1	14
TOTALE		94	26	120

Hoewel die twee Afrikaanse korrespondente beide meer Afrikaanse gebruiksepisodes gerapporteer het, is dit nie die geval by al die Nederlandse korrespondente nie. Derhalwe word vervolgens oor moontlike verklarings vir hierdie verskynsel gespekuleer.

Dit word dikwels algemeen aanvaar dat Afrikaans 'n eenvoudiger morfologie en grammatika as Nederlands het (Jansen, 2007:107). Dit is dus moontlik dat die respondente in hierdie studie die Afrikaanse grammatika ten tyde van die data-insamelingsperiode **beter geïnternaliseer het** en die meerderheid van hulle gebruiksepisodes in hierdie taal struktureer. Vervolgens word Nederlandse leksikale items merendeels gebruik om sogenaamde gapings in hul Afrikaanse leksikons, waar nodig, te vul. Hierdie vermoede word deur Yow *et al.* (2016) ondersteun:

It has been argued that bilingual children [...] borrow words from their less developed language when they do not yet have a translation equivalent and thus insert such lexical items into their dominant language (i.e., the language that the children are most fluent in) [...]. (Yow *et al.*, 2016:83; eie beklemtoning)

Gegewe die feit dat hierdie studie slegs korrespondent-respondent-pare wat in Suid-Afrika woonagtig is, betrek, maak dit dus dalk sin dat hulle in hul daaglikse omgang meer Afrikaans as Nederlands hoor. Hulle blootstelling aan Nederlands in Suid-Afrika word beperk tot interaksies met hul ouers en ander Nederlandssprekende familieledes, met maats by die skool, deur die kyk van televisieprogramme, ensovoorts. Dit sou dus ook die feit dat die meerderheid van die gebruiksepisodes in Afrikaans gestruktureer is, kon verklaar.

Die teenoorgestelde – dat die respondente **juis** op hierdie stadium die Nederlandse grammatika beter verinnerlik het (en dit dus hul dominante taal is) en dus aansienlik minder van kodewisseling gebruik maak wanneer hulle Nederlands praat – is ook 'n moontlikheid. Anders gestel, dit is moontlik dat die respondente meer Nederlandse as Afrikaanse uitings gebruik, maar nie so gereeld Nederlandse leksikale items met Afrikaanse leksikale items vervang wanneer hulle Nederlands praat nie; en derhalwe is dit nie deur die korrespondente opgeteken nie.

Volgens Paradis *et al.* (2000) wissel tweetalige, voorskoolse kinders tussen kodes, omdat hulle oor die kennis en vermoë beskik om twee tale in een saam te smelt, en nie omdat een van hul tale noodwendig dominant is nie. Dit beteken dat, in hierdie geval, hierdie verskynsel dalk bloot aan partydigheid of toeval toeskryfbaar is. Met ander woorde, dit is ook moontlik dat die korrespondente onbewustelik of toevallig meer optekeninge gemaak het wanneer die onderskeie respondente Nederlandse leksikale items in oorwegend Afrikaanse uitings gebruik het.

Sonder longitudinale data of addisionele inligting is dit egter nie moontlik om die een of die ander verklaring met sekerheid te bevestig nie. Dit gesê, en gegewe die feit dat die gebruiksepisodes waarvan die MT Afrikaans is meer as drie maal soveel as die hoofsaaklik Nederlandse gebruiksepisodes is, is die hipotese wel dat daar 'n **dominante taal** ter sprake is, hetsy Afrikaans of Nederlands. Hierdie hipotese sal egter in meer diepte in verdere navorsing ondersoek moet word.

Van al die gevalle van leksikale vervanging wat in die datastel voorkom, is die **meerderheid** van hierdie gevalle (n=57; 48%) voorbeelde waar **naamwoorde** vervang is. Die woordsoortkategorie wat die tweede meeste vervang is, is werkwoorde (n=27; 23%). Al die oorblywende woordsoortkategorieë (29%) kom elk minder as 15 keer in die datastel voor. In Tabel 7 word die woordsoortfrekwensies met mekaar vergelyk.

Tabel 7: Leksikale vervanging per woordsoortkategorie

Leksikale vervanging							
Woordsoort	Afkorting	NIK	NK	VV	IDIOM	Totaal	Persentasie
Naamwoord	N	19	33	5	0	57	48%
Werkwoord	V	19	4	3	1	27	23%
Bywoord	ADV	6	1	5	1	13	11%
Voornaamwoord	PRON	7	0	0	0	7	6%
Adjektief	ADJ	4	2	1	0	7	6%
Voorsetsel	PREP	0	0	4	0	4	3%
Lidwoord	ART	2	0	0	0	2	2%
Partikel	PTCL	0	0	1	0	1	1%
TOTALE		57	40	19	2	118	100%
PERSENTASIES		48%	34%	16%	2%	100%	

Die feit dat naamwoorde meer as werkwoorde in die gebruiksepisodes gewissel is, word ook deur die relevante vakliteratuur ondersteun (Backus & Verschik, 2012; Bolonyai, 2000:94-95; Cantone, 2005:488, 2007:173; Isurin *et al.*, 2009; Lawrence, 1999:267-271; Meisel, 1994:416; Vihman, 2016:180, en so meer).⁵⁸ Die eerste moontlike verklaring handel oor naamwoorde se konseptuele geïntegreerdheid in 'n sin, wat só deur Isurin *et al.* (2009) saamgevat word:

[Verbs], by virtue of being encoded by additional grammatical categories [...], are more tightly interconnected within a sentence, making them more difficult to switch as single words intra-sententially. Therefore, [code-switching] that takes place at the lexical level influences nouns more than verbs (since nouns are more integrated conceptually and easier to access lexically) and [code-switching] that takes place at the conceptual level influence verbs more than nouns (since verbs are more distinct conceptually and are more connected within a sentence). (aangepas uit Isurin *et al.*, 2009:172; eie beklemtoning)

Ook Vihman (2016) stel dat werkwoorde 'n sentrale rol in 'n sin se argumentstruktuur verteenwoordig; daarom is dit verstaanbaar dat hulle minder deur kodewisseling beïnvloed word as naamwoorde:

[The fact that verbs show lower rates of code-switching than nouns] may be largely due to their central role in argument structure: because the verb forms both the semantic and syntactic core of the predicate, it can be seen to provide the core structure of a clause. Verbs

⁵⁸ Kyk ook 2.2.3.1.

also tend to carry more functional information and morphological complexity than other constituents, and to be less semantically specific, which may reduce the motivation to code-switch based on contextually specific lexical items. (aangepas uit Vihman, 2016:1980; eie beklemtoning)

In aansluiting hierby bevind Hell en De Groot (1998:2004) dat tweetalige kinders se vermoë om naamwoorde te onthou, beter is as hul vermoë om werkwoorde op te roep. In gebruiksepisodes waar naamwoorde soos *flits, douche, nartjie, banaan, paraplu*, en so meer gewissel is, was dit moontlik makliker vir die respondente om die ooreenstemmende naamwoordkognate te herroep en te vervang, vergeleke met 'n werkwoord wat dalk morfologies meer kompleks is en dikwels ook die sintaktiese struktuur van 'n sin kan verander. Dit is veral ook relevant in die geval van hierdie studie, aangesien werkwoordfleksie in Nederlands voorkom, maar in Afrikaans ophef is (Ponelis, 1999:8). Dit beteken dat daar in vergelyking met Afrikaans 'n groter verskeidenheid Nederlandse werkwoordvorme is, soos die teenwoordige werkwoord, imperfektum (onvoltooide verlede tyd) en die voltooide deelwoord (Ehlers & Van Beek, 2012:193), plus nog al die persoonsvorme. Die feit dat 'n kind wat Afrikaans-Nederlands grootgemaak word al hierdie werkwoordvorme tegelykertyd moet verwerf, kan dus ook moontlik verklaar hoekom werkwoorde oor die algemeen minder as naamwoorde vervang is.

Dit is ook moontlik dat die invoeging van Nederlandse leksikale items in oorwegend Afrikaanse uitings die korrespondente meer kon opval as omskakelings in die ander rigting. Die rede hiervoor kan moontlik wees dat die invoeging van 'n Nederlandse woord in 'n Afrikaanse uiting, gegewe die naamwoord- en werkwoordfleksie in Nederlands, meer gemarkeerd is as die invoeging van 'n Afrikaanse leksikale item in 'n oorwegend Nederlandse uiting.

4.2.1.1 Vervanging met nie-identiese kognate

'n Paar voorbeelde waar nie-identiese kognate – spesifiek naamwoorde – vervang is, word vervolgens verskaf.

-
-
- (1) Zander (6;2-6;4) *skool* > *Pappa, ons gaan môre Nederlandse school toe.*⁵⁹
- (2) Detlef (6;0-6;2) *spieël* > *Kom ons kyk in die spiegel.*
- (3) Gerhard (2;3-2;5) *skoene* > *[Gerhard] trek sjoene*⁶⁰ *aan.*
- (4) Karien (3;4-3;6) *vurk* > *’n Vork asseblief?*

In (1) gebruik Zander die NIK *school* in plaas van *skool*. Die korrespondent maak egter by hierdie gebruiksepisode die volgende opmerking: “Die idioom ‘Nederlandse school’ is vir hom ’n eenheid, wat hy nie in Afrikaans vertaal nie.” In hierdie geval kan die afleiding dus gemaak word dat Zander die naamwoordelike frase as **een naamwoordeenheid**, te wete [Nederlandse school]_N, herken en gebruik. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat hy daaglik ’n Nederlandse skool bywoon en hierdie eenheid dus gevestig geraak het as gevolg van langdurige gebruik by die skool en in sy ouerhuis.

Van al die gevalle waar NIK’s in die datastel voorkom, is daar agt gevalle waar ’n **persoonlike voornaamwoord** vervang is. In ses van die sewe gevalle is die Nederlandse persoonlike voornaamwoord *ik* in plaas van die Afrikaanse *ek* gebruik.

- (5) Danielle (5;7-5;9) *ek* > ***Ik*** *speel daarmee!*
- (6) Herculene (6;1-6;3) *ek* > ***Ik*** *is ook lief vir mamma.*
- (7) Herculene *ek* > ***Ik*** *heb nog nie my goeters naar die jagkamp meegeneem nie.*

⁵⁹ Die voorbeeldstruktuur wat vir (1) gebruik word, asook vir die ander voorbeelde in die res van die hoofstuk, word soos volg uiteengesit: In die eerste kolom word die respondente se skuilnaam, gevolg deur die respondente se ouderdom tydens die data-insamelingsperiode weergegee; in die tweede kolom verskyn die “korrekte” vorm van die gewisselde leksikale item(s) in die derde kolom (soos ooreenstem met die annotasies); en in die derde kolom word die gebruiksepisode of uiting, soos deur die korrespondent in die dagboek neergeskryf is, weergegee.

⁶⁰ Die korrespondent het aangedui dat *sjoene* die Limburgse woord vir *skoene* is.

-
-
- (8) Herculene *ek* > *Baie geluk – ik hoop mamma het 'n mooi jaar!*
- (9) Herculene *ek* > *Ik weet nie, ik soek hom nou.*
- (10) Herculene *ek* > *Ik weet nie, ik soek hom nou.*
- (11) Herculene *ek* > *Ik het self 'n stuk van my hare geknip.*

Dit is opvallend dat Herculene in byna al die gevalle (n=6) *ik* in plaas van *ek* gebruik het. Soos in 3.2 aangedui is, is beide Herculene se ma en pa se eerste taal Nederlands. Hulle praat wel van die begin af met haar Afrikaans en stel haar ook op ander maniere daaraan bloot, ten einde haar Afrikaans-Nederlands groot te maak. Aangesien hulle eerste taal Nederlands is, is dit moontlik dat hulle gebruik van die persoonlike voornaamwoord, selfs wanneer hulle Afrikaans praat, meer soos die Nederlandse *ik* as die Afrikaanse *ek* klink.

Dit is ook moontlik dat hulle wel *ik* in plaas van *ek* gebruik en derhalwe gemengde toevoere lewer. Dit kan waarskynlik verklaar waarom slegs Herculene so baie van hierdie vervanging in haar gebruiksepisodes gebruik maak. Dit is egter nie te sê dat die ander respondente in hierdie studie nie ook gereeld dié persoonlike voornaamwoord wissel nie, maar dit kan ook wees dat Herculene se korrespondent dit meer pertinent opgemerk en opgeskryf het, miskien omdat sy meer daarop ingestel is.

In die datastel is daar slegs twee gevalle waar die NIK's lidwoorde is. In beide hierdie voorbeelde is die Nederlandse **onbepaalde lidwoord** *een* in plaas van die Afrikaanse *'n* gebruik.

- (12) Karien (3;4-3;6) *'n* > *Mamma, ek wil graag een⁶¹ toetje hê.*
- (13) Karien *'n* > *Mamma, kan ek een toetje kry?*


⁶¹ Hoewel *een* ook in hierdie geval moontlik as 'n VV tussen Afrikaans en Nederlands beskou kan word, is dit eerder as 'n Nederlandse naamwoordeenheid geannoteer, wat uit 'n lidwoord en naamwoord bestaan, omdat dit gereeld saam gebruik word.

In beide hierdie gebruiksepisodes is die Nederlandse onbepaalde lidwoord tesame met die gepaardgaande naamwoord in 'n oorwegend Afrikaanse gebruiksepisode gebruik. Dit beteken dat Karien waarskynlik in hierdie instansies, soortgelyk aan Zander se hantering van *Nederlandse school* in (3), die naamwoordelike konstruksie $[[\text{een}]_{\text{ART}}[\text{toetje}]_{\text{N}}]_{\text{NP}}$ as een naamwoordeenheid gestoor het ($[\text{een toetje}]_{\text{N}}$). Sy is dus nie slegs afsonderlik bewus van die NIK *een* of die NK *toetje* nie, maar van die konstruksie *een toetje* wat gereeld deur haar Nederlandssprekende ma en oupa saam gebruik word, soos deur die korrespondent gerapporteer is.

In die datastel het daar ook 'n interessante geval voorgekom waar twee NIK's saam gebruik is om 'n Afrikaanse werkwoordelike frase te vernederlands:

(14) Zander (6;2-6;4) *schaken* > *Kunnen we vragen of [x] komt schaak spelen?*

In (14) is die NIK-frase *schaak spelen* in plaas van die infinitiefvorm van die Nederlandse werkwoord *schaken* gebruik. Hier is die respondent waarskynlik bewus van die struktuur van die Afrikaanse werkwoordelike frase (VP) ($[[\text{skaak}]_{\text{N(Afr)}}[\text{speel}]_{\text{V(Afr)}}]_{\text{VP}}$) en het hy dit deur middel van 'n kognitiewe proses van kategorisering, oftewel intertaalidentifikasie (soos in 0 bespreek is), met die Nederlandse idiokonstruksie $[[\text{NIK}]_{\text{N(Ndl)}}\cdot\text{en}]_{\text{V.INF}}$ in verband gebring. Daarna het hy die gedeelde elemente van hierdie konstruksies veralgemeen en beide woorde met hul gepaardgaande NIK's, te wete *schaak* en *spelen*, vervang op basis van die diakonstruksie $[[\text{NIK}]_{\text{N(Ndl)}}[\text{NIK}]_{\text{V(Ndl)}}]_{\text{VP}}$. Dié diakonstruksie en sy gepaardgaande idiokonstruksies word in Figuur 8 visueel voorgestel.



Figuur 8: Konstruksienetwerk van [schaak spelen]

Voorbeelde (15) en (16) is soortgelyk aan die geval van *schaak spelen* in (16).

(15) Detlef (6;0-6;2) *asemhaal* > *Dan kan sy nie ademhaal nie.*

(16) Detlef *asemhaal* > *Pappa, hoekom kan ons nie onder water ademhaal nie?*

In Afrikaans is *asemhaal* 'n kompositum wat uit 'n naamwoord (*asem*) en 'n werkwoord (*haal*) bestaan;⁶² die idiokonstruksieskema lyk dus soos volg: $[[y]_{N(Afr)} + [x]_{V(Afr)}]_V$. In Nederlands is die idiokonstruksionele ekwivalent egter *ademen* ($[[y]_{N(Ndl)} \cdot en]_{V.INF}$), soortgelyk aan *schaken*. Detlef het die twee idiokonstruksies met mekaar verbind deur middel van intertaalidentifikasie

⁶² Hoewel *adem* ook 'n bestaande woord in Afrikaans is wat kan verwys na die handeling 'om asem te haal', word dit meestal slegs in 'n figuurlike konteks gebruik en is dit volgens Luther *et al.* (2015:18) 'n relatief formele, verouderde en/of perifere term.

om die diakonstruksie *ademhaal* ([[NIK]_{N(NdI)+[x]_{V(Afr)}]_V) te vorm.}

Van die 57 voorbeelde van NIK's in die datastel is 17 voorbeelde as suffigering (SUF) gemerk.

(17) en (18) dien ter illustrasie:

(17) Danielle (5;7-5;9) *kindjie* > *Ek het saam met die kindje gespeel.*

(18) Laura (5;3-5;5) *kyk* > *Kan ek nog 'n bietjie TV kijken?*⁶³

In beide gevalle het die stam van die NIK 'n **identiese kognaat** in die ander taal: *kind* is 'n naamwoord in beide Afrikaans en Nederlands wat na "iemand wat nog nie 'n grootmens/volwassene is nie" verwys (Luther *et al.*, 2015:615); *kyk/kijk* verwys in beide tale na die handeling "om sig te vertoon" (Pharos, 2011).⁶⁴ Die enigste verskil tussen die twee ooreenstemmende NIK's is dus die suffikse. Die volgende konstruksieskema kan hiervoor gepostuleer word: [[IK]·y_{CN}], waar die IK allomorfiiese stamme of wortels in die MT is, en ·y_{CN} 'n kategorieneutrale suffiks in die IT is.

4.2.1.2 Vervanging met nonkognate

Van die nonkognate (NK's) wat in die respondente se kodewisseling opgemerk is, **is verreweg die meerderheid** van die 40 gevalle **naamwoorde** (n=33); kyk Tabel 7. Vergelyk die volgende voorbeelde waar die onderskeie respondente naamwoorde gebruik wat dieselfde betekenis as hul gepaardgaande NK's het en dus in dieselfde konstruksies gebruik kan word:

(19) Detlef (6;0-6;2) *kar* > *Dit is 'n mooie auto.*

⁶³ Soos ook meermale op ander plekke uitgewys is, maak die gebrek aan fonologiese data dit onmoontlik om te bevestig watter een van die NIK's gebruik is. Daar word dus gesteun op die korrespondent se interpretasie van die gebruiksepisode.

⁶⁴ Vir die doeleindes van die analyses in hierdie studie is die Nederlandse "lang <y>" en die Afrikaanse <y> as identieke grafeme beskou. Daarteenoor is medeklinkerklusters soos <sch> vs. <sk> of <sch> vs. <s> nie as identiek hanteer nie, aangesien hulle nie in alle kontekste eenvormig vervangbaar is nie.

(20) Karien (3;4-3;6) *rokkie* > *Ek wil die **jurkje** aantrek.*

(21) Laura (5;3-5;5) *soentjie* > *Kry ek nog 'n **kusje**?*

In (19) is die NK *auto* in pleks van *motor* of *kar* gebruik. (19) is egter soortgelyk aan (14) en (15), in die sin dat *mooie auto* ([[mooie]_{ADJ}[auto]_N]_{NP}) ook as 'n **enkelnaamwoordeenheid beskou word**, [mooie auto]_N. Hoewel *mooie* ook 'n bestaande woord in Afrikaans is, word dit meestal as selfstandige naamwoord gebruik om te verwys na “die aantreklige/beste/grappige van iets” (Pharos, 2011). Om hierdie rede, en aangesien hierdie voorbeeld soortgelyk is aan die naamwoordeenheid in (14) en (15), is daar wel besluit om *mooie* ook as 'n voorbeeld van kodewisseling te merk, spesifiek as 'n geval van morfoleksikale vervanging wat 'n NIK betrek.

In (20) het Karien die NK *jurkje* in plaas van *rokkie* gebruik. Hierdie gebruiksepisode is 'n interessante geval, aangesien *jurk* ook in Afrikaans bestaan. *Jurk* is egter 'n baie verouderde en weinig gebruikte term (Luther *et al.*, 2015:560). Hoewel *jurk* in die verlede meer as 'n sinoniem vir *rok* gebruik is (en dus as 'n IK gesien kon word), word *jurk* vandag slegs vir 'n “los oorrok” gebruik, terwyl *rok* algemeen gebruik word waar in Nederlands *jurk* sou voorkom (Pharos, 2011). Dit is dus baie **waarskynliker** dat Karien **nie** die Afrikaanse woord *jurk* ken nie, en vervolgens die NK vir *rokkie* in hierdie konteks gebruik het. (21) is soortgelyk aan *jurkje*, aangesien *kus* ook in Afrikaans bestaan en die betekenis ‘soen’ het. (Dit sou dus as 'n NIK gesien kon word, soortgelyk aan *kindje* in (1).) In Afrikaans is *soen(tjie)* egter **meer algemeen gebruiklik** as *kus* (Pharos, 2011), en derhalwe is die waarskynliker verklaring dat Laura ook **nie bewus is van** of die woord *kus* in Afrikaans ken nie en dat sy slegs in hierdie geval die NK (*kusje*), wat sy wel ken, gebruik het.

Hoewel die meerderheid voorbeelde van naamwoorde onder hierdie kategorie simplekse of afleidings is, is daar ook voorbeelde van **komposita** onder hierdie kategorie opgemerk.

(22) Nina (3;3-3;5) *grondboontjebotter* > *Hou jy van **pindakaas**?*

(23) Detlef (6;0-6;2) *boekrak* > *Hier is my **boekekas**.*

Hierdie voorbeelde ondersteun McGregor *et al.* (2010:464) se bevinding dat komposita al in kinders se taalgebruik tussen 1;0 en 2;0 opgemerk word, maar dat die gebruik van hierdie komposita waarskynlik die resultaat van 'n geheuegedrewe of memoriseringsproses is. McGregor *et al.* (2010) maak die volgende opmerking in hierdie verband:

Compounds are represented in the vocabularies of children as young as 1 and 2 years of age. Although the earliest uses are likely rote, children begin to parse compounds at a very young age. [These compounds are formed by combining] roots to coin novel compounds. (aangepas uit McGregor *et al.*, 2010:464; eie beklemtoning)


In hierdie studie se datastel het daar egter geen voorbeelde van nuwe of eienaardige komposita voorgekom nie. Behoudens die metodologiese tekortkominge, soos reeds bespreek (kyk 2.2.3.2 en 3.3), kan ons ook hierin sien dat voorskoolse kinders wel **enkelnaamwoordeenhede stoor en oorneem** (dus soortgelyk aan [een toetje]_N). Nina beskou waarskynlik dus nie *pindakaas* as 'n kompositum wat uit twee naamwoorde ([pinda]_N+ [kaas]_N) bestaan nie, maar sien en gebruik dit slegs as 'n enkelnaamwoordeenheid ([pindakaas]_N) wat in die plek van *grondboontjebotter* gebruik kan word – dus 'n NK.

Daar is slegs drie voorbeelde in die datastel waar NK's en **suffigering** ter sprake is. In twee van hierdie gebruiksepisodes is die Nederlandse meervoudsuffiks gebruik om die meervoud van 'n Afrikaanse naamwoord aan te dui op basis van die diakonstruksieskema [[NK]_{N(Af)}·en]_{N.PL}. In hierdie gevalle is die Afrikaanse naamwoorde verander om Nederlandse meervoude te vorm deur gebruik te maak van die *-en*- meervoudsuffiks. 'n Voorbeeld van so 'n verandering word in (24) weergegee.

(24) Zander (6;2-6;4) *bavianen* > *We hebben heel veel bobbejanen gezien.*

In hierdie gebruiksepisode het die korrespondent aangedui dat as gevolg van 'n gebrek aan bobbejane (en berge) in die Nederlandse natuurlandskap, Zander nie bewus is van die korrekte NK *baviaan* nie. Ofskoon hy nie bewus is van die NK *baviaan* nie, het hy wel toegang tot die Nederlandse idiokonstruksieskema [[X]_{N(Nd)}·en]_{N.PL}. Vervolgens het hy die Afrikaanse idiokonstruksie, wat hy wel ken, asook die Nederlandse *-en*-meervoudsuffiks gebruik om die diakonstruksie *bobbejanen* in plaas van die “korrekte” *bavianen* te vorm; vergelyk Figuur 9 vir

'n visuele voorstelling.



Figuur 9: Konstruksienetwerk van [bobbejanen]

Voorbeeld (25) hier onder volg 'n soortgelyke patroon.

(25) Nina (3;3-3;5) *eucalyptussen* > *Ik ruik de bloekombomen.*

Nina het, soortgelyk aan Zander, met haar ma (wat Nederlandssprekend is) probeer praat oor *eucalyptussen*. Haar gebrek aan toegang tot die volledige woordeskat van Nederlands (kyk ook 2.2.1.2) het egter veroorsaak dat sy die Afrikaanse idiokonstruksie *bloekomboom*, wat sy wel ken, en die Nederlandse meervoudsuffiks gekombineer het om die diakonstruksie *bloekombomen* te vorm.

Met ander woorde, hierdie proses van diakonstruksionele suffigering⁶⁵ – waar ’n suffiks van een taal met ’n stam in ’n ander taal kombineer om ’n diakonstruksie te vorm – stel die onderskeie respondente in staat om steeds op ’n effektiewe wyse boodskappe aan die aangesprokene te kommunikeer. Hierdie bevinding sluit aan by die multitaalsisteemhipotese, soos in 2.2.2.1 bespreek is, en die idee dat kinders se kodewisseling nie ’n soort taalsteurnis is nie, maar eerder instrumenteel is tot die gespreksverloop. Vergelyk ook wat Skiba (1999) in dié verband sê:

*[C]ode switching is not a language interference on the basis that it supplements speech. Where it is used due to an inability of expression, code switching provides [...] continuity in speech rather than presenting an interference in language. The socio-linguistic benefits have also been identified as a means of communicating solidarity, or affiliation to a particular social group, whereby code switching should be viewed from the perspective of **providing a linguistic advantage rather than an obstruction to communication**.* (Skiba, 1997:2; eie beklemtoning)

By beide (24) en (25) is dit egter ook moontlik dat die <n> van die ·en-meervoudsuffiks nie pertinent uitgespreek is nie, en dit is moontlik dat die korrespondent slegs dié woorde se transkripsies aangepas het om by die Nederlandse standaardspelwyse aan te pas. Omdat fonologiese data nie beskikbaar is om die gebruik van die <n> te bevestig nie, kan daar slegs op die korrespondent se voorstellings staatgemaak word (soos in 3.4.3 bespreek). Derhalwe is daar besluit om hierdie konstruksies te annoteer asof die <n> wel uitgespreek is.

Benewens die gebruik van diakonstruksionele meervoudsvorme, is die ·en-infinitiefsuffiks in een geval saam met ’n Afrikaanse NK gebruik om die diakonstruksieskema [[NK]_{V(Afr)}·en]_{V.INF} te vorm. Vergelyk Zander se gebruiksepisode hier onder:

(26) Zander (6;2-6;4) *inleveren* > *Ik moet dit briefje morgen inhandigen.*

Voorbeeld (26) moet nie verwar word met ’n voorbeeld soos (27), waar die Nederlandse NIK *fietsen* in die plek van die Afrikaanse werkwoord *fiets* gebruik is nie. *Fietsen* se konstruksieskema lyk soos volg: [[NIK]_{V(Afr)}·en]_{V.INF}, en dit staan dus teenoor (26) waar die Nederlandse morfologie op ’n stam wat eie aan Afrikaans is, toegepas is om ’n

⁶⁵ *Diakonstruksionele suffigering* is ’n nuutskepping vir die doeleindes van hierdie studie.

diakonstruksionele werkwoord te vorm wat **nie in een van die tale 'n leksikale item is nie**.

(27) Karien (3;4-3;6) *fiets* > *Kan ek gaan fietsen?*

4.2.1.3 Vervanging met valse vriende

In die datastel is daar altesaam 19 voorbeelde waar 'n valse vriend (VV) gebruik is. Voorbeeld (28) is 'n voorstelling van 'n geval waar een naamwoord in plaas van 'n ander gebruik is.

(28) Zander (6;2-6;4) *meneer* > *Kijk, die oom heeft een gekke broek aan!*

In (28) is die Afrikaanse *oom* gebruik in 'n konteks waar die Nederlandse *meneer* die gepaster term sou gewees het. Ofskoon *oom* ook 'n bestaande woord in Nederlands is, word dit slegs gebruik om na 'n manlike familielid, te wete die broer of swaer van 'n vader of moeder, te verwys (Pharos, 2011). In Afrikaans word hierdie woord egter ook as 'n hofflikheids-/beleefdheidsvorm gebruik om op (on)bekende manlike aangesprokenes wat ouer as die spreker is, te dui. Hoffman (2019:125) wys daarop dat hierdie woord veral deur jonger kinders teenoor volwasse sprekers gebruik word.

Soos in die geval van NIK's (4.2.1.1) en NK's (4.2.1.2) is sommige VV's ook as SUF geannoteer. Van die 19 gevalle van VV's in die datastel is vier as SUF gemerk. Vergelyk die volgende gevalle:

(29) Zander (6;2-6;4) *meisje* > *Dat dogtertje wil niet van de schommel af.*

(30) Herculene (6;1-6;3) *draaie* > *Nog 'n klompie draaien.*


(31) Zander (6;2-6;4) *wandelen* > *Wanneer gaan we stappen?*

By (29) is daar deur die korrespondent aangedui dat sy en die respondent ten tyde van die gebruiksepisode in 'n speelpark was en hy (Zander) na 'n onbekende kind verwys het toe die uiting opgeteken is. Sy maak in hierdie verband tereg die onderstaande opmerking in die laaste

dagboekkolom:

In Afrikaans gebruik 'n mens *dogtertjie* om enige dogtertjie mee aan te dui. In Nederlands gebruik 'n mens dit net om iemand se vroulike kind aan te dui. In hierdie konteks sou die juiste woord *meisje* wees, maar hy gebruik die **Afrikaanse woord**, wel met die korrekte **Nederlandse diminutief**. (eie beklemtoning)

Hierdie geval van diakonstruksionele suffigering se skematiese voorstelling lyk soos volg: $[[VV]_{N(Afr)} \cdot tje]_{N.DIM}$. Dié diakonstruksie en sy ooreenstemmende idiokonstruksies se visuele voorstelling word in Figuur 10 weergegee.



Figuur 10: Konstruksienetwerk van [dogtertje]

'n Geval soos hier bo illustreer egter ook 'n **tekortkoming van die dagboekmetode**. Aangesien fonologiese data nie ingesamel is nie, is dit onmoontlik om die gebruik van iets soos *dochter*

teenoor *dogter* te bevestig.⁶⁶ Daar word uitsluitlik staatgemaak op die korrespondent se interpretasie en gevolglike voorstelling van die respondent se taalgebruik (in die vorm van skryfwyse of spelling).

Voorbeeld (30) is soortgelyk aan (29). In (30) word 'n Nederlandse pluralissuffiks saam met 'n Afrikaanse naamwoord gebruik, waar in (29) 'n Nederlandse diminutiefsuffiks saam met 'n Afrikaanse naamwoord gebruik is. Herculene het *draaien* in 'n gebruiksepisode waarvan die MT Afrikaans is, gebruik. Sy en haar ma was besig om te speel, spesifiek besig om treinspore te bou, toe hierdie gebruiksepisode gemaak is. Die afleiding word dus gemaak dat Herculene in hierdie konteks na die *draaie(n)* in treinspore verwys. Weer eens word *draai* in hierdie konteks as 'n VV beskou, aangesien *draai* as 'n naamwoord in Nederlands meestal slegs in figuurlike kontekste gebruik word om na 'n “wending” te verwys; byvoorbeeld in 'n uiting soos “*je draai vinden*” wat na die figuurlike betekenis “jou voete vind / jou sit kry / jou draai(e) kry” verwys (Pharos, 2011). *Draai* het dus nie dieselfde konkrete betekenismoontlikheid, te wete 'n “kronkeling” (Luther *et al.*, 2015:221), as in Afrikaans nie, en die regte Afrikaanse woord in dié konteks sou *draaie* wees. Dié konstruksieskema kan dus soos volg voorgestel word: [[VV]_{N(Afr)}·en]_{N.PL}.

In (31) word die Nederlandse infinitiefvorm saam met 'n Afrikaanse werkwoord gebruik om 'n diakonstruksie te vorm. Ook hier het die korrespondent tereg 'n opmerking in die laaste dagboekkolom gemaak:

Pa het belowe ons gaan stap in die berge. Nou vra hy vir my wanneer ons gaan en **gebruik die Afrikaanse woord** [stap] **wat sy pa gebruik het, saam met die Nederlandse infinitief.** Nederlands sou wees *wandelen*. (eie beklemtoning)

Aangesien Zander se pa die werkwoord *stap* kort voor hierdie gebruiksepisode gebruik het, kan die afleiding gemaak word dat Zander die Afrikaanse werkwoord *stap* en die Nederlandse infinitiefvorm saam gebruik het, moontlik omdat hy nie die Nederlandse werkwoord *wandelen* ken nie. Hy kan egter die leksikale gaping vul met behulp van 'n diakonstruksieskema:

⁶⁶ Soos by 4.2.1.2 genoem, is medeklinkerklusters soos <ch> vs. <g> in hierdie geval nie as identiek hanteer nie, aangesien hulle nie in alle kontekste uitwisselbaar is nie.

[[VV]_{V(Afr)}·en]_{V.INF}. Hierdie verskynsel is dus soortgelyk aan die voorbeelde *bobbejanen* (24) en *bloekombomen* (25), met die verskil dat 'n Afrikaanse werkwoord en die Nederlandse *·en-*suffiks in hierdie geval gebruik is.

4.2.1.4 Idiomatiese taalgebruik / segswyse

Hierdie kategorie verwys na kodewisselingsgevalle wat op die leksikale vlak plaasgevind het en waar die leksikale vervanging 'n onidiomatiese gebruiksepisode tot gevolg het. Dit is spesifiek gevalle waar een van die drie tipes kognate wat reeds bespreek is, nie duidelik teenwoordig is nie. Kyk (32) en (33) hier onder.

- | | | | | |
|------|------------------|---|---|---|
| (32) | Zander (6;2-6;4) | <i>Het is al lang gelede dat we op school zijn geweest.</i> | > | <i>We zijn lanklaas op school geweest.</i> |
| (33) | Nina (3;3-3;5) | <i>Ik ben al in het bad geweest.</i> | > | <i>Ik heb al gebad.</i> |

In Zander se gebruiksepisode (32) het hy die Afrikaanse leksikale item *lanklaas* net so oorgeneem en in 'n Nederlandse sin gebruik ([Subj aux ADV_(Afr) PREP N V.PST]). Om in Nederlands aan te dui dat iets 'n “geruime tyd gelede” plaasgevind het (Luther *et al.*, 2015:717), is dit egter nodig om die sin heeltemal anders te struktureer: Die Afrikaanse bywoord kan nie net so in dieselfde vorm gebruik word nie. Dieselfde het in Nina se geval plaasgevind, waar sy die verledetydsvorm van die Afrikaanse werkwoord *gebad* in 'n Nederlandse sin gebruik het ([Subj aux ADV V.PST_(Afr)]). Die meer idiomatiese bewoording vir (33) sou egter eerder “*Ik ben al in het bad geweest*” gewees het.

4.2.2 Sintaktiese vervanging

Daar is twee voorbeelde waar “probleme” met die **negativeringskonstruksie** ter sprake is. Voorbeeld (34) is vanweë die verskillende interpretasiemoontlikhede 'n problematiese geval om te klassifiseer:

(34) Danielle (5;7-5;9) *Mamma, ek wil **nie** in die douche.*

Vorster (1982) bevind dat voorskoolse, Afrikaanse kinders tussen 1;5 en 2;5 nog nie gedurende hierdie ouderdomsgleuf die dubbelnegativeringskonstruksie korrek gebruik nie. Interessant genoeg bevind hy egter dat die kinders in hierdie ouderdomsgroep geneig is om die tweede *nie* (oftewel die negativeringspartikel) eerste te verwerf.

The schema No + Nucleus, proposed by Wode (1977) as a universal step in the acquisition of negation, failed to appear in longitudinal data from two Afrikaans children between the ages of 18 and 30 months. The transition from single nee (no) to Nucleus + nie (not) in the data is explained in terms of the relative salience of the sentence adverbial nee (no) and the obligatory sentence-final nie (not) in the speech addressed to the children. From the children's deletions it appears that of the post verbal Neg element, characteristic not only of Afrikaans but also of cognate languages such as Dutch and German, and the reiterative sentence-final nie, peculiar to Afrikaans, it is the latter that is acquired first. (Vorster; 1982:231; eie beklemtoning)

Vorster (1982) se bevinding is egter slegs op die taaldata van twee voorskoolse, Afrikaanse kinders gebaseer. Benewens sy bydrae, het White (2015) 'n studie uitgevoer wat Afrikaanssprekende kinders se begrip en produksie van die dubbelnegativeringskonstruksie ondersoek. Haar studie betrek 70 kinders tussen die ouderdomme van 2;6 en 4;8, en sy bevind dat die kinders in haar studie wel hierdie konstruksie kan identifiseer en korrek gebruik, hoewel sy noem dat verdere navorsing benodig word om haar bewerings te staaf.

Verder is daar ook studies gedoen wat die verwerwing van die dubbelnegativeringskonstruksie in Frans ondersoek. Meisel (1997:236) bevind byvoorbeeld dat die eerste gevalle waar die Franse negativeringskonstruksie korrek gebruik word, tussen 2;3 en 2;6 opgemerk kan word. (Kyk ook Meisel (1994).)

Boonop sien ons in die datastel ander voorbeelde waar respondente van dieselfde ouderdom, of jonger, die Afrikaanse negativeringskonstruksie korrek gebruik. Vergelyk die voorbeelde hier onder:

(35) Detlef (6;0-6;2) *Dan kan sy **nie** ademen **nie**.*

(36) Karien (3;4-3;6) *Ek het dit **nie** gedaan **nie**.*

(37) Laura (5;3-5;5) *Ek wil **nie** die aardappelen eet **nie**.*

In die datastel is daar nie ander voorbeelde waar Daniëlle die dubbelnegativeringskonstruksie korrek of verkeerd gebruik nie. Daar is egter geen ander sinne wat in die negatief gestel en in Afrikaans is nie. Daarom is dit ook steeds moontlik dat sy dit wel korrek gebruik, maar dat daar net toevallig geen ander uitings in die ontkennde vorm deur die korrespondent opgeteken is nie.

Dus, gegewe 'n gebrek aan bevindinge betreffende die verwerwing van die negativeringskonstruksie in Afrikaans, die feit dat ander jonger respondente reeds die negativeringskonstruksie korrek gebruik, en aan die hand van Meisel (1994, 1997) se studies, is daar besluit dat hierdie geval (34) wel gesien kan word as sintaktiese vervanging (kodewisseling op die sintaktiese vlak).

Aangesien die Nederlandse naamwoord *douche* in (34) gebruik word, is dit egter ook moontlik dat die respondent probeer het om Nederlands te praat en toe die Afrikaanse negativeringsbywoord *nie* in plaas van *niet* gebruik het. Aangesien die persoonlike voornaamwoord en lidwoord in die sin egter Afrikaans is, is dit waarskynliker dat die Afrikaanse negativeringspartikel in 'n konstruksie ([Subj aux ADV.NEG_(Afr) PREP ART x]) waarvan die MT Nederlands is, ontbreek.

In konstruksie (38) kan 'n soortgelyke verskynsel waargeneem word:

(38) Karien (3;4-3;6) *Ik wil dit **nie** aandoen.*⁶⁷

In hierdie gebruiksepisode is daar ook slegs van die negativeringsbywoord gebruik gemaak, maar die MT van hierdie gebruiksepisode is Nederlands en nie Afrikaans nie. In plaas daarvan

⁶⁷ Toegegee, (38) kan ook waarskynlik geïnterpreteer word as 'n geval van leksikale vervanging, spesifiek 'n NIK, maar dit is vir die doeleindes van hierdie studie nuttig om die negativeringskonstruksies saam te kluster en te bespreek, aangesien die negativeringskonstruksie vrugbare gronde vir verdere ondersoek is.

dat die Nederlandse negativeringsbywoord (*niet*) gebruik is, is die Afrikaanse negativeringsbywoord (*nie*) gebruik: [Subj aux x ADV.NEG_(Afr) V].


4.3 Hoofstuksamevatting en diakonstruksienetwerk

Die doel van hierdie hoofstuk was om aan te toon hoe die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme 2;3 en 6;4 lyk. Ten einde hierdie doel te bereik, is die respondente se gebruiksepisodes wat beide Afrikaans en Nederlands bevat, aan die hand van diasistematiese konstruksiegrammatika (DiaKxG) geanaliseer en beskryf.

In Figuur 11 word die onderskeie diakonstruksies wat in voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse respondente tussen die ouderdomme van 2;3 en 6;4 se diakonstruktikon voorkom, visueel voorgestel in die vorm van 'n diakonstruksienetwerk. Voorbeelde wat frekwenter is (meer as twee keer in die datastel voorkom), is dikker omlin as die ander nodes op dieselfde vlak. Kolstippellyne dui op ooreenkomste tussen verskillende nodes op 'n meer abstrakte of skematiese vlak. So byvoorbeeld toon 'n konstruksie soos [een toetje]_N onder NIK's ooreenkomste met 'n voorbeeld soos [logeerkamer]_N onder NK's, aangesien beide konstruksies as een naamwoord gestoor en gebruik word.

Hoewel hierdie diakonstruksienetwerk nie as 'n voorstelling van alle voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme 2;3 en 6;4 se diakonstruktikons gesien kan word nie, is dit steeds waarskynlik dat sommige van hierdie diakonstruksieskemas, veral dié wat meer prototipies is, ook in ander voorskoolse kinders wat Afrikaans en Nederlands grootgemaak word, se taalgebruik vergestaltung kan vind (kyk 5.3 vir 'n bespreking).

Hierdie skema bly egter 'n beskrywing van die datastel vir hierdie studie, maar kan as hipotese vir verdere navorsing dien. Verdere navorsingsmoontlikhede kom in 5.4 aan bod.



Figuur 11: Diakonstruksienetwerk van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en toekomstige navorsing

5.1 Inleiding

In Hoofstuk 1 is aangetoon dat tweetalige eerstetaalverwerwingsnavorsing (TETV-navorsing), spesifiek navorsing wat nouverwante taalpare ondersoek, taamlik beperk is. Hoewel enkele studies al uitgevoer is oor etlike verskynsels tydens die TETV-proses, onder andere kodewisseling, ondersoek dié studies merendeels onverwante taalpare. Ná 'n omvattende literatuurondersoek is die gevolgtrekking gemaak dat 'n ondersoek na die wyse waarop kodewisseling deur voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders aangewend word, 'n onontgonne leemte in die bestaande vakliteratuur is. Aan die hand van dié navorsingsleemte is 'n studie onderneem om te bepaal hoe die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders lyk, ten einde dit beter te verstaan.

Benewens die feit dat hierdie navorsing poog om die leemte met betrekking tot taalverwerwingsnavorsing oor Afrikaans-Nederlands as nouverwante taalkombinasie in Suid-Afrika te vul, kan hierdie navorsing ook belangrik geag word vir ouers van tweetalige, voorskoolse kinders – nie net noodwendig Afrikaans-Nederlandse kinders nie, maar tweetalige kinders in 'n algemene sin, veral in die meertalige Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie navorsing behoort aan ouers en onderwysers van tweetalige kinders iets te openbaar oor dié kinders se vroeë taalgebruik, taalontwikkeling en hul kognitiewe organisering van hul verskillende taalsisteme. Alle tweetalige kinders gaan onteenseglik deur 'n fase waar hulle tussen hul eerste tale wissel en diakonstruksies gebruik, en dit help hulle om hul kommunikatiewe en algehele taalvaardighede te ontwikkel. Dit is dus belangrik dat ouers en onderwysers van voorskoolse, tweetalige kinders kennis dra van die voordele van die gebruik van kodewisseling en diakonstruksies as kommunikatiewe instrumente, sodat dit korrek bestuur kan word.

Diasistematiese konstruksiegrammatika, oftewel DiaKxG, is as teoretiese vertrekpunt vir die studie geïdentifiseer, vanweë dié teorie se geskiktheid om die taalgebruik van twee- of meertaliges te analiseer en beskryf. Die volgende navorsingsvrae is gestel:

1. Wat behels die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 en 6;11?
2. Watter insig(te) bied DiaKxG vir die analise en beskrywing van die kodewisseling in voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen die ouderdomme van ongeveer 2;0 en 6;11 se spraak?

Ten einde dié vrae te beantwoord, is gebruiksgebaseerde taaldata van agt voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders (ouderdomme 2;3 tot 6;4) wat in Suid-Afrika woonagtig is, ingesamel deur die ouerverslagmetode te gebruik. Dit beteken dat die ouers (korrespondente) hul voorskoolse kinders (respondente) se uitings wat Afrikaans-Nederlandse kodewisseling bevat, in 'n dagboek opgeteken het. Nadat toepaslike data ingesamel is, is dié data aan die hand van bepaalde kategorieë geannoteer, waaronder die matrikstaal van die uitings, die woordsoort(e) wat telkens vervang is en die grammatikale vlak waarop die kodewisseling plaasgevind het.

Aangesien ongeveer 90-95% van die Afrikaanse leksikon van Nederlands afkomstig is (Bosman, 2013), deel Afrikaans en Nederlands uiteraard baie ooreenkomste. Daarom was dit nodig om die verskille tussen hierdie twee nouverwante tale deeglik tydens die data-annoteringsfase uiteen te sit. Hierdie operasionalisering is gedoen aan die hand van drie tipes kognate, te wete nie-identiese kognate (NIK's), nonkognate (NK's) en valse vriende (VV's). Daar is in totaal 123 gebruiksepisodes vir die studie geannoteer; slegs die uitings waarvan die matrikstaal geïdentifiseer kon word (n=120), is by die analyses in Hoofstuk 4 ingesluit.

In hierdie hoofstuk word bepaal tot watter mate daarin geslaag is om die navorsingsvrae te beantwoord. Die belangrikste bevindinge, gevolgtrekkings en insigte word bespreek, gevolg deur 'n uiteensetting van toekomstige navorsingsmoontlikhede.

5.2 Wat behels die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders?

Eerstens sien ons dat die **meerderheid** van die gebruiksepisodes wat vir hierdie studie geanaliseer is, se **matrikstaal Afrikaans** is. Van die 123 gebruiksepisodes is 94 se matrikstaal

(MT) as Afrikaans gemerk, 26 as Nederlands en drie as ONSEKER. Dit beteken dat meer as tweederdes van al die gebruiksepisodes in Afrikaans gestruktureer is en dat Afrikaanse leksikale items in hierdie gevalle met Nederlandse leksikale items vervang is. In 4.2.1 is 'n aantal moontlike verklarings vir hierdie verskynsel bespreek en opgeweeg. Die hipotese wat samevattend gestel is, is dat daar waarskynlik 'n dominante taal onder die respondente ter sprake is en dat leksikale items van die onderdanige taal gebruik word om leemtes in die dominante taal se leksikon te vul. Gegewe die oorwegende getal Afrikaanse gebruiksepisodes, sowel as die feit dat die studie slegs Suid-Afrikaanse respondente betrek het, is dit waarskynlik dat Afrikaans die dominante taal is. Dit is egter ook wel moontlik dat Nederlands eintlik die dominante taal is, maar dat die respondente nie so gereeld van kodewisseling gebruik maak wanneer hulle Nederlands praat nie. Gegewe die huidige datastel is daar egter nie 'n wyse om vas te stel welke een van die twee tale die dominante taal is nie. Derhalwe sou die **dominantetaalhipotese** in verdere navorsing in meer diepte ondersoek kon word.

Tweedens is dit opmerklik dat al 120 gebruiksepisodes in die datastel voorbeelde van **intrasinkodewisseling** is – dit wil sê wisseling van (n) leksikale item(s) binne dieselfde woord, frase of sin. Die feit dat al die gebruiksepisodes voorbeelde van intrasinkodewisseling is, sluit aan by bogenoemde dominantetaalhipotese, wat stel dat kinders leksikale items van hul onderdanige taal in hul dominante taal gebruik om sogenaamde gapings in die dominante taal se leksikon te vul.

Derdens is dit opvallend dat 118 van die 120 gebruiksepisodes as gevalle van **morfoleksikale vervanging** geannoteer is. In hierdie studie verwys morfoleksikale vervanging na die gebruik van 'n leksikale item en/of morfeem in die ingebedde taal (IT) in die plek van 'n leksikale item / morfeem in die matrikstaal (MT). In die meerderheid van hierdie gevalle is **leksikale vervangings van enkelwoorde** van die een taal (hoofsaaklik Afrikaanse leksikale items) met 'n enkelwoord in die ander taal (hoofsaaklik Nederlandse leksikale items) vervang.

In samehang met die enkelwoordvervangings is daar ook enkele gevalle waar **suffikse** ter sprake is. In totaal is 24 gevalle van suffigering onder nie-identiese kognate, nonkognate en valse vriende geannoteer. In die meerderheid van dié gevalle is die Nederlandse morfologie saam met 'n Afrikaanse stam gebruik om 'n leksikale item te vorm wat 'n kognaat in die ander

taal is, soos *boekje*, *fietsen*, *korte*, *noemde*, en so meer. In sommige ander gevalle is 'n Nederlandse suffiks saam met 'n Afrikaanse stam gebruik om 'n leksikale item te vorm wat nie in een van die tale bestaan nie, soos *inhandig-en* (kyk ook die bespreking oor diakonstruksionele suffigering by 5.3 hier onder).

Vierdens is daar **geen kodewisseling binne komposita in die datastel nie**; komposita is as **enkelnaamwoordeenhede** gestoor en oorgeneem. (Kyk ook die bespreking by 5.3 hier onder.)

In die vraelys het die eerste korrespondent egter die volgende opmerking gemaak toe daar gevra is of Zander vandat hy begin praat het, duidelik onderskeid tussen sy eerste tale kon tref: “Hy het [hoofsaaklik] Afrikaans gepraat, met elke nou en dan [n] Nederlandse woorde tussendeur of [n] vermenging [van die twee] (*autokar*, *bottelfles*).” Hieruit blyk dit dat dié respondente wel (toutologiese) komposita gebruik het toe hy jonger was, maar dit vermoedelik nie meer gebruik nie. Die feit dat daar ook geen komposita onder die jonger respondente (waarvan die jongste 2;3 was) vir hierdie studie gerapporteer is nie, kan moontlik dui op die feit dat kinders dié tipe komposita slegs gebruik as hulle jonger is. Daar is egter slegs een opmerking hieroor gemaak, en hierdie fenomeen sal in verdere navorsing in meer diepte ondersoek kan word.

Vyfdens is **naamwoorde** in die meerderheid van die gebruiksepisodes ($n=57$) vervang. Hierdie bevinding sluit aan by relevante vakliteratuur oor kinders, sowel as tweetalige volwassenes se kodewisseling wat stel dat naamwoorde meer as enige ander woordsoortkategorie vervang word. Soos in 4.2.1 aangetoon is, word daar in die vakliteratuur gespekuleer oor die redes hiervoor. Die vernaamste rede is naamwoorde se herroeplikheid, asook die feit dat naamwoorde konseptueel meer geïntegreerd in enige gegewe sin is. Die feit dat naamwoorde meer deur kodewisseling as enige ander woordsoort beïnvloed word, kan ook toeskryfbaar wees aan hul legio referensiële funksies (Matras, 2009:168). Met ander woorde, aangesien naamwoorde alle objekte, persone en sake etiketteer of benoem en hulle in baie hoë frekwensies in gesproke taal voorkom, is hulle toegankliker op 'n leksikale vlak in vergelyking met ander woordsoorte.

Die eerste navorsingsvraag kan dus soos volg beantwoord word:

1. Die kodewisseling van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders tussen 2;3 en 6;4:
 - (i) word meestal in **Afrikaans** gestruktureer, met Nederlandse leksikale items wat

telkens Afrikaanse leksikale items vervang;

- (ii) vind binne dieselfde **woord, frase of sin** plaas;
- (iii) betrek merendeels **enkelwoorde** op die **leksikale vlak**;
- (iv) bevat enkele gevalle waar 'n **Afrikaanse stam** saam met 'n **Nederlandse suffiks** gebruik is;
- (v) bevat **nie enige kodewisseling binne komposita nie**; en
- (vi) beïnvloed **naamwoorde** meer as enige ander woordsoort.

5.3 Watter insig(te) bied DiaKxG vir die analise en beskrywing van voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders se kodewisseling?

DiaKxG is op die beginsels van tradisionele konstruksiegrammatikabenederings gebaseer en word spesifiek gebruik om meertalige konstruksies, wat voortspruit uit taalkontaksituasies, te analiseer. DiaKxG is 'n resente teorie wat nog net in 'n klein aantal studies as teoretiese raamwerk gebruik is; derhalwe is die hoeveelheid beskikbare navorsing daaroor redelik beperk. Dié teorie is ook nog net aangewend in twee studies wat Afrikaans as een van die betrokke tale ondersoek (Colleman, 2018; Van Rooy, 2021 – beide in Engels geskryf), maar nog nie in 'n studie wat die taalverwerwing van Afrikaans-Nederlandse kinders ondersoek nie. Gevolglik is DiaKxG in hierdie verhandeling in Afrikaans oopgeskryf en vir die eerste keer as beskrywingsraamwerk in 'n TETV-studie wat Afrikaans-Nederlands ondersoek, gebruik.

Daar is ook telkemale na idiokonstruksies (taalspesifieke konstruksies) verwys wat met mekaar in verband gebring word, ten einde 'n diakonstruksie (taalonspesifieke konstruksie) daar te stel. Hierdie diakonstruksies word in die kinders se diakonstruktikons gevestig deur eers idiokonstruksies met mekaar in verband te bring (deur middel van intertaalidentifikasie), waarna daar oor hierdie konstruksies heen geabstraheer word om abstrakter konstruksies in die diakonstruktikon te vestig. In hierdie verhandeling is 'n aantal belangrike en/of interessante bydraes tot die verstaan van TETV gemaak.

Eerstens is die term *diakonstruksionele suffigering* daargestel as 'n nuutskepping om te verwys na gevalle waar 'n stam van een taal en 'n suffiks van 'n ander taal saam gebruik word om 'n diakonstruksie te vorm, byvoorbeeld in die geval van *inhandig-en*. Daar is egter slegs vier gevalle van diakonstruksionele suffigering in die datastel opgemerk, boonop slegs gevalle waar Nederlandse suffikse saam met Afrikaanse stamme gebruik is, en nie omgekeerd nie (kyk die derde punt in afdeling 5.2 hier bo). Hierdie spreiding van die data is moontlik 'n kenmerk van die spesifieke datastel, en is derhalwe 'n verskynsel wat in ander datastelle van Afrikaans-Nederlands of ander tale verder ondersoek kan word.

In aansluiting by hierdie wanbalans in die spreiding van die data, is daar in hierdie studie duidelike bewyse van 'n **dominante taal**. Hoewel DiaKxG nie noodwendig melding van die teenwoordigheid van 'n dominante taal maak nie, word dit tóg in hierdie studie duidelik opgemerk. Toegegee, dit kan moontlik die gevolg van 'n tekortkoming ten opsigte van die tipe data of data-insamelingsmetode wees (soos uitvoerig in 4.2.1 bespreek), maar dit lewer nietemin vrugbare gronde vir verdere ondersoek vanuit 'n DiaKxG-perspektief.

Tweedens bied (Dia)KxG vir ons 'n verklaring vir die voorkoms van naamwoordelike frases in een taal, soos [Nederlandse school]_N en [mooie auto]_N, wat as **naamwoordeenhede** in 'n ander taal gebruik word. In 4.2.1.1 en 4.2.1.2 is geargumenteer dat hierdie verskynsel moontlik verband hou met die feit dat die woorde in sulke frases gereeld saam gebruik word, en dat dit derhalwe as een naamwoordkonstruksie in die diakonstruktikon gestoor word.

Derdens was dit moontlik om, aan die hand van die verskeie konstruksies wat gedurende die studie geïdentifiseer is, 'n **konstruksienetwerk (Figuur 11) te postuleer** wat ons 'n greep gee van die interaksies tussen die verskillende konstruksies wat in voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse kinders se diakonstruktikon teenwoordig is. Ofskoon hierdie studie slegs agt voorskoolse respondente se kodewisseling ondersoek het, word daar deur Traugott en Trousdale (2013) voorsiening gemaak vir veralgemenings in dié verband:

[...] innovations are features of individual knowledge, and as such are manifest in the networks of individuals, while changes must be shared across individual networks in a population [...] innovations may be one-offs or idiosyncrasies of a particular speaker or hearer, which are manifest in individual networks. These are not 'changes' at a population

level. However, if modifications to meaning or form are replicated in attested data we may conclude that the innovations in question have been adopted by other speakers in a social network and have ‘played out’ across usage in that social network, in other words that the innovations in individual minds have led to conventionalized ‘changes’ in more than one individual mental network. (Traugott & Trousdale, 2013:46; eie beklemtoning)

Traugott en Trousdale (2013:46) sê dat indien bepaalde konstruksionaliseringspatrone meer as een keer in data voorkom, die gevolgtrekking gemaak kan word dat hierdie patrone ook in die konstruksienetwerke van ander sprekers in dieselfde sosiale netwerk voorkom. Met ander woorde, indien dieselfde mikrokonstruksies (individuele konstruksietipes op die mikrovlak) **meer as een keer** in dieselfde datastel voorkom, kan die **veralgemening** gemaak word dat soortgelyke/dieselfde konstruksies waarskynlik ook in die diakonstruktikons van anders sprekers van dieselfde (meertalige) spraakgemeenskap voorkom.

Volgens Goldberg (2019:13-14) hoef ’n konstruksie egter slegs **één keer** voor te kom om veralgemenings daarvoor te kan maak, aangesien die eerste interaksie met ’n konstruksie reeds ’n sogenaamde geheuespoor (“*memory trace*”) agterlaat. Dié konstruksie word dus in die geheue gevestig en versterk deur verdere blootstelling daaraan:

*[Even] a single initial encounter with a word can potentially leave a memory trace of its use [because] if no memory trace could exist after a single exposure, then the second time the word was encountered would be [...] the same as the first time. But then no memory trace of the word would be left upon this second encounter. This situation could be repeated ad infinitum without any memory trace of the meaning being retained. If this were the case, we would be utterly unable to learn any words. Therefore, it must be possible for an **initial memory trace to exist** [...] for it to be **strengthened upon subsequent exposure**.* (aangepas uit Goldberg, 2019:13-14; eie beklemtoning).

5.4 Toekomstige navorsingsmoontlikhede

Met betrekking tot toekomstige ondersoekwerk sou ’n eerste opsie wees om **pragmatiese effekte** in die kodewisseling van (voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse) kinders te bepaal. In die datastel is daar slegs een voorbeeld van moontlike pragmatiese beïnvloeding: *Kijk, die oom*

heeft een gekke broek aan! Waar *oom* as 'n beleefdheidsvorm in Afrikaans gesien word en sosiolinguistiese en pragmatiese redes die gebruik van hierdie vorm bepaal, verwys dit in Nederlands eksklusief na 'n familielid. Volgens Hoffman (2019:120) vorm *oom* deel van 'n groep beleefdheidsreëls (soos deur die samelewing bepaal) wat deur Afrikaanssprekende individue in die Afrikaanse gemeenskap aangeleer word; kinders leer dit gewoonlik by hul ouers wat ook in hierdie gemeenskap grootgeword het. Omdat daar egter slegs 'n enkele voorbeeld voorgekom het, is hierdie kategorie as sodanig nie by die bespreking van die data in Hoofstuk 4 ingesluit nie en is hierdie geval slegs as 'n voorbeeld van VV-vervanging geannoteer. Dit bied dus die moontlikheid vir toekomstige navorsing om die omvang van die invloed van pragmatiese eienskappe op die kodewisseling van (voorskoolse, Afrikaans-Nederlandse) kinders te bepaal.

In die tweede plek kan 'n studie wat **voorskoolse, Afrikaanssprekende kinders se verwerwing van die dubbelnegativeringskonstruksie** ondersoek, uitgevoer word. In 4.2.2 is die gebrek aan die dubbelnegativeringskonstruksie – moontlik onder Nederlandse invloed – aan die hand van een Afrikaanse geval in die datastel bespreek. Aangesien daar nog slegs enkele studies onderneem is wat die ouderdom of wyse ondersoek waarop hierdie konstruksie onder Afrikaanssprekende kinders verwerf word, is dit moeilik om hierdie invloed voldoende te verreken of bespreek.

Daar kan dus in toekomstige ondersoekwerk na tweetalige kinders se verwerwing van die **dubbelnegativerings- en ander naasliggende konstruksies**, soos *mooi* teenoor *mooie*, gekyk word. 'n Vergelykende studie kan uitgevoer word wat byvoorbeeld 'n Afrikaanse groep, Nederlandse groep en Afrikaans-Nederlandse groep respondente betrek om hierdie verskynsel te ondersoek. 'n Studie van dié aard kan moontlik vir ons dieper insig gee in die organisering van die diakonstruktikon, asook die interaksie van dié diakonstruktikon met idiokonstruktikons.

Verder kan daar in die derde plek 'n **vergelykende studie van werkwoordsisteme** uitgevoer word, ten einde te verklaar waarom so min werkwoorde teenoor naamwoorde gewissel is, asook om die bewerings wat in hierdie studie gemaak is, te valideer. Daar kan dus 'n vergelykende studie gedoen word met die datastel vir hierdie studie en byvoorbeeld Van Dulm (1999) se

CHILDES-data⁶⁸ – wat van woordsoortetikette voorsien is en die aanleer en verspreiding van verskillende woordsoorte dokumenteer – om die bevindinge en metode vir die huidige studie te valideer.

In die vierde plek kan 'n **soortgelyke studie met deelnemers woonagtig in die Lae Lande** uitgevoer word en die bevindinge van hierdie studie dan daarmee vergelyk word. Met 'n vergelykende studie kan byvoorbeeld moontlike uitklaring oor die merkwaardige prominentheid van Afrikaanse uitings in hierdie datastel – waarskynlik omdat die Suid-Afrikaanse respondente hulself daaglik in 'n grotendeels Afrikaanse konteks bevind – verkry word. Met ander woorde, deur hierdie twee datastelle te vergelyk, kan die dominantetaalhipotese getoets word om vas te stel of die Lae Landse respondente merendeels Afrikaanse leksikale items in hoofsaaklik Nederlandse uitings gebruik, al dan nie.

Laastens is daar telkemale in die verhandeling na die **gebrek aan fonologiese data verwys**. Aangesien daar nie spraakdata vir hierdie studie ingesamel is nie, is dit onmoontlik om die volledige impak van segmentele eienskappe (soos 'n konsonant of vokaal) of suprasegmentele eienskappe (soos intonasie, tempo, klem, binding en ritme), indien enige, te bepaal en daarvoor verslag te lewer. Deur die loop van die studie is daar ook telkens na die belang van fonologiese data verwys om die taal van verskillende leksikale items – veral identiese en nie-identiese kognate in twee sulke nouverwante tale soos Afrikaans en Nederlands – te bepaal. Een wyse waarop dit gedoen kan word, is om oudiovisuele data, soos video-opnames, te gebruik om die taal van bepaalde leksikale items in die geskrewe data te verifieer. In toekomstige navorsing, ook vir ander nouverwante taalpare, soos Deens, Noors en Sweeds; Setswana en Sepedi; of isiZulu en isiXhosa, kan dus ondersoek word hoe sulke oudiovisuele data as deel van en in samehang met die ouerverslagmetode ingesamel kan word, byvoorbeeld deur middel van 'n slimfoontoepassing.

⁶⁸ Van Dulm (1999) se korpus bevat die taaldata van twee respondente tussen die ouderdom 1;6 en 3;0 wat Afrikaans as eerste taal verwerf.

Bronnelys

- Abbot-Smith, K. & Tomasello, M. 2006. Exemplar-learning and schematization in a usage-based account of syntactic acquisition. *The Linguistic Review*, 23(1):275-290.
doi:10.1515/TLR.2006.011
- Almurashi, W.A. 2016. An introduction to Halliday's systemic functional linguistics. *Journal for the Study of English Linguistics*, 4(1):70-80. <https://doi.org/10.5296/jsel.v4i1.9423>
- Alvarez, A.I. 1979. *Code-switching among bilingual children*. Boston: University of Massachusetts. (Thesis – PhD). https://scholarworks.umass.edu/dissertations_1/1371
- Arias, R. & Lakshmanan, U. 2005. Code switching in a Spanish-English bilingual child: A communication resource. In: Cohen, J., McAlister, K.T., Rolstad, K. & MacSwan, J., eds. *Conference proceedings. 4th International Symposium on Bilingualism* (ISB, 2003), Arizona State University, USA. Somerville: Cascadia Press. pp. 94-109.
- Babbie, E. 2004. *The practice of social research*. 10th ed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson Learning.
- Backus, A., Verschik, A. 2012. Copiability of (bound) morphology. In: Johanson, L. & Robbeets, M., eds. *Copies versus cognates in bound morphology*. Leiden: Brill. pp. 1-32.
- Backus, A.D. & Van der Heijden, H. 2002. Language mixing by young Turkish children in the Netherlands. *Psychology of Language and Communication*, 6(1):55-74.
- Bas, M. 2013. *Is Afrikaans-English code-mixing a preliminary stage to Afrikaans language shift to English?* Voorschoten, Netherlands: Leiden University. (Dissertation – MA).

- Boas, H.C. & Höder, S. 2018. Construction grammar and language contact: An introduction. In: Boas, H.C. & Höder, S., eds. *Constructions in contact: Constructional perspectives on contact phenomena in Germanic languages*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 5-36.
- Boas, H.C. 2013. Cognitive Construction Grammar. In: Hoffmann, T. & Trousdale, G., eds. *The Oxford handbook of construction grammar*. Oxford: Oxford University Press. pp. 233-254.
- Bolonyai, A. 2000. “Elective affinities”: Language contact in the abstract lexicon and its structural consequences. *International Journal of Bilingualism*, 4(1):81-106.
<https://doi.org/10.1177/13670069000040010601>
- Booij, G. 2019. The role of schemas in construction morphology. *Word Structure*, 12(1):385-395. doi:10.3366/word.2019.0154
- Bosman, E. & Blom, E. 2019. A code-switching asymmetry in bilingual children: Code-switching from Dutch to Frisian requires more cognitive control than code-switching from Frisian to Dutch. *International Journal of Bilingualism*, 23(6):1431-1447.
<https://doi.org/10.1177/1367006918798972>
- Bosman, N. 2013. Eenders en anders: die leksikons van Afrikaans en Nederlands in die een-en-twintigste eeu – ’n loodsstudie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(1):135-154.
- Brice, A. & Anderson, R. 1999. Code mixing in a young bilingual child. *Communication Disorders Quarterly*, 21(1):17-22. <https://doi.org/10.1177/152574019902100103>
- Brink, R.C. 2017. *Afrikaanssprekende kinders se eerste vorm-betekenis-passings*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – MA).
<http://hdl.handle.net/10394/25206>

- Brink, N., Fouché, N., Kapp, S., Erasmus, C., Breed, A. & Van Huyssteen, G. 2020. "Woordsoorte". *Taalonderrigportaal*. Virtuele Instituut vir Afrikaans. https://viva-afrikaans.org/portale/taalonderrigportaal?link=Afdeling-Woordsoorte%2FAAG_Woordsoort_Inleiding.html Datum van gebruik: 18 Jul. 2021.
- Brown, H.D. 2000. *Principles of language learning and teaching*. 4th ed. New Jersey, NY: Prentice Hall.
- Bybee, J. 2006. From usage to grammar: The mind's response to repetition. *Language*, 82(1):711-733. <https://doi.org/10.1353/lan.2006.0186>
- Bybee, J. 2010. *Language, usage and cognition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Campbell, R. & Wales, R. 1970. The study of language acquisition. In: Lyons, J., ed. *New horizons in linguistics*. Michigan: Penguin Books. pp. 245-259.
- Cantone, K.F. 2005. Evidence against a third grammar: Code-switching in Italian-German bilingual children. In: Cohen, J., McAlister, K.T., Rolstad, K. & MacSwan, J., eds. *Conference proceedings*. 4th International Symposium on Bilingualism (ISB 2003), Arizona State University, USA. Somerville, MA: Cascadilla Press. pp. 477-496.
- Cantone, K.F. 2007. *Code-switching in bilingual children*. Dordrecht, Netherlands: Springer.
- Chen, Y. & Rubinstein-Avila, E. 2018. Code-switching functions in postcolonial classrooms. *The Language Learning Journal*, 46(3):228-240. <https://doi.org/10.1080/09571736.2015.1035669>
- Chimbutane, F. 2013. Codeswitching in L1 and L2 learning contexts: Insights from a study of teacher beliefs in practices in Mozambican bilingual education programmes. *Language and Education*, 27(4):314-328. <https://doi.org/10.1080/09500782.2013.788022>

- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge, MA: The M.I.T. Press.
- Clark, E.V. 2009. *First language acquisition*. 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press.
- Colleman, T. 2018. Distributional assimilation in constructional semantics: On contact-related semantic shifts in Afrikaans three-argument constructions. In: Boas, H.C. & Höder, S., eds. *Constructions in contact: Constructional perspectives on contact phenomena in Germanic languages*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 143-177.
- Comeau, L., Genesee, F. & Lapaquette, L. 2003. The modeling hypothesis and child bilingual code-mixing. *International Journal of Bilingualism*, 7(1):113-126.
<https://doi.org/10.1177/13670069030070020101>
- Conti-Ramsden, G., Simkin, Z., & Pickles, A. 2006. Estimating familial loading in SLI: A comparison of direct assessment versus parental interview. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research*, 49(1):88-101. [https://doi.org/10.1044/1092-4388\(2006/007\)](https://doi.org/10.1044/1092-4388(2006/007))
- Cook, V. 2008. *Second language learning and language teaching*. 4th ed. UK: Hodder Education.
- Creswell, J.W. 2014. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications.
- Croft, W. & Cruse, D.A. 2004. *Cognitive linguistics*. NY: Cambridge University Press.
- Croft, W. 2001. *Radical construction grammar: Syntactic theory in typological perspective*. Oxford: Oxford University Press.

- Dąbrowska, E. & Lieven, E. 2005. Towards a lexically specific grammar of children's question constructions. *Cognitive Linguistics*, 16(1):437-474.
<https://doi.org/10.1515/cogl.2005.16.3.437>
- Dale, P.S., Bates, E., Reznick, J.S. & Morisset, C. 1989. The validity of a parent report instrument of child language at twenty months. *Journal of Child Language*, 16(1):239-249. <https://doi.org/10.1017/S0305000900010394>
- De Houwer, A. 1996. Bilingual language acquisition. In: Fletcher, P. & MacWhinney, B., eds. *The handbook of child language*. UK: Blackwell. pp. 219-250.
- De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2011. *Research at grass roots*. Cape Town: Van Schaik.
- Deuchar, M. & Quay, S. 1999. Language choice in the earliest utterances: A case study with methodological implications. *Journal of Child Language*, 26(1):461-475.
<https://doi.org/10.1017/S0305000999003852>
- Deuchar, M. & Quay, S. 2000. *Bilingual acquisition: Theoretical implications of a case study*. Oxford/NY: Oxford University Press.
- Diessel, H. 2015. Usage-based construction grammar. In: Dąbrowska, E. & Dijkvak, D., eds. *Handbook of cognitive linguistics*. Berlin: Mouton de Gruyter. pp. 1-24.
- Dijkstra, T., Miwa, K., Brummelhuis, B., Sappelli, M. & Baayen, H. 2010. How cross-language similarity and task demands affect cognate recognition. *Journal of Memory and Language*, 62(1):284-301. <https://doi.org/10.1016/j.jml.2009.12.003>
- Du Plessis, H. 1988. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva-uitgewers.

Ehlers, D. & Van Beek, P. 2004. *Oranje boven: Nederlands voor Zuid-Afrika*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Epps, P., Huehnergard, J. & Pat-El, N. 2013. Introduction: Contact among genetically related languages. *Journal of Language Contact*, 6(2):209-219.
<https://doi.org/10.1163/19552629-00602001>

Erasmus, C.J. 2019. *Op soek na 'n omvattende tipologiese beskrywing van modaliteit: Die Afrikaanse modale sisteem*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD).
<http://hdl.handle.net/10394/32306>

Eriksson, M. 2016. The Swedish communicative development inventory iii: Parent reports on language in preschool children. *International Journal of Behavioral Development*, 41(5):647-654. <https://doi.org/10.1177/0165025416644078>

Esen, S. 2019. *Code switching: Definition, types, and examples*.
<https://owlcation.com/humanities/Code-Switching-Definition-Types-and-Examples-of-Code-Switching#:~:text=Types%20of%20Code%20Switching,-1.&text=In%20inter%2Dsentential%20code%20switching,often%20in%20fluent%20bilingual%20speakers.&text=Different%20types%20of%20switches%20occur,and%20within%20the%20word%20level>. Date of access: 3 Feb. 2021.

Fillmore, L.W. 1989. Teachability and second language acquisition. In: Schiefelbusch, R.L. & Rice, M.L., eds. *The teachability of language*. New York, NY: Paul H. Brooks Publishing. pp. 311-350.

Fotos, S.S. 1990. Japanese-English code-switching in bilingual children. *Journal of Applied Language Teaching*, 12(1):75-98.

Fried, M. 2015. Construction grammar. In: Kiss, T. & Alexiadou, A., eds. *Syntax-theory and analysis: An international handbook*. Berlin & Boston: Mouton de Gruyter. pp. 974-1003.

Gardner-Chloros, P. 2009. *Code-switching*. New York: Cambridge University Press.

Galloway, A. 2005. Non-probability sampling. In: Kempf-Leonard, K., ed. *Encyclopaedia of social measurement: Volume 2*. Cambridge, MA: Elsevier Academic Press. pp. 859-864.

Genesee, F. & Nicoladis, E. 2006. *Bilingual first language acquisition*. In: Hoff, E. & Shatz, M., eds. *Handbook of language development*. Oxford, UK: Blackwell. pp. 1-34.

Genesee, F. 2001. Bilingual first language acquisition: Exploring the limits of the language faculty. *Annual Review of Applied Linguistics*, 21(1):153-168.

<https://doi.org/10.1017/S0267190501000095>

Ghazali, F.A. 2006. *First language acquisition vs. second language acquisition: What is the difference?*

http://usir.salford.ac.uk/22469/1/First_Language_Acquisition_Vs_Second_Language_Learning.pdf Date of access: 10 Apr. 2019.

Golberg, H., Paradis J. & Crago, M. 2008. Lexical acquisition over time in minority first language children learning English as a second language. *Applied Psycholinguistics*, 29(1):41-65. <https://doi.org/10.1017/S014271640808003X>

Goldberg, A.E. 2006. *Constructions at work: The nature of generalizations in language*. Oxford: Oxford University Press.

Goldberg, A.E. 2019. *Explain me this: Creativity, competition, and the partial productivity of constructions*. Princeton & Oxford: Princeton University Press.

- Grammal, E. 2014. *Parent questionnaire to evaluate a child's language capacity*.
https://www.verwaltung.steiermark.at/cms/dokumente/11684097_74837162/d3d90382/Elternfragebogen%2BEnglisch.pdf Date of access: 20 Feb. 2019.
- Grosjean, F. 1992. Another view of bilingualism. In: Harris, R.J., ed. *Cognitive processing in bilinguals*. New York: Elsevier Science Publishers. pp. 51-62.
- Gutiérrez-Clellen, V.F. & Kreiter, J. 2003. Understanding child bilingual acquisition using parent and teacher reports. *Applied Psycholinguistics*, 24(1):267-288.
<https://doi.org/10.1017/S0142716403000158>
- Hammer, C.S., Lawrence, F. & Miccio, A. 2007. Bilingual children's language abilities and early reading outcomes in head start and kindergarten. *Language, Speech, and Hearing Services in Schools*, 38(3):237-248. [https://doi.org/10.1044/0161-1461\(2007/025\)](https://doi.org/10.1044/0161-1461(2007/025))
- Heeringa, W., De Wet, F. & Van Huyssteen, G.B. 2015. Afrikaans and Dutch as closely-related languages: A comparison to West Germanic languages and Dutch dialects. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 47(1):1-18. <http://dx.doi.org/10.5842/47-0-649>
- Hendriks, I. 2019. *Intensifying constructions in the diasystem of Belgian French-speaking learners of Dutch*. Paper presented at the Learner Corpus Research Conference, Warsaw, Poland. <https://dial.uclouvain.be/pr/boreal/object/boreal:220132> Date of access: 19 Nov. 2020.
- Hendriks, I., Van Goethem, K. & Meunier, F. 2015. *Modelling 'constructional transfer': A comparative corpus study of morphological and syntactic intensifiers in L1 French, Dutch and L2 Dutch*. Paper presented at Morphology Days, Leuven, Belgium.
https://dial.uclouvain.be/pr/boreal/en/object/boreal%3A168434/datastream/PDF_01/view Date of access: 15 May 2019.

- Hendrikx, I., Van Goethem, K. 2018. *Intensifying constructions in the diasystem of Belgian French-speaking learners of Dutch and English*. Paper presented at the International Conference on Construction Grammar 10, Paris, France.
https://dial.uclouvain.be/pr/boreal/object/boreal%3A201268/datastream/PDF_01/view
Date of access: 22 Mar. 2020.
- Hilpert, M. & Östman, J.A. 2014. Reflections on constructions across grammars. *Constructions and Frames*, 6(2):137-142. <https://doi.org/10.1075/cf.6.2.01int>
- Höder, S. 2012. Multilingual constructions: A Diasystematic approach to common structures. In: Braunmüller, K. & Gabriel, C., eds. *Multilingual individuals and multilingual societies*. Amsterdam/PA: John Benjamins. pp. 241-258.
- Höder, S. 2014a. Constructing diasystems: Grammatical organisation in bilingual groups. In: Åfarli, T.A. & Mæhlum, B., eds. *The sociolinguistics of grammar*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 137-152.
- Höder, S. 2014b. Convergence vs. divergence from a diasystematic perspective. In: Braunmüller, K., Höder, S. & Köhl, K., eds. *Stability and divergence in language contact: Factors and mechanisms*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 39-60.
- Höder, S. 2014c. Phonological elements and Diasystematic Construction Grammar. *Constructions and Frames*, 6(2):202-231. <https://doi.org/10.1075/cf.6.2.04hod>
- Höder, S. 2018. Grammar is community-specific: Background and basic concepts of Diasystematic Construction Grammar. In: Boas, H.C. & Höder, S., eds. *Constructional perspectives on contact phenomena in Germanic languages*. Amsterdam/PA: John Benjamins. pp. 37-70.

- Höder, S. 2019. Phonological schematicity in multilingual constructions: A diasystematic perspective on lexical form. *Word Structure*, 12(3):334-352.
doi:10.3366/word.2019.0152
- Hoffman, S.M. 2019. *Tannie en oom: Die gebruik, ervarings, persepsies en houdings in die Pretoria-omgewing: 'n Gevallestudie van twee markte in Pretoria*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – MA). <http://hdl.handle.net/2263/72739>
- Hoffman, T. & Trousdale, G. 2013. Construction grammar: Introduction. In: Hoffmann, T. & Trousdale, G., eds. *The Oxford handbook of construction grammar*. Oxford: Oxford University Press. pp. 1-14.
- Horgan, J. 2016. *Is Chomsky's theory of language wrong? Pinker weighs in on debate*. <https://blogs.scientificamerican.com/cross-check/is-chomskys-theory-of-language-wrong-pinker-weighs-in-on-debate/> Date of access: 4 Mar. 2020.
- Hulk, A.C.J. & Müller, N. 2000. Bilingual first language acquisition at the interface between syntax and pragmatics. *Bilingualism: Language and Cognition*, 3(3):227-244.
<https://doi.org/10.1017/S1366728900000353>
- Hulk, A.C.J. & Van der Linden, E. 1996. Language mixing in a French-Dutch bilingual child. *Toegepaste Taalwetenschap in Artikelen*, 55(1):89-101.
<https://doi.org/10.1075/ttwia.55.08hul>
- International Cognitive Linguistics Association (ICLA). 2018. *About cognitive linguistics: Historical background*. <https://www.cognitivelinguistics.org/historical-background> Date of access: 3 Mar. 2020.
- Ipek, H. 2009. Comparing and contrasting first and second language acquisition: Implications for language teachers. *English Language Teaching*, 2(2):155-163.
doi:10.5539/elt.v2n2p155
-
-

- Isurin, L., Winford, D. & De Bot. K. 2009. *Studies in bilingualism: Multidisciplinary approaches to code switching*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
